



Skildery vir voorblad deur Hettie Erasmus ©

Copyright © by Louwrens Erasmus

Kopiereg © 2018 deur Louwrens Erasmus

Gepubliseer deur Shama Ministries 023359 NPO

Hierdie boek is gelisensieer vir eie gebruik. Indien die boek u gehe[p het in u verhouding met die HERE, vertel gerus u vriende daarvan. Verwys hulle ook na ons webtuiste by <http://www.shama.org.za/boeke> waar al my boeke en artikel gratis beskikbaar is. Dit mag dalk net iemand help in hul verhouding met die HERE.

Hierdie boek is gelisensieer vir eie gebruik. Indien die boek jou gehe[p het in jou verhouding met die HERE, vertel gerus jou vriende daarvan.

My lewe het in 1995 'n drastiese wending geneem na 'n nood operasie vir my blindedermskade. Toe ek my oë oopmaak na die operasie het die dokter my vertel dat ek baie gelukkig kan wees, aangesien hulle nie net my blindedermskade kon verwyder het nie, maar ook so 'n meter van my dunderm wat 'n kanker gewas gehad het. Indien hulle dit nie gevind het nie, sou ek heel montlik binne 'n jaar van kanker gesterf het. Nie die sort van nuus wat jy verwag nie.

So ek lei aan 'n seldsame kanker bekend deesdae as NET kanker maar was vroeër as Carcinoid bekend, en indien die gewas funksioneel was het dit Carcinoid sindroom veroorsaak. Dit is by my die geval en maak dit vir myself onmoontlik om enige beroep te kan beoefen. Dit is nou al sedert 2013 die geval.

Ek glo nie iemand is gereed om op 44 jarige leeftyd te hoor dat jy gaan sterf nie. Dit het my gedwing om seker te maak dat die dag wanneer ek my oë toemaak op hierdie aarde, ek by my verlosser en saligmaker sal wees. So al die boeke wat u hier sal vind by www.shama.org.za het ek geskryf in my soeke na dit wat vir my die sekerheid sou gee dat ek saam met Jesus, die Vader en al die gelowiges in die agste dag, die dag sonder begin en einde, sal wees.

Behalwe vir 'n klein pensioen vertrou ons dat daar wel eendag mense donasies sal skenk om ons lewens te vergemaklik, veral nadat my vrou in die tussen tyd haar eie stryd met kanker gehad het. Sy het 'n bilaterale mastektomie ondergaan, en is vandag kanker vry, maar met baie lelike operasie wonde wat dit ook onmoontlik maak om enige kuns borste te kan dra. Oor die afgelope tien jaar het ons darem al twee donasies ontvang al word die artikels en boeke teen 'n tempo van 1000+ per maand afgelaai.

Indien u 'n bydrae aan ons wil maak sodat ek die nodige mediese behandeling kan ontvang om my stryd van dertig+ jare te vergemaklik, of om vir herstel werk by haar te kan doen, het ek die nodige besonderhede hieronder aangeheg en kan u dit plaaslik of internasionaal gebruik. Gebruik u foon se kamera om die QR kode te skandeer en dan vir ons 'n bydrae te maak.

My persoonlike blog is louwrense@blogspot.com.

Facebook: <https://www.facebook.com/ShamaMinistries>



<https://buymeacoffee.com/louwrens>

Facebook: <https://www.facebook.com/pages/Louwrens-Erasmus-Shama-Ministries/305674599449922?ref=hl>

Website <https://www.shama.org.za>

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk een.....	8
Die Verklaring van Bybelse Profesieë.....	8
1. Historiese premillennialisme.....	8
2. Amillennialisme (antichiliasme)	8
3. Postmillennialisme.....	8
4. Moderne, dispensasionele premillennialisme	9
Hoofstuk twee - My interpretasie – Voorbeeld metode van geregtigheid	10
Hoofstuk drie – Openbaring 1 tot 3 - Die gesig en die briewe aan die gemeentes.....	18
Die eerste gesig.....	18
Aan Éfese.....	20
Smirna	23
Pergamus	26
Thiatire	27
Sardis	29
Filedelfia.....	30
Laodicense.....	31
Hoofstuk vier - Openbaring 4 en 5 - Die gesig van die Troon en die Lam	35
Gesig van die troon	35
Die gesig van die Lam	37
Hoofstuk vyf - Openbaring 6 - Die opmaak van die eerste ses seëls.....	38
Die eerste seël.....	39
Die tweede seël.....	40
Die derde seël.....	40
Die vierde seël.....	41
Die vyfde seël	43
Die sesde seël	43
Hoofstuk ses - Openbaring 7 - Die 144,000.....	47
Hoofstuk sewe – Agtergrond vir die res van Openbaring	50
Agtergrond vir die hoofstuk.....	50

Die verbond met Jesus.....	52
Besnydenis	53
Brood	54
Lam slag.....	54
Bloed van die Lam	55
Waar was die wet?	55
Op wie was dit van toepassing?.....	55
Watter stappe volg dan na die verbond?.....	56
Trek uit Egipte - Doop	56
Doping in die Heilige Gees	56
Ons leer tyd.....	56
Ons roeping ontvang – Gaan in Kanaän.....	56
Die paradys, en hoe lyk dit volgens die profete?.....	58
Assirië en die Kerk in Assirië.....	58
Egipte en die Kerk in Egipte.....	58
Edom en die Kerk in Edom.	59
Ammon en die Kerk van Ammon.	59
Moab en die Moabietiese kerk.	60
Filistynse Kerk.....	60
Die Kerk in Jerusalem	61
Die gebied Babel.....	61
Hoofstuk agt - Openbaring 8 en 9 – Die Basuine.....	63
Oopmaak van die 7 de seël.....	63
Nou kom ons by die 7 basuine	63
Die eerste basuin	64
Die tweede basuin	65
Die derde basuin	66
Die vierde basuin.....	66
Die vyfde basuin.....	66
Die sesde basuin.....	67
Hoofstuk nege - Openbaring 10 – Die boekie	69
Hoofstuk tien - Openbaring 11 – Die twee getuies.....	70

Hoofstuk elf - Openbaring 12 – Die aanval op die Kerk en Jesus as hoof.....	75
Hoofstuk twaalf - Openbaring 13 – Die Antichris.....	77
Hoofstuk dertien – Openbaring 14 – Die insameling van die oes	80
Hoofstuk veertien – Openbaring 15 – Die beloning vir ons as verlostes	83
Hoofstuk vyftien – Openbaring 16 tot 18 – Die oordeel oor die hoer	85
Leraar of leuenaar?.....	85
Jesaja se beskrywing van die hoer	89
Hoofstuk sestien – Openbaring 19 - Terug in die troonkamer.....	95
Hoofstuk sewentien – Openbaring 20 Die boek van die lewe, die 1000 jarige vrederyk.....	98
Hoofstuk agtien – Openbaring 21-22 Die Nuwe Jerusalem.....	100
Wat kan ons verwag in 2024?	103
Addendum 1	106
Inleiding	106
Die Dispensasies van God – Is Jou Perspektief Reg?	106
1. Die bedeling van onskuld	106
2. Die bedeling van die gewete.....	107
3. Die bedeling van menslike regerings ná die vloed.....	107
4. Die bedeling van die wet.....	107
5. Die bedeling van genade (kerkbedeling)	107
6. Die bedeling van die Antichris se regering.....	108
7. Die bedeling van die koninkryk.....	108
8. Wet en genade.....	108
Koninkryksteologie.....	110
Replik oor die standpunte genoem- ‘n Paar gedeeltes net om te wys dat daar geen verskil tussen die Jode en ons as Christene is nie.	111
Waar vind ons dat die mense die eerste keer Christene genoem is?	111
Addendum 2 - Die Verbond van Geregtigheid.....	115
‘n Nuwe teologie bring ek vir julle	115
Wat het ek gevind?.....	116
WAT BEHELS HIERDIE VERBOND?	117
STAPPE VAN VERBOND.....	119
1. BESNYDENIS.....	119

2. BROOD.....	120
3. LAM SLAG.....	121
4. BLOED VAN DIE LAM	121
5. WAAR WAS DIE WET?	121
6. OP WIE WAS DIT VAN TOEPASSING?	122
GEREGTIGHEID	122
WATTER STAPPE VOLG DAN NA DIE VERBOND?.....	123
BALLINGSKAP.....	125
GEVOLGE VAN DIE VERBOND VAN GERECHTIGHEID VIR ISRAEL	127
GEVOLGE VAN DIE VERBOND VAN GERECHTIGHEID VIR CALVINISME	131
GEVOLGE VAN DIE VERBOND VAN GERECHTIGHEID VIR DISPENSASIONELISME	133
Addendum 3	140
The Worship of Semiramis.....	140
Mother and Son Worship	140
Mother Worship.....	140
SEMIRAMIS, QUEEN OF BABYLON	143
BABYLONIAN RELIGION	146
Addendum 4	149
Die eindtyd soos gesien deur Esegïel.....	149
Hoe vergelyk ek dit.....	150

HOOFSTUK EEN.

DIE VERKLARING VAN BYBELSE PROFESIEË

Die verklaring van Bybelse profesieë is 'n onderwerp van groot omstredenheid, en Christene word na aanleiding daarvan in verskillende leerstellige skole geplaas.

As gevolg van hierdie omstredenheid word verskillende eksegetiese of verklarende beginsels vir Bybelse profesieë gebruik. Sommige daarvan wyk só ver van die grondbetekenis van die teks af dat dit die goddelike inspirasie van die Bybel in die gedrang bring.

Die volgende is die vier algemeenste teologiese benaderings tot Bybelse profesieë soos deur die Dispensasionaliste gesien.:

1. HISTORIESE PREMILLENNIALISME

Tot ongeveer die einde van die vierde eeu n.C. was historiese premillennialisme die mees algemene beskouing oor eindtydse gebeure. In terme hiervan is verwag dat daar in die eindtyd 'n Antichris sal opstaan en dat die kerk deur die tyd van verdrukking sal moet gaan. Aan die einde van die verdrukking sal die gelowige ontslapenes opstaan en saam met die lewende gelowiges na die hemel weggevoer word. Hulle sal dan dadelik, tydens Christus se wederkoms, saam met Hom terugkeer aarde toe sodat Hy die groot verdrukking kan beëindig, die Antichris en sy hordes verdelg, die oorblyfsel van Israel red en sy duisendjarige vrederyk met Jerusalem as hoofstad vestig. Almal behalwe een van die vroeë kerkvaders wat oor die profesieë geskryf het, het hierdie siening gehuldig.

2. AMILLENNIALISME (ANTICHILIASME)

Hierdie denkgang vloei voort uit die aanname dat Bybelse stellings nie letterlik opgeneem moet word nie, maar allegories of geestelik. Dié interpretasie het sy oorsprong in die Alexandrynse teologiese skool in die derde en vierde eeue gehad.

Origenes (geb. 185 n.C.) is die vader van die allegoriese interpretasie en het heelwat boeke oor die verstaan van die Bybel geskryf. Hy was egter sterk onder die invloed van die Griekse filosofie van Plato, en wou filosofies meelee maar tóg ook Christen bly.

3. POSTMILLENNIALISME

Sedert die middel van die 16^{de} eeu het 'n nuwe siening oor die vervulling van Bybelse profesieë posgevat, nl. postmillennialisme. In terme hiervan sal die wêreld gaandeweg as gevolg van evangelisasie 'n beter plek word om in te bly, en sal die millennium van die kerkbedeling uiteindelik aanbreek. Aan die einde van die "goue eeu" van 'n Christelike wêreld, sal Jesus Christus vir die finale oordeel terugkom. Volgens postmillennialiste sal daar nie 'n verdere bedeling van die koninkryk van God op aarde, met Jerusalem as hoofstad, wees nie.

Die kerkhervorming, asook die opkoms van Europese koloniale moondhede (veral die vinnige uibreiding van die Britse ryk) het die idee by sommiges laat ontstaan dat sendelinge die evangelie oor die hele wêreld sou uitdra, en dat dit uiteindelik sou lei tot 'n Christelike wêreld waarin daar reg en geregtigheid geskied. Christelike hervorming en rekonstruksionisme moet dus voortdurend plaasvind totdat hierdie ideaal bereik is.

Hierdie mense glo duidelik nie dat die wêreld geestelik en moreel ál hoe donkerder word, met relatief min wat na die smal weg oorkom, en uiteindelik op die groot verdrukking onder die bewind van die Antichris afstuur nie. Die wêreld moet beter word sodat die millennium voor die wederkoms van Christus kan aanbreek.

Verskeie postmillennialistiese groepe huldig nog steeds hierdie ideaal. Sommige van dié beweging se leiers tree tot die politiek toe in die hoop dat die Here Christene in sleutelposisies sal plaas om die wêreld vir die koninkryk van God te kan oorneem.

Ander bewegings en kerkgroepe wend hulle tot 'n bonatuurlike magspel van tekens en wonders om sodoende die wêreld aan hulle voete te kry en 'n groot herlewing tot stand te bring. Ander probeer om deur middel van strategiese geestelike oorlogvoering die vestings van Satan te verbreek en hom dan van die planeet aarde af te verdryf sodat hy die nasies nie meer kan verlei nie.

4. MODERNE, DISPENSASIONELE PREMILLENNIALISME

In dispensasionele teologie word die Bybel letterlik verklaar vanuit die perspektief van God se handeling met die mens in opeenvolgende bedelings. Die kerkdispensasie word deur die wegraping afgesluit sodat die volgende bedeling (die verdrukking van sewe jaar tydens die Antichris se regering) kan aanbreek. Omdat die verdrukking ook met goddelike oordele gepaard gaan, sal die ware kerk van Christus voor die tyd weggeneem word omdat hulle nie vir God se toorn oor die sondaars bestem is nie. 'n Voor-verdrukking-wegraping is dus 'n noodsaaklike deel van moderne dispensasionelepremillennialisme.

Premillennialisme is tot die letterlike grondbetekenis van die Skrif verbind, behalwe waar dit uit die konteks baie duidelik is dat simboliese taal gebruik word. Voorbeelde van sulke simbole is die rooi draak met sewe koppe, wat in die Bybel self as die duiwel beskryf word. Simbole het dus meestal 'n letterlike teëbeeld, soos ook die Lam wat op Christus dui. Wanneer die Bybel egter oor Israel, die Antichris, die groot verdrukking, die valse profeet, die slag van Armagédдон, die wederkoms van Christus en die binding van Satan in 'n put vir eenduisend jaar praat, is daar geen gronde hoegenaamd om hierdie begrippe simbolies of allegories te verklaar nie.

HOOSTUK TWEE - MY INTERPRETASIE – VOORBEELD METODE VAN GEREGTIGHEID

Ek wil hier begin met 'n vers wat ek dink meeste mense geen aandag aan gee nie, maar tog is dit baie belangrik. *"Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het."* (Exo 20:2) Hier vind ons dat voordat die HERE vir Israel die tien gebooe gee, Hy bekend maak dat Hy verantwoordelik is vir die feit dat hulle uit Egipte kon kom. So vir die Israeliete om dit te besef en voor dankie te sê, gee die HERE hulle riglyne van hoe hulle teenoor Hom en hul medemens moet optree. Soos Israel moet ek ook tot die besef kom dat Hy die een is wat my die geleentheid gegee het om van my sondige lewe ontslae te raak, en daarvoor sal ek ook 'n sekere lewensstyl en waardestelsel moet aanvaar. Daarvoor dat Jesus die wet saamvat met die woorde: *"En Hy antwoord hom: Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy? En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself. Toe sê Hy vir hom: Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe."* (Luk 10:26-28) So Jesus gebruik hier die voorbeeld metode om met die mense te praat, en dit is wat ek ook regdeur hierdie boek doen.

My metode verskil van die vier voorafgaande metodes aangesien ek graag wil sien dat die uitleg van enige profesie die toets van tyd moet kan deurstaan. Dit is so dat baie van die Ou Testamentiese profesieë vir 'n spesifieke tyd of gebeurtenis van toepassing was, en vir daardie gebeurtenis geskryf en van toepassing was, maar die beginsels van die profesie of geskiedenis het nie verander nie. So kan ons baie van die profete lees en sien dat dit altyd drie of vier beginsels bevat het. Daar is eerstens vir die mense verduidelik wat verkeerd was met hulle, tweedens wat hulle moes doen om te bekeer om weer guns by die HERE te ontvang, en dan laastens wat die resultate sal wees indien hulle nie gehoor gee nie, en wat die resultate sal wees wanneer hulle wel gehoor gee. Baiekeer is daar dan ook van beeldspraak gebruik, dieselfde manier wat Jesus Sy gelykenisse vir ons oorgedra het.

Nou gee Paulus vir ons verder twee baie belangrike sleutels om die Bybel mee te ontsluit wat ek vind by al die ander metodes afwesig is. In 1 Korintiërs 10 skryf hy as volg: *"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodediens soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra."* (1Kor 10:1-13)

Hier verduidelik Paulus aan die gemeente dat ons moet oplet hoe die HERE met Israel gehandel het en daaruit moet ons leer hoe Hy vandag en in die toekoms gaan optree. Ons moet onthou dat die Hebreërs skrywer die volgende skryf: *"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie."* (Heb 13:8-9) So dit bevestig dat ons Israel as voorbeeld kan gebruik om te sien wat vandag gaan gebeur indien ek verkeerd of reg doen. Om die waarheid te sê voel Paulus so sterk daarvoor dat hy die gemeente daarmee waarsku dat hulle nie in hulle eie denke moet voortgaan nie, maar moet oplet hoe die HERE met hulle gaan optree wanneer hulle dieselfde sonde doen of dieselfde optree as wat vroeër deur Israel gedoen is.

Die tweede gedeelte wat Paulus gebruik vind ons in die tweede brief aan die gemeente in Korinte. ***“En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlijkheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlijkheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan, hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie? Want as die bediening wat veroordeel, heerlijkheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlijkheid. Want wat verheerlik was, is ook in hierdie geval nie verheerlik nie, vanweë die alles oortreffende heerlijkheid. Want as wat moes vergaan, met heerlijkheid was, veel meer is wat moet bly, in heerlijkheid. Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; nie soos Moses nie, wat ‘n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie. Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar ‘n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlijkheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is.”*** (2Kor 3:7-18)

Hierdie gedeelte gee dus vir ons die betekenis dat daar by Israel en by mense van vandag nogsteeds ‘n sluier oor die Ou Testament hang. Die sluier kan slegs verwyder word wanneer ons die rede verstaan waarom Christus aarde toe gekom het. So dit plaas onmiddelik ‘n groot vraagteken oor die dispensasie model wat vroeër genoem is aangesien daar slegs twee gedeeltes in die Bybel is, die van voor Christus, en dan die na Christus. Nêrens word daar van verskillende dispensasies gepraat nie, en wanneer ons wel kyk na die dispensasies soos deur hulle gebruik, is dit arbitrêre dispensasies wat hulle gebruik, met mens gemaakte redes vir die einde van een en die begin van ‘n nuwe dispensasie.

Ek het ‘n gedeelte aangeheg as Addendum 1 wat hulle dispensasies verduidelik en soos deur hulle self beskryf is. Ek wil nie eers probeer om daaroor te skryf nie, aangesien ek geen deel wil hê aan hulle nie. Ek wil dit sommer hier vroeg baie sterk beklemtoon dat dit die lering van die Antichris is, aangesien dit leer dat Jesus nie alles volbring het wat Hy moes nie, dat die Vader en Jesus verras was dat die Jode Hom nie as die Christus aangesien het nie, en dat ons as Kerk net ‘n nagedagte was aangesien die Jode Jesus verwerp het. Ons lewe mos nou glo in “genade” tyd wat niemand voorheen van gewet het nie. Oorspronklik in die laat 1800 was daar vier dispensasies, en soos tyd verloop het is daar nog dispensasies gedefinieër, wat uiteindelik nou op sewe dispensasies staan. Hulle doen presies wat die Roomse kerk gemaak het in die 16 en 17 de eeu deur alles uit te stel na die Antichris wat volgens hulle eers baie later sal verskyn, en sodoende kan hulle nie gesien word as die Antichris lering nie. Wat hulle egter vergeet is dat dieselfde Johannes wat Openbaring geskryf het, alreeds in sy sendbriewe die Antichris beskryf het: ***“(1Jn 2:18) Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. (1Jn 2:22) Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. (1Jn 4:3) en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. (2Jn 1:7) Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.”*** Deur hulle lering dat die Joodse geloof eers Jesus moet aanvaar as hulle verlosser terwyl hulle al sedert Jesus se tyd op aarde Hom verwerp het, ondersteun hulle dus die Joodse geloof en word so as deel van die Antichris gesien aangesien die Jode nie Jesus as die Messias bely nie. ***“Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar ‘n volle loon ontvang. Elkeen wat ‘n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun. As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie. Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke.”*** (2Jn 1:8-11) Dit is aangeheg as Addendum 2.

Verder het die Jode al vroeg in Jesus se bediening die geleentheid gehad om Jesus as die Christus te erken en te sien. Jesus stel dit as volg: ***“Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in ‘n stad van die Samaritane nie; maar gaan liever na die verlore skape van die huis van Israel. En gaan preek en sê: Die***

koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee. Moenie vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaf nie; geen reissak vir die pad of twee kledingstukke of skoene of 'n stok nie; want die arbeider is sy voedsel werd. En in watter stad of dorp julle ook al mag ingaan, ondersoek wie daarin waardig is, en bly dáár totdat julle vertrek. En as julle die huis ingaan, groet dit; en as die huis dit waardig is, laat julle vrede daarop kom, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer. **En as iemand julle nie ontvang nie en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af. Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorraverdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad.** Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in; wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe. Maar pas op vir die mense; want hulle sal jul oorlewer aan regbanke, en in hulle sinagoges sal hulle julle gésel. En ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word om My ontwil tot 'n getuienis vir hulle en vir die heidene." (Mat 10:5-18)

Hier leer ons dat Jesus die dissipels uitstuur na Israel om hulle van Hom te vertel. Nie net te vertel nie, maar ook om in wonders en tekens te beweeg om die volk so te oortuig dat Jesus die Christus is. Het hulle geluister? Nee, hulle het Hom gekruisig. Nou vertel Jesus hulle ook wat sal gebeur met die wat dit nie aanvaar nie: **"Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad"**. Nou kom die mense wat die leer van dispensasionalisme aanhang dat die Jode weer die geleentheid moet kry omdat hulle nie geweet het dat Hy die Christus is nie. Nou wonder ek maar net. Indien daar in ons land skielik 12 persone van stad na stad gaan en siekes genees, wonders doen en vra dat die mense in Jesus moet glo, neem ek aan dat ons almal daarvan sou geweet het, veral as ons daaraan dink dat die mense in redelik hegte verhoudings saam geleef het. En dan behalwe dat Hy Sy dissipels uitgestuur het, het Hy self geleer in die tempel en het almal geweet van Hom wat orals geleer het.

Volgens die dispensasionaliste is daar nog vyf onvoltooide items wat Jesus moet kom doen, want Hy het dit nie gedoen toe Hy op aarde was nie. Volgens hulle moet Hy nog Daniel se profesie kom volbring : **"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf."** (Dan 9:24) Dit is presies wat Jesus kom doen het, maar die volgelingen se konings beweer dat dit nie gedoen is nie. Nou wonder ek net wat Jesus dan kom doen het. Hulle sal wel uitvind wanneer die laaste seël oopgemaak word. Dan beweer hulle verder dat die Heilige Gees vir die eerste keer op mense gekom het met die uitstorting op die dissipels en dat ons glad nie moet dink dat die Heilige Gees in die Ou Testament al bekend en besig was nie. Maar, nou vra Dawid in Psalms 51 die volgende: **"Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees. Ek wil die oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer."** (Psa 51:10-13) **Hulle bou hulle geloof op hulle geloof, en nie op die Bybel en Christus as hoeksteen nie. Hulle hoekstene is Darby en en Scofield.** Maar genoeg oor die Antichris aangesien ons later in die boek daarna sal kyk.

Nou kan ons dus lig werp op die boek van Openbaring deur na te speur of daar dalk vir ons in die Ou Testament sleutels is wat ons kan gebruik om die Openbaring van Johannes mee te ontsluit. 'n Vinnige soek deur die Ou Testament na die gedeeltes wat wys wat op die einde van die daesal gebeur, of in die laaste dae gebeur, gee somer vinnig vir ons 'n hele paar leidrade. Leidrade wat ek verseker sal gebruik in die res van hierdie boek. Die interessantheid van die gedeeltes is dat die eerste verwysing somer al in die eerste boek van die Bybel gebruik word. Hulle lui as volg: **"(Gen 49:1) Daarna het Jakob sy seuns geroep en gesê: Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar. (Num 24:14) En nou, kyk, ek gaan na my volk toe. Kom, ek sal jou inligting gee, wat hierdie volk jou volk sal aandoen aan die einde van die dae. (Deu 4:30) As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister. (Deu 31:29) Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle beveel het, sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg. (Isa 2:2) En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top**

van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. (Jer 23:20) Die toorn van die HERE sal nie afgewend word nie, totdat Hy uitgevoer en tot stand gebring het die raadslae van sy hart; aan **die einde van die dae** sal julle dit duidelik verstaan. (Jer 30:24) Die toornloed van die HERE sal nie afgewend word nie, totdat Hy uitgevoer en tot stand gebring het die raadslae van sy hart; aan **die einde van die dae** sal julle dit verstaan. (Jer 48:47) Maar aan **die einde van die dae** sal Ek die lot van Moab verander, spreek die HERE. Tot sover die oordeel van Moab. (Jer 49:39) Maar aan **die einde van die dae** sal Ek die lot van Elam verander, spreek die HERE. (Eze 38:16) en jy sal optrek teen my volk Israel soos 'n wolk om die land te oordek. Aan **die einde van die dae** sal dit wees—dan sal Ek jou teen my land laat aankom, sodat die nasies My kan ken as Ek My in jou, o Gog, voor hulle oë as die Heilige laat ken. (Dan 2:28) Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnézar bekend gemaak wat aan **die einde van die dae** sal gebeur. U droom en die gesigte van u hoof op u bed was dit: (Dan 10:14) Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat jou volk aan **die einde van die dae** te beurt sal val, want die gesig sien nog op die verre toekoms. (Dan 12:13) En jy, gaan heen na die einde; en jy sal rus en weer opstaan tot jou bestemming aan die einde van die dae. (Mic 4:1) En aan **die einde van die dae** sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. (2Pe 3:3) Dit moet julle veral weet, dat daar aan **die einde van die dae** spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel.”

‘n Soorgelyke soek na die term, laaste dae, lewer die volgende resultate: “En in die **laaste dae**, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. (Hand 2:17) Maar weet dit, dat daar in die **laaste dae** swaar tye sal kom. (2Ti 3:1) Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie **laaste dae** tot ons gespreek deur die Seun (Heb 1:1) Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die **laaste dae**.” (Jak5:3)

Wanneer ons ook na die Bybel kyk sien ons dat daar altyd twee opsies is wat reg deur die Bybel gebruik word. Wanneer ons begin by Adam, vind ons dat die sondeval deur die eerste Adam gekom het, maar dat Jesus as die tweede Adam dit kom herstel het. Soos die val deur een persoon, Adam, veroorsaak is, so moes dit deur een persoon, Jesus Christus, weer voor betaal word sodat elkeen wat glo vrygespreek kan word. Een voorbeeld wat ons reg deur die Bybel kry, is dat die eerste, of menslike besluit, altyd verwerping bewerk het, terwyl die tweede altyd die Goddelike oplossing wys. Soos genoem het, die eerste Adam het die val bewerkstellig, en Christus as die tweede Adam, het die verlossing gebring. So sien ons dit tussen Kain en Abel, Ismael en Isak, Esau en Jacob, die eerste tablette met die wet wat slegs vir Israel was maar deur hulle verbreek is deur afgodery met die goue kalf by Sinaï, en dus die tweede tablette wat vir ons almal, die hele mensdom sal geld. So is Saul ook as eerste koning gesalf en aangestel omdat Israel die HERE verwerp het en het hy ook verkeerd gedoen het en is deur die HERE onttroon terwyl Dawid as tweede koning gesalf en aangestel is en wat vriend van die HERE was. Al die ander konings na Dawid is deur mense aangestel en nie een van die hulle is weer deur die HERE aangewys nie. So geld dit ook vir Israel en Kerk vandag, met Israel wat eersteling was en deur die HERE as Sy gesalfde volk geleef het maar Christus verwerp het, en is ons as Kerk die volmaakte oplossing van die Vader daar gestel sodat elkeen wat glo in Christus, gered is en sal word. Die eerste geregtigheid was die onderhouding van die wet (*En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het Deut 6:25.*) en die tweede geregtigheid, Jesus Christus as verbondsoffer. “Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. (Rom 10:3-5) “In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.” Jer 23:6

Hierdie is vir my seker die boek wat ek die langste aan gedraai het voordat ek dit kon begin skryf. Ek neem aan almal sal dadelik sê dat dit 'n skrywers blokkasie is of so iets, maar vir my was dit regtig nie moeilik om die geheel beeld te sien en verstaan nie, maar om hierdie boodskap so eenvoudig as moontlik te kan oordra. Wat seker die moeilikste was, was om dit wat ek van die profete geleer het en verstaan het, in 'n Nuwe Testamentiese konteks oor te dra. Net as voorbeeld sien ons in die Ou

Testament hoe Esegïël die eindtyd sien en hoe hy dit beskryf sodat sy tydgenote dit kan verstaan, met die klimaks van die nuwe tempel wat die HERE vir hom wys en wat Sy woonplek sal wees, en dan dit te vergelyk hoe Johannes dit sien met die nuwe Jerusalem as God se woonplek. Meeste mense dink nie eers dat dit dieselfde gebeure is nie, maar ek het 'n vergelyking aangeheg as Addendum 4 waar ek die twee boeke en gebeure vergelyk. Ons moet onthou dat in Esegïël se tyd hy nie bewus was daarvan dat die HERE Sy volk sal uitbrei na alle mense toe nie, so hy het sewe volke gesien in die plek van sewe gemeentes, 'n tempel wat die heiligste plek was en Johannes wat dit as 'n nuwe Jerusalem sien, Esegïël wat dooie bene sien wat lewendig word, en Johannes wat die opstanding van die dooies sien, en so kan ons aangaan.

Esegïël was ook nie die enigste profeet wat nie geweet het dat God Sy koninkryk sal uitbrei na alle volke en nasies nie. Om die waarheid te sê het al die profete van die Ou Testament dit so gesien. Dit is dan sommer ook die verborgenheid wat Paulus van praat wat so deur mense verdraai word om hulle teologie kamstig mee te verduidelik. *"dat Hy aan my deur 'n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het; waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan, wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie waarvan ek 'n dienaar geword het, volgens die gawe van die genade van God wat aan my gegee is ooreenkomstig die werking van sy krag. Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig, en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus, sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word, volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here, in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertrouwe deur die geloof in Hom."*(Eph 3:3-12)

En dit is waaroor hierdie hele boek gaan. Dit is 'n beeld wat voor Johannes afspeel, en moes hy elke gedeelte van hierdie prent beskryf. En dan was dit nie net sommer 'n prent wat stagnant was nie. Nee, elke gedeelte het sy eie beweging gehad. En dan moes hy nog die woorde van hierdie hele dramatiese verhaal neerskryf. Woorde van beide Jesus en die ander stemme wat nie vir ons bekend gemaak is wie dit was nie. Ek dink ek sou so 'n bietjie van 'n probleem gehad het om dit alles te onthou.

Gelukkig lees ons nogal baie van beelde of profesieë wat profete gesien het in die Bybel. En hierdie is nog 'n profesie wat 'n bepaalde doel dien. Al die profete van die Ou Testament het met 'n bepaalde boodskap na die volk gegaan, een wat die HERE op daardie tydstip vir Sy volk gehad het. So het elke profesie ook 'n vooraf bepaalde roetine gevolg.

Soos vroeër genoem, het al die profesieë eerstens 'n beskrywing gegee van hoe die HERE hulle gesien het, wat fout was met hulle, dan wat hulle moes doen om die verhouding te herstel, wat sou gebeur indien hulle nie gehoor gegee het nie, en dan wat die HERE sou doen indien hulle na hom sou luister en terugkeer na Hom. So al die profesieë het bekering as 'n sentrale boodskap bevat. Dit was ook so dat baie van die profete meer as een boodskap in sy profesie opgeteken het. Dit is ook wat ons vind in Johannes se Openbaring. Daar is profesieë vir sewe gemeentes, en dan is daar die algehele boodskap wat al hierdie en ander profesieë saam bind as een.

Dit is die basis van die profesieë was ons van lees in die Ou Testament. Party van hierdie profesieë was vir 'n spesifieke oomblik bedoel terwyl ander van die profesieë nie tydgebonde was nie, maar nogsteeds vandag van toepassing is.

'n Voorbeeld van dié tipe profesie is die boek van Hosea, waar die profeet baie snaakse goed moes doen. Hy moes met 'n hoer trou, wat vir ons die voorbeeld stel van hoe die HERE Sy volk gesien het deurdat hulle aanhoudend agter ander gode aangeloop het. Dan gee die HERE hom die opdrag om sy kinders spesifieke name te gee, wat spesifieke betekenis het.

*“En die HERE het vir hom gesê: Noem hom Jísreël, want nog ‘n klein tydjie, dan sal Ek die bloedskulde van Jísreël aan die huis van Jehu besoek en ‘n einde maak aan die koninkryk van die huis van Israel. Ja, in dié dag sal Ek die boog van Israel verbreek in die laagte van Jísreël. Toe het sy weer swanger geword en ‘n dogter gebaar; en Hy het vir hom gesê: Noem haar Lo-Rugáma, **want Ek sal My verder nie meer oor die huis van Israel ontferm deur hulle vergifnis te skenk nie.** Maar oor die huis van Juda sal Ek My ontferm en hulle verlos deur die HERE hulle God, en Ek sal hulle nie deur boog of swaard of oorlog, deur perde of ruiters verlos nie. Nadat sy Lo-Rugáma gespeen het, het sy weer swanger geword en ‘n seun gebaar. En Hy het gesê: Noem hom Lo-Ammi, want julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s’n wees nie. Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; **en in plaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie—sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God.**” (Hosea 1:4-10)*

Die gedeelte is verseker nog van toepassing vandag, in die dat die HERE eerstens die koninkryk onder Jehu sou verwerp, so Israel in die breëre het Hy verwerp, maar Hy sou Hom slegs oor Juda ontferm omdat Jesus uit die stam van Juda moes kom, en dan die derde kind wat ons as Christene verteenwoordig, ons wat nie kan aanspraak maak as Sy volk deur geboorte nie maar deur die verbond met Jesus, God se volk word. So die profesie is nogsteeds vandag van toepassing in die dat ons wat nie Sy volk was nie, Sy volk genoem word. Ons is kinders van die lewende God. Dit word ook deur Paulus aangehaal in Romeine: *“Soos Hy ook in Hoséa sê: **Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem; en haar wat nie bemin is nie, beminde; en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God.**”* (Romeine 9:25-26). So Paulus gee ook hier te kenne dat indien enige van die Romeinse burgers hulle bekeer tot die HERE, hulle ook deel word van die HERE se volk wat as Israel bekend is.

Sommer hier aan die begin verklaar dit ook vir ons dat ons die HERE se volk word, en dat ons kan aanspraak maak daarop dat ons as sy kinders, sy Israel genoem word. *“Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see,”* Die gedeelte vind ons in dieselfde sin as wat Paulus aanhaal. So ek predik nie vervangingsteologie soos van die teoloë dit noem nie, en verklaar slegs wat die Bybel daarvoor te sê het. Die profesie en die rede waarvoor ek dit spesifiek gebruik sal u later in die boek sien. *“As die onbesnede dan die verordeninge van die wet onderhou, sal sy onbesnedenheid dan nie as besnydenis gereken word nie? En sal hy wat van nature onbesnede is en die wet volbring, jou nie oordeel wat ondanks letter en besnydenis ‘n oortreder van die wet is nie? Want nie hy is ‘n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; **maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.**”* (Rom 2:26-29)

In Jeremia vind ons weer voorbeelde waar dit direk vir sekere omstandighede bedoel is. *“En die profeet Jeremia het hulle geantwoord: Ek hoor; kyk, ek sal tot die HERE julle God bid volgens julle woorde; en alles wat die HERE julle antwoord, sal ek julle bekend maak; ek sal vir julle niks agterhou nie. Toe sê hulle vir Jeremia: Laat die HERE ‘n waaragtige en geloofwaardige getuie teen ons wees as ons nie stip handel ooreenkomstig elke woord waarmee die HERE u God u na ons sal stuur nie. Laat dit goed of sleg wees—ons sal luister na die stem van die HERE onse God na wie ons u stuur, dat dit met ons goed kan gaan as ons luister na die stem van die HERE onse God. En aan die einde van tien dae het die woord van die HERE tot Jeremia gekom, en hy het Jóhanan, die seun van Karéag, geroep en al die owerstes van die leërs wat by hom was, en die hele volk, klein en groot, en aan hulle gesê: So spreek die HERE, die God van Israel, na wie julle my gestuur het om julle smeking eerbiediglik voor sy aangesig te bring: As julle rustig in hierdie land bly, sal Ek julle bou en nie afbreek nie, en julle plant en nie uitruk nie; want Ek het berou oor die onheil wat Ek julle aangedoen het. Vrees nie vir die koning van Babel vir wie julle bang is nie; wees nie vir hom bevrees nie, spreek die HERE, want Ek is met julle om julle te verlos en julle uit sy hand te red. En Ek sal julle barmhartigheid bewys, sodat hy hom oor julle sal ontferm en julle terugbring na julle land toe. Maar as julle sê: Ons wil in hierdie land nie bly nie, sodat julle nie luister na die stem van die HERE julle God nie, en sê: Nee, maar ons sal na Egipteland trek waar ons geen oorlog sal sien of basuingeluid sal hoor of honger na brood sal hê nie, en daar wil ons woon—daarom hoor dan nou die woord van die HERE, o oorblyfsel van Juda! **So sê die HERE van die leërs, die God van Israel: As julle werklik julle aangesig rig om na Egipte te trek en weggaan om daar as vreemdelinge te vertoef, dan sal die swaard waar julle voor vrees, julle daar in Egipteland inhaal; en die honger waar julle voor bang is, sal daar in Egipte kort agter julle***

aankom, en julle sal daar sterwe. Ja, al die manne wat hulle aangesig gerig het om na Egipte te trek om daar as vreemdelinge te vertoef, sal sterwe deur die swaard, die hongersnood en die pes; en daar sal vir hulle niemand wees wat vryraak of ontvlug van die onheil wat Ek oor hulle bring nie. Want so sê die HERE van die leërske, die God van Israel: Soos my toorn en my grimmigheid uitgestort is oor die inwoners van Jerusalem, so sal my grimmigheid oor julle uitgestort word as julle na Egipte trek; en julle sal wees 'n voorwerp van verwensing, van verbasing, van vervloeking en van smaad, en julle sal hierdie plek nie meer sien nie. Die HERE het oor julle gespreek, o oorblyfsel van Juda: Trek nie na Egipte nie! Weet verseker dat ek julle vandag waarsku. Want julle het gedwaal ten koste van julle lewe, dat julle my na die HERE julle God gestuur het, met die woorde: Bid tot die HERE onse God vir ons; en net soos die HERE onse God sal sê, maak dit ons so bekend en ons sal dit doen. So het ek julle dit dan vandag bekend gemaak, en julle het nie geluister na die stem van die HERE julle God, naamlik na alles waarmee Hy my na julle gestuur het nie. Weet dan nou verseker dat julle deur die swaard, die hongersnood en die pes sal sterwe in die plek waarheen julle verkies om te trek om daar as vreemdelinge te vertoef.” (Jeremia 42:4-22)

Hier vind ons dat die owerstes na Jeremia gaan met 'n spesifieke versoek en die HERE hulle 'n direkte antwoord gee. So die gedeelte is verseker vir hulle bedoel, maar nou kan ons ook daaruit leer hoe die HERE teenoor ons sal optree wanneer ons onself in soortgelyke situasies bevind. Indien ek dus kind van die HERE geword het en Sy geregtigheid besit het volgens die nuwe verbond, kan ek nie my rug daarop draai en weer terugkeer na my lewe voor ek deel geword het van die verbond nie. **So ek SAL my saligheid verloor en as sondige mens sterf.** Die ergste is egter dat ek nooit weer kan begin met die paadjie en weer terugkeer na Israel as verlore nie. Paulus beskryf dit as volg: “Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! **Weet julle nie dat aan wie julle juis as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?**”(Rom 6:14-16).

In Hebreërs vind ons dit ook in hoofstuk 6 beskryf: “Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak. Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God. Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking—die einde daarvan is verbranding.” (Heb 6:4-8)

En Petrus beskryf dit ook in sy tweede brief: “Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste. **Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is.** Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol.”(2Pe 2:20-22)

Seker een van die profesieë wat ook nog vandag vir ons geld kom uit Jesaja 9. Dit is ook seker die profesie wat meeste mense al gehoor het en word jaarliks oor gepraat en gepreek wanneer ons die geboorte van Jesus herdenk. “Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn. U het die nasie vermenigvuldig, hulle vreugde groot gemaak; hulle is vrolik voor u aangesig soos iemand vrolik is in die oestyd, soos iemand juig as die buit verdeel word. Want die juk wat op hulle gedruk het, en die stok wat hulle rug getref het, die roede van hulle drywer, het U verbreek soos op die dag van Midian. Want elke soldateskoe wat daar wegstap met gedreun, en die kleed wat in bloed gerol is, dien tot verbranding, 'n prooi van die vuur. Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevoers—tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te

versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaars sal dit doen.”(Jesaja 9:2-7)

Die gedeelte handel oor die koms van Jesus en dat Hy as koning sal heers in die hemelse Jerusalem deur reg en geregtigheid van nou af tot in ewigheid. Ons weet dit is wat Jesus kom doen het, ons sondeskuld op Hom geneem het (*Want die juk wat op hulle gedruk het, en die stok wat hulle rug getref het, die roede van hulle drywer, het U verbreek soos op die dag van Midian*), en dat Hy na Sy opstanding in die nuwe Jerusalem in die hemel regeer en dat elkeen wat nie die tweede dood sal sien nie, saam met Hom daar sal wees. Dit is ook waarom die hele boek van die Openbaring van Johannes dan handel en dit is wat ek sal probeer verduidelik in hierdie boek.

Wat ons sal oplet van die hele boek van Openbaring is dat dit wat Johannes vir ons weergee, alles alreeds ook in die profete, Moses (die eerste 5 boeke van die Bybel) en Psalms opgeteken is. Dit is ook hoekom Jesus daarna verwys het in die verhaal van Lasarus en die ryk man : *“En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur— want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. Maar hy sê vir hom: **As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.**”* (Lukas 16:27-31)

Hier sien ons dat ons net die Ou Testament nodig het om te kan glo dat Jesus die Seun van God is, en dat ons tot geloof in Hom kan kom deur net die gedeeltes te ondersoek. Om nou leerstellings te bou wat net op die Nuwe Testament gebaseer is gaan heel moontlik nie die volle waarheid bevat nie. Ons lees dat in Paulus se tyd die mense ook Paulus se boodskap gemeet het aan wat toe beskikbaar was voordat hulle sy boodskap geglo het. *“Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessalonika; **hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.** Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke ‘n groot aantal, vroue en manne.”*(Hand. 17:10-12) Ek neem aan hulle kon nog nie na die Nuwe Testament gekyk het nie want Paulus en die ander skrywers was nog besig om dit te skryf en te leef.

Dus gaan ek ook na gedeeltes kyk en gebruik wat uit die Ou Testament kom, omdat daar baie gedeeltes is wat op die einde van die wêreld wys wat deur die profete geprofeteer is. Dit is ook waar die HERE Sy paadjie met my begin het, by die Ou Testament. Vir baie jare het Hy my elke keer terug gebring na die Ou Testament en vir my gewys waarom Jesus moes kom, wat Hy moes kom doen, waar ons die eerste keer daarvan lees, en dit is sommer al in Genesis 14 waar die nagmaal ingestel word, en so kan ons aangaan.

So my doel is om die Openbaring van Johannes vir jou as leser lewendig te maak dat jy ook hierdie gebeurtenisse nie net verstaan nie, maar dat jy die hele prent want Johannes gesien het, sal sien en ervaar.

HOOFSTUK DRIE – OPENBARING 1 TOT 3 - DIE GESIG EN DIE BRIEWE AAN DIE GEMEENTES

Die eerste paar verse verduidelik vir ons dat die naam van die boek eintlik die Openbaring van Jesus kon wees want Hy is die een wat die openbaring gegee het, en dat Johannes dit net neer geskryf het. Net soos al die ander profesieë in die Bybel is die boek ook bekend onder die naam van die profeet wat dit geskryf of geprofeteer het, so eintlik is die naam dan in lyn met die res van die Bybel. So Johannes is die profeet, en die boodskap wat hy bring is soos in al die ander profesieë van die Bybel, die woord van God, en word hy slegs as segsman gebruik.

Die res van die inleiding het eintlik nie verduideliking nodig nie aangesien dit verklaar wie Jesus is en wat Hy kom doen het, waar Hy huidiglik is op Sy troon, en dat Hy weer gaan kom op die wolke. *“Johannes aan die sewe gemeentes in Asië: Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.”* (Openbaring 1:4-8)

Die gedeelte volg die voorbeeld van al die Ou Testamentiese profesieë in die dat dit begin met ‘n beskrywing van wie die boodskap afkomstig is. Dit kom van Hom wat is en wat was en wat kom, so van die Een wat nie tydsgebonde is nie, wat van ewigheid to ewigheid daar is en sal wees. So die boodskap kom van God die Vader en van Jesus Christus wie se getuienis die waarheid is, die Een wat reeds opgestaan het as die eerste een uit die dood en wat heers oor alles en almal. Dan bevestig Hy wat Hy vir ons gedoen het deur ons sondes weg te neem deur Sy bloed as offerlam, en daardeur kan ons die priesteramp self waarneem, want Hy is ons Hoëpriester. Hy is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde.

Verder het Jesus ons gemaak om te heers, nie as onderdane nie, maar as konings en priesters. So ons moet weet hoe om mense te bedien, want jou grootheid hang nie af van hoeveel onderdane jy het nie, maar hoeveel mense jy moet bedien, verteenwoordig, en verantwoordelikheid voor aanvaar.

DIE EERSTE GESIG

Nou volg die eerste gesig wat Johannes sien. Hy vertel ons net dat hy in verdrukking was, maar vertel ons nie wat die verdrukking was wat hy moes verduur nie, en gee slegs vir ons die rede waaroor hy na Patmos verban was, en dit was terwille van die getuienis van Jesus Christus.

Wanneer ons ondersoek instel na die hele profesie van Johannes, vind ons baie verwysings na die Ou Testament, maar amper geen verwysings na enige van die geskrifte van Paulus of Barnabas, of selfs Petrus nie. So dit wil voorkom of die HERE vir Johannes eenkant gehou het sonder enige invloede van die skrywes van daardie dae. So die HERE het net dit gebruik waarmee Johannes mee bekend was, en nie ander persone se invloed oor hoe hulle die evangelie van Jesus Christus gesien het nie.

Johannes ontvang die opdrag om dit wat hy sien, neer te skryf en deur te gee aan die sewe gemeentes in Asië. ‘n Baie interessante gedeelte wat ons lees in die Ou Testament is dat die profete ook as sieners bekend gestaan het. So selfs in hulle dae moes hulle die beeld wat hulle gesien het, in woorde beskryf. *“1Sa 9:9 Vroeër het die mense in Israel só gesê as hulle gaan om God te raadpleeg: Kom, laat ons na die siener gaan. Want die profeet van teenswoordig het hulle vroeër siener genoem.”*

Die eerste prent wat Johannes sien is die sewe kandelare met Jesus wat tussen die kandelare beweeg. In Sy regterhand het hy sewe sterre gehad en vertel Hy vir Johannes dat dit die sewe engele is wat oor die sewe gemeentes aangestel is en dat die kandelaars die sewe gemeentes verteenwoordig.

Dan volg 'n beskrywing van hoe Jesus gelyk het vir Johannes. Hy sê dat hy iemand gesien het wat soos die Seun van die mens, so iemand wat ook mens is en was, wat hom met ons kan vereenselwig, met 'n tweesnydende swaard in Sy mond. Die swaard word ook vir ons beskryf in Hebreërs 4: *"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."* So alles wat Jesus oor gaan praat en aandui hoe die HERE alles in ons lewe mee meet, is vir ons opgeteken in die Woord van God, die Bybel. Daar sal nie eensydige oordele wees oor dit wat ons nie van geweet het nie, maar ons lewens sal getoets word aan die Woord.

Nou sê Jesus die volgende: *"Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood."* Watter wonderlike woorde om te hoor dat Hy leef, dat Hy leef tot in ewigheid, en dat Hy die sleutels van die doderyk en die dood het. So Hy was al by die Vader voor Hy na die aarde gekom het, aangesien Johannes ook die volgende sê in sy evangelie: *"Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie."* (Joh 1:9-11)

Dit wat ons dus gaan hoor van Hom is wat ons kan en moet doen om te verseker dat ons saam met Hom in Openbaring 20 gaan wees, en saam met Hom gaan regeer. So nou kan ons kyk wat vir die HERE aanvaarbaar is en wat nie vir Hom aanvaarbaar is nie. So die res van die boek van Openbaring moet ons sien wat ons alles sal moet deurgaang as Christene, wat met die gaan gebeur wat nie gehoor gee nie, en wat met die gaan gebeur wat die toetse sien en gaan sien as dít om ons nader aan Hom te bring.

Die Hebreërs skrywer som die tydperk op as volg op: *"En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? **Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.** Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie? Want hulle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word. Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is. Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op; en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word. **Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.** Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het. Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer. Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie— want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as 'n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word. En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder. **Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel. Pas op dat julle Hom wat spreek, nie afwys nie; want as hulle nie ontvlug het nie wat Hom afgewys het toe Hy op aarde 'n goddelike waarskuwing gegee het, veel minder óns wat ons van Hom afkeer nou dat Hy uit die hemele spreek."** (Hebreërs 12:5-25). So dit is waarna die gedeelte verwys. Jesus spreek uit die hemele met Johannes wat alles vir ons opteken waardeur ons sal moet gaan om by die hemelse Jerusalem uit te kom. Ons word ook gewaarsku om nie soos die Jode Jesus te verwerp*

terwyl Hy by hulle was nie, aangesien Hy nou uit die hemele met ons praat. As Hy hulle verwerp het, moet ons nie dink dat Hy dit nie met ons ook sal doen nie.

Nou moet hy neerskryf dinge wat hy gesien het, sowel as die wat gaan gebeur. So dit wat ons gaan behandel is dinge wat toe reeds besig was om te gebeur, en dit wat nog sal gebeur, en dit wat alreeds gebeur het. So al hierdie briewe was dus nie net van toepassing op die spesifieke gemeentes nie, maar ook op al die gemeentes daarna wat 'n soortgelyke standpunt huldig. So wanneer ons dus die briewe en die res van die boek ondersoek, kan ons ook kyk na watter kerkgroep ons vandag kry wat dieselfde standpunte of lerings handhaaf. Verder gaan ek ook kyk of ons soortgelyke mense in die Ou Testament kry wat ook aan hierdie groepe gekoppel kan word.

Die sterre is die ligdraers van die gemeentes, so dit sluit alle leiers van die verskillende groepe in wat hierdie leer aanhang. Hulle is die persone wat die lig vir die nasies is, en dat hulle as engele boodskappers is wat God se boodskap moet bring. Ons vind egter in meeste van die gemeentes dat daar regstellings is wat aangebring moet word aan die leer wat hulle vir hulle gemeentes moet deurgee. So alle leiers wat al was en nog sal wees in die groepe word as die ligdraers van die gemeentes aangewys. Elke brief word dus aan die leiers, die sterre van die gemeente, en lidmate, die kandelaars van hierdie groepe gerig. Vir die leiers aangesien hulle verantwoordelikheid vir al hulle aanhangers sal moet aanvaar indien daar verkeerde lerings geleer word en vir die mense van die gemeentes wat hierdie ligdraer as kandelaar uitlig en wat self verantwoordelikheid neem vir hulle daade, anders gaan hulle hul ligdraer verloor.

Nou wil ek graag ook hier verduidelik dat wanneer ons na die Ou Testamentiese profesieë kyk, ons vind dat die profete altyd oordele uitgespreek het oor ses vreemde volke of landstreke, en dan oor Israel en Jerusalem as aparte profesieë. Is dit net maar toeval, of het hierdie profete ook gesien dat daar verskille gaan wees in die manier wat ons glo, sodat ons in verskillende "lande" of gemeentes gaan wees. 'n Verdere interessantheid wat ek gevind het was dat Abraham ook agt seuns gehad het. So het die profete dalk geweet dat een seun, Isak gekies is om die ware evangelie te verteenwoordig terwyl Ismael die eie of werke godsdiens verteenwoordig, so die Joodse godsdiens van vandag, en die ses seuns na Isak ook kinders van Abraham was maar nie as die ligdraers van die HERE se volk gesien was nie, en vandaar dus die ander landstreke verteenwoordig? Dit is immers wat Jeremia ook van gepraat het: "(Jer 48:47) *"Maar aan die einde van die dae sal Ek die lot van Moab verander, spreek die HERE. Tot sover die oordeel van Moab."* (Jer 49:39) *"Maar aan die einde van die dae sal Ek die lot van Elam verander, spreek die HERE."*

Petrus beskryf vir ons presies waarom van die profesieë van die ou profete gegaan het. *"Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus; vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap, en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry. **Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlijkheid daarna. Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is—dinge waarin die engele begerig is om in te sien.**"* (1 Petrus 1:6-12)

Ek wil net die gedagtes by u as leser los, en aangaan en kyk na die briewe aan die sewe gemeentes.

AAN ÉFESE

"Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars: Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsamheid besit, en ter wille van my

Naam gearbei en nie moeg geword het nie. Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.” (Openbaring 2:1-7)

Wie is die gemeente van Éfese? Ons vind hier dat die mense werklik die HERE ken, want daar word gesê dat die HERE hulle werke ken, hulle arbeidsaamheid en hulle lydsaamheid is Hy ook mee bekend. Verder ondersoek hulle en weet hulle wie vals is en wie nie, en dat hulle arbei en nie moeg word nie. Hulle haat ook die werk van die Nikolaïete, met ander woorde hulle leer ook dat vrye seksuele verhoudings en hoerery nie deur die HERE geduld word nie. Die leer het bepaal dat getroude vrouens met al die mans in die gemeente getroud was en dus seksueel met enige getroude man kon verkeer, sonder dat dit as sonde gesien is. Die leer het verder daaruit bestaan dat hulle vleis kon eet wat aan afgode geoffer was aangesien hulle dan nie deur die ander persone gesien is as Christene nie, en dan vervolging vrygespring het.

Dit klink vir my of hierdie groep mense werklik reg lewe, maar tog vind die HERE iets verkeerd. Hulle word gevra om weer die eerste werke te doen, aangesien hulle hul eerste liefde verlaat het.

Maar wat is die eerste werke? Die skrywer van Hebreërs lig dit as volg uit: *“Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.”* (Heb 6:1-2) Hierdie mense word gevra om hulle weer te bekeer, en dan te doen wat die volgende stappe is. So hulle verstaan nie dat ons net deur die liefde van Jesus gered word nie, en dat ons juis ons liefde aan Hom bewys wanneer ons gehoorsaam is aan Sy woord. Wanneer ons na die gedeelte kyk, sien ons dan die gedeeltes wat daarop volg is dat ons moet glo dat Jesus die volmaakte offer was en die prys alreeds vir ons betaal het om ons van ons sondige natuur te red en om dan gedoop te word. So die groep is dus die wat nie glo dat daar bekering by elke persoon moet plaasvind voordat hulle kan glo dat Jesus die verlosser is nie. Verder glo hulle nie in die doop van die gelowiges glo nie, maar hulle hou vas aan die kinder doop. So wanneer ons na Israel as voorbeeld kyk en hoe die HERE hulle uit Egipte gelei het sien ons hulle is nog in Egipte en het nog nooit getrek nie. Dit beteken ook dat ons dus na die ou profete kan kyk om te sien wat hulle oor Egipte geprofeteer het om te sien wat vir die tipe gelowiges geld.

Hulle word ook vir ons beskryf in Esegieël 31 : *“En in die elfde jaar, in die derde maand, op die eerste van die maand, het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, sê aan Farao, die koning van Egipte, en aan sy menigte: Na wie lyk jy in jou grootheid? Kyk, Assur was 'n seder op die Libanon, skoon van takke en 'n skaduryke bos en hoog van groei; en sy top was tussen die wolke. Waters het hom grootgemaak; die watervloed het hom hoog laat groei, wat met sy strome gegaan het rondom die plek waar hy geplant was, en sy watervore uitgestuur het na al die bome van die veld. Daarom het hy hoër gegroei as al die bome van die veld, en het sy takke baie geword en sy takkies lank, weens die groot waters toe hy uitgeskiet het. Al die voëls van die hemel het nes gemaak in sy takke, en al die wilde diere van die veld het onder sy takkies aangeteel, en allerhande groot volke het onder sy skaduwee gaan sit. En hy het skoon geword in sy grootheid, in die lengte van sy takke, omdat sy wortel by groot waters was. Seders het nie naby hom gekom in die tuin van God nie, sipresse was nie soos sy takke nie, en platane het nie gehaal by sy takwerk nie: geen boom in die tuin van God was met hom te vergelyk in sy skoonheid nie. Ek het hom mooi gemaak deur die menigte van sy takke, sodat al die bome van Eden wat in die tuin van God was, hom beny het. Daarom, so het die Here HERE gesê: Omdat hy hoog uitgegroeï het, en hy sy top tussen die wolke verhef het en hoogmoedig geword het oor sy hoogte, sal Ek hom oorgee in die hand van die magtige onder die nasies; dié sal sekerlik met hom handel; vanweë sy goddeloosheid het Ek hom uitgedrywe. Vreemdes, die geweldigste nasies, het hom afgekap en hom neergewerp; op die berge en in al die dale het sy takke geval, en sy takkies is stukkend gebreek in al die klowe van die land; en al die volke van die aarde het uit sy skaduwee weggegaan en hom so laat lê. Al die voëls van die hemel het gaan sit op sy omgevalle stam, en al die wilde diere van die veld was op sy takkies; sodat al die bome wat by water staan, nie hoog sou groei en hulle top nie sou verhef tussen die wolke nie, en hulle*

magtiges nie sou gaan staan in hulle hoogheid, almal wat water drink nie! Want hulle is almal oorgegee aan die dood om te gaan na die onderste van die aarde, onder die mensekinders, na die wat in die kuil neerdaal. So sê die Here HERE: Op die dag toe hy na die doderyk neergedaal het, het Ek laat treur: Ek het om sy ontwil die watervloed oordek en die strome daarvan teruggehou, sodat die groot waters gestuit is; en Ek het om sy ontwil die Líbanon in swart gehul, en al die bome van die veld het gesmag om sy ontwil. Deur die geluid van sy val het Ek die nasies laat bewe, toe Ek hom na die doderyk laat neerdaal het saam met die wat in die kuil neerdaal; en al die bome van Eden, die uitgesoektes en bestes van die Líbanon, almal waterdrinkers, het hulleself getroos in die onderste van die aarde. Hulle het ook saam met hom neergedaal na die doderyk, na die wat verslaan is deur die swaard, ook sy helpers wat in sy skaduwee gesit het onder die nasies. Na wie lyk jy so in heerlijkheid en grootheid onder die bome van Eden? En tog sal jy neergewerp word saam met die bome van Eden na die onderste van die aarde; tussen die onbesnedenes sal jy lê, saam met die wat verslaan is deur die swaard. Dit is Farao en sy hele menigte, spreek die Here HERE.” (Eseg 31:1-18)

Ons lees hier van ‘n boom wat baie groot geword het, alhoewel dit in Assur gestaan het, was dit groter as die bome wat in die paradys was. Nou beskryf die profeet hoe die HERE met die boom gehandel het. **Die land Assur wys vir ons na die moeder en kind beeld wat deur Semiramis vereer is, en sodoende sy weg na die Roomse Kerk gevind het.** Nou beskryf die profeet hoe die HERE die boom afgekap het, en dit het in die tydperk van Martin Luther en Johannes Calvyn gebeur. Nou wys die HERE daarop dat die koning van Egipte, met ander woorde die leiers van die gemeentes wat nie in die doop van die gelowiges glo nie, alreeds die voorbeeld gesien het maar dat hulle dieselfde lot tegemoet sal gaan indien hulle nie terugkeer na die eerste werke nie. (Sien Addendum 3 aan die einde van die boek oor wie en waar Semiramis vandaan kom) Net ter inligting will ek ‘n kort gedeelte kwoteer waarom dit in Efese van toepassing is. ***“Semiramis was worshiped in Ephesus as the pagan fertility goddess DIANA who represented the generative powers of nature. She was referred to as a fertility goddess because she mothered all the numerous pagan gods representing the god-incarnate Tammuz. Diana was pictured with numerous teats so that she could nurse all the pagan gods, and she wore a tower-shaped crown symbolizing the Babylonian tower of Babel.”***

U sien die groep mense het baie geword, maar is nogtans in Egipte, omdat hulle nie wil trek nie. Hulle is tevrede om onder die gesag van Satan (die Farao) te bly, en het nie die HERE se voorskrifte gevolg om uit Egipte te trek nie, want hulle wou nie deur die see gaan nie. Hulle wou nie gedoop word nie. So sal hulle bestemming dus wees by die onbesnedenes, by die sondaars. Maar Jesus doen ‘n beroep op hulle om hulle te bekeer, want dan sal hulle kan eet van die boom van die lewe. Dit sal verseker dat hulle die dood nie sien nie, maar hulle sal dan in die paradys by Hom wees, en nie meer in Egipte nie. Die profeet gebruik hier vir ons die voorbeeld wat met Israel gebeur het omdat hulle die HERE verloën het. Hy het hulle verwerp. So indien jy in Egipte is, moenie dink dat die HERE anders teen jou sal optree nie. Gelukkig sal die lidmate van hierdie gemeentes, beide die in Egipte en Assur, weer geleentheid vind om te leer wie die HERE regtig is, soos vir ons geleer word in Jesaja 2: ***“En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeïmesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.”*** (Jes 2:3-4)

Een les wat ons hier aan die begin moet leer is dat al doen jy alles reg, maar daar is nogtans iets verkeerd, selfs baie klein, in jou lewe, jy heeltemal onaanvaarbaar is vir die HERE. In Eksodus leer ons dat die Israeliete alle suurdeeg moes verwyder uit hulle huise met die instelling van die pasga voor die trek, en moes hulle ongesuurde brode eet. U sien net ‘n klein bietjie suurdeeg kan ‘n hele brood deurtrek. Net so maak ‘n klein sondetjie in ons lewe ons heeltemal onaanvaarbaar vir die HERE.

So die eerste groep Christene is die wat nie glo dat die doop ‘n verskil in ‘n persoon se lewe kan maak nie. Hulle word aangesê om hulle te bekeer en die eerste werke weer te doen, dan sal hulle die ewige lewe ontvang. ***“Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.”*** Ons moet as oorwinnaars kan lewe, en dan sal Hy ons voed met die voedsel van die boom van die lewe. Wat sê

Genesis oor die boom? *“ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.”*

SMIRNA

“En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het: Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan. Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie”

Hierdie mense word veral aangevat deur die wat glo dat hulle Christene is, maar dit nie is nie. (*die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is*). Die mense van Smirna sal altyd die kritiek ervaar van *“Dit gaan nie so met ‘n Christen nie”*. Hierdie kritiek sal gewoonlik kom van mense wat in die Laodicense se kerk behoort, want Jesus vertel hierdie mense die volgende: *“Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek.”* Indien jy weet dat jy kind van God is, maar jy die hele tyd deur *“kerkmense”* aangevat word, weet dat jy deel het met Smirna en aan hulle behoort. Die gedeelte vertel ook vir die mense dat daar baie moeilike tye vir hulle voorlê. Ons lees ook dat die mense ‘n kroon sal ontvang, sodat hulle saam met Jesus sal regeer. Dit word bevestig deurdat daar beide hier en in Hoofstuk 20 vir hulle gesê word dat die tweede dood geen mag oor hulle sal hê nie.

Maar wie is die mense wat voorgee dat hulle kinders van God is, maar uit die sinagoge van Satan is?

Ek wil begin by die begin. Nou mag jy dink dat as ek na Openbaring verwys, ek aan die einde begin, maar Christus is aan die woord, en Hy was van die begin van die aarde al daar. Openbaring 3 vers 9: *“Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg”*. Hier sien ons dat Jesus aan die gemeente skryf en sê dat sommige voorgee dat hulle Jode is maar lieg. Die gemeente is in Filedelfia, verseker nie in Israel nie. Dit is ook ‘n bevestiging van Openbaring 2 vers 9: *“Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan.”* So hier gee Jesus vir ons ‘n belangrike stukkie inligting. Slegs ware Jode sal gered word. Dit stem saam met wat Moses meedeel in Deuteronomium 7 verse 6 en 7: *“Want jy is ‘n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het ‘n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke”*.

Sodra ons besef dat God nooit Sy beloftes sal verander nie, sal ons besef dat daar iets is wat nie pluis is nie. Hoe kan God ons as heidene dan ook red as Sy Woord verklaar dat slegs Jode gered word? Die antwoord kom uit Handeling 10 vers 34 en 35 : *“En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is.”* Hier sien ons dat as ons Hom vrees en geregtigheid doen, ons Hom welgevallig is. Dit los egter nog nie die probleem van Openbaring op nie, want ons is nog nie Jode nie. Die antwoord moet ons gaan soek in Israel se geskiedenis met die uittog uit Egipte. Hier gee die HERE vir die Israëliete ‘n wet wat hulle moet gehoorsaam. Numeri 15 vers 15 en 16: *“Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef. ‘n Ewige insetting in julle geslagte is dit: soos julle, so moet die vreemdeling voor die aangesig van die HERE wees. Een wet en een reg moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef.”* Eksodus 12 vers 48 gee die finale antwoord vir ons: *“En as ‘n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, **besny word**; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos ‘n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.”*

In Israel se geskiedenis sien ons dat wanneer iemand uit ‘n ander volk hom of haar verbind het met die Israëliete, hulle as volksgenote geag is. ‘n Baie goeie voorbeeld vir ons is Rut. Alhoewel sy die reg gehad het om na haar mense terug te gaan na haar man se dood, het sy gekies om saam met Naomi na

haar land te gaan. Die woorde wat Rut ook gespreek het, ontsluit die waarheid verder. Rut 1:16 *"Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. 17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die HERE so aan my doen en so daaraan toedoen--net die dood sal skeiding maak tussen my en u."* Hier gee sy tekenne dat sy kies om deel te word van Naomi se volk, en saam met Naomi haar God sal aanbid. Wie was Rut? Dawid se grootouma. Waar kom Jesus vandaan? Uit Dawid se geslag.

Nou hoe pas al hierdie stukke in mekaar? Die HERE het Israel uitgekies as Sy volk. Ons, as heidene moet dus kies om by die volk van die HERE gevoeg te word. Hoe doen ons dit? Deur deel te word van die verbond met die HERE. Dit is om Christus se geregtigheid te besit. So ons moet weet wat Jesus kom doen het op aarde, en dit is om die ou verbond te vervul deur aan al die voorwaardes te voldoen. Dan gee dit ons die geleentheid om deel te word van die Israel van die HERE, soos Paulus vir ons in Galasiërs dit opgeteken het. ***"Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!"*** (Gal 6:15-16)

Johannes 3 vers 5: *"Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."* Ek moet besluit, nie my ouers of iemand anders kan die besluit vir my neem nie, om deel te word van die volk van God, moet ek wederbaar word, en die nagmaal vier om my by die volk van God te skaar. Dit is die teken van die verbond, daarna moet ek deur die doopwater gaan, en dan met die Heilige Gees gevul word.

Wat is die verskil dan? Die boodskap wat ons elke dag hoor van sovele geleerdes, pastore, dominees en ander Christelike gesagsfigure, is dat ek net Jesus moet aanneem as my saligmaker, en nou is die saak reg. Wat hulle almal nie vertel nie, is dat ek moet deel word van die verbond wat die HERE gemaak het. Ons almal dink dit gebeur met die doop van babas, of wanneer ek hierdie kort gebedjie opsê agter die voorbidder aan, maar hulle vergeet dat ek moet erken dat ek nie by magte is om enigsins iets aan die saak te maak nie. Al wat ek kan doen is vir die HERE vra om my te wederbaar. Ek kan nie na Hom bid en sê dat ek nou Sy kind is nie, want dan is ek nog in beheer, en eindig ek op as 'n goeie mens met goeie gewoontes. Ek moet verklaar dat ek tot niks goeds instaat is en dat slegs Hy my kan red, en dat ek nou my lewe neerlê en Sy lewe aanvaar, en dit doen ek deur my deel te maak van Sy verbondsvolk. Hy sal en moet dit doen, en eers dan sal ek as erfgenaam van Hom kan lewe.

Hoe stel Paulus dit vir ons? Efesiërs 2: ***"11 ¶ Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12 dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. 13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. 14 ¶ Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het 15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van geboorte wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep 16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het."*** Hier bevestig Paulus dat daar geen verskil meer tussen Israel en die Kerk is nie, en dat ons as wedergebore Christene, Jode word wanneer ons in verbond met die Here staan.

Verder skryf Paulus as volg aan die Christene in Rome: *"En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het, juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid, ons naamlik wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene? Soos Hy ook in Hoséa sê: **Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem;** en haar wat nie bemin is nie, beminde; en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God."* (Rom 9:22-26). Petrus verklaar die volgende in 1 Petrus 2: *"Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot*

sy wonderbare lig, **julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.**" (1Petrus 2:9-10)

Ek vertrou dat hierdie kort gedeelte die probleem rondom uitverkiesing vir u sal uitklaar. Dit help nie ons probeer om alles so moeilik te maak nie. Jesus het self verklaar dat ons soos 'n kind moet word om Hom te volg. Ek weet boeke en boeke is al oor die onderwerp geskryf, maar ek glo dat die antwoord hierbo, dit ook vir 'n kind verstaanbaar sal maak.

So om die vraag te beantwoord oor wie die mense is wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie. So die ware Jode is die wat deel geword het van die Nuwe Verbond met die HERE, met ander woorde, almal wat deel geword het van die Israel van God, en Jesus se geregtigheid besit.

Net om die onderwerp van ons wat as Christene ingeënt is terwyl Israel afgekap is volgens Paulus in Romeine, wil ek net dit verder verduidelik.

Ek wil graag 'n voorbeeld gebruik wat vir u sal verduidelik waar ons as Christene inpas. Paulus skryf in Romeine die volgende: *"Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikël om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak. En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie! Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red! Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode? En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook. En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou. Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees."*(Rom 11:11-20)

Ek glo elkeen van ons weet hoe 'n steggie by die onderstok in geënt word. Die steggie het geen wortels nie, maar dit is wat ons as die plant koop omdat dit die regte blom of in vrugtebome variëteit is. So die vrugte is wat ons koop, maar die onderstok van die roos of die vrugteboom is wat die kos verskaf aan die steggie. Dit is hoe ons as Christene by die onderstok ingeplant word, en Israel as die oorspronklike plant afgesny is. Die HERE is die onderstok en wortels. Maar sodra jy toelaat dat die oorspronklike onderstok weer takke uitstoot, gaan dit die ingeënte plant dood groei. So dit moet verwyder word. Dieselfde met ons as Christene. Die oomblik wanneer ons die Joodse onderstok geleentheid gee om te groei, gaan ons as Kerk sterwe. So kom weg van almal wat enigsins iets met die Joodse geloof van vandag te doen het. Dit geld ook vir die wat die Jode van vandag weer wil kans gee om op 'n ander manier deel te word van Jesus se volk. Daar is net een volk, en dit is die Kerk van Jesus. Daar is nie plek vir tweedehandse Christene soos wat die wegrapers ons wil vertel ons is nie. Hulle sal nog leer dat hulle lering die van die antichris is.

Hoe lank is die tien dae van verdrukking?

Ons lees in die boek van Daniel ook oor tien dae: *"Stel tog u dienaars tien dae lank op die proef, en laat hulle ons van die groente gee om te eet en water om te drink; laat daarna ons voorkoms en die voorkoms van die jong seuns wat die spys van die koning eet, deur u besigtig word; handel dan met u dienaars soos u bevinding sal wees. Hy het toe na hulle geluister in hierdie saak en hulle tien dae lank op die proef gestel. En aan die einde van tien dae het hulle voorkoms beter en hulle voller van vlees gelyk as al die jong seuns wat die spys van die koning geëet het."* (Daniel 1:12-15)

Met Daniël was daar binne tien fisiese dae 'n merkbare verandering. Nie net 'n verandering nie, maar het hulle beter vertoon as wat al die ander seuns gelyk het. So die HERE sal jou 'n tyd lank leer totdat jy lyk soos iemand wat deur die HERE gevoed word. Daar moet 'n fisiese verskil tussen jou en die nie Christen wees. Die mense moet kan sien dat jy beter, anders, as mense is wat nie die HERE ken nie. Ons lees ook van dit in die boek van Maleagi: *"Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer. En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die HERE van die leërskare,*

op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien. Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie.” (Malaegi 3:16-18)

Ons moet nie tugtiging net sien as 'n pak slae nie. Dit leer ons daar is grense. Binne die grense het ek volkome vryheid van beweging, maar ook van beskerming. Indien ek myself dus buite die gebied neem, sal ek vind dat die HERE my sal tugtig totdat ek terugkeer na die veiligheid van Sy beskerming. Dit is waaroor tugtiging gaan. Dit is ook wat Dawid vir ons beskryf: *“Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.”* Dit is vir ons 'n verstroosting as die HERE nog bemoeën met my het, want dan is ek nog daar waar ek moet wees of waar Hy nog oor my bekommerd is en my terug na Sy veiligheid wil kry. Indien Hy nie meer met my lewe inmeng nie is ek heel moontlik op 'n plek waar Hy nie meer inspraak kan hê in my lewe nie. Dan is ek verlore. Dit is verseker nie die plek waar ek wil opeindig nie.

Verder kry hierdie groep mense kry slegs bemoediging. Hulle laat my dink aan Israel van Jesaja 43 in die Ou Testament, die volk waaruit Jesus gebore is: *“Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne! As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere—hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie. Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland; Ek het Egipte gegee as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek. Omdat jy kostelik is in my oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, daarom gee Ek mense in jou plek en volke vir jou lewe. Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek sal jou geslag van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af. Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af, elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer, wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het. Bring uit die volk wat blind is en tog oë het, en die dowes wat ore het. Al die nasies het saam vergader, en die volke is versamel. Wie onder hulle kan sulke dinge verkondig? En laat hulle ons die vorige dinge bekend maak! Laat hulle hul getuies bring, dat hulle in die gelyk gestel kan word; en laat hulle hoor en sê: Dit is die waarheid! Julle is my getuies, spreek die HERE, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is—voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. Ek, Ek is die HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie.” (Jesaja 43:1-11)*

Dit is wat die HERE vir ons as Sy kinders ingedagte het. Dit is wat vir ons wag wanneer ons deur die smeltkroes van die HERE gegaan het. My wens vir jou as leser is dat jy ook sal uitsien na die dag wat jy saam met Hom in Sy Jerusalem sal wees.

PERGAMUS

“En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dít sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het: Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon. Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat. Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.”

Hier vind ons 'n groep mense wat nie altyd die Woord reg interpreteer nie, aangesien Jesus sê dat Hy die een is wat 'n skerp twee snydende swaard het. Die swaard is die Bybel, en Jesus verklaar dat hulle deur die Bybel, die Woord van God, geoordeel sal word. Verder word hulle meegedeel dat van hulle woon in die plek waar Satan woon. Dit klink vir my of die persone ook in Egipte by die Satan is, omdat hulle glo dat die doop slegs 'n “teken” is, en nie die ware betekenis daarvan vir die mense leer nie. Hier kan ek persoonlik aan 'n hele paar Charismatiese gemeentes dink wat die leer verkondig.

Die mense hou verder vas aan die leer van Bileam en die leer van die Nikolaïte, wat 'n leer is van vrye seksuele verhoudings. Ek is bekend met baie gemeentes en hoofde van gemeentes en groepe wat aan die een kant verkondig dat jy maar kan saamleef, dat jy maar eers kan probeer voordat jy trou om vas te stel of jy seksueel aanpasbaar is, en al hierdie losbandighede kan doen sonder om te sondig. Verder is daar mense wat vra dat almal wat deur egskedings is by hulle welkom is, al was hulle die oorsaak van die egskeding en het nooit die sonde bely nie, want die HERE sal nooit iemand verwerp nie. Ek is jammer, maar die gedeelte stel dit anders. Die HERE haat onkuise verhoudings, en sal dit nooit goedkeur nie. Hy sal slegs mense aanvaar wat hulle sondes bely, en hulle algehele vertroue in Hom stel en tot wedergeboorte kom.

So is daar ook deel van hierdie gemeentes wat wel ook die werk van die Nikolaïete haat, met ander woorde hulle leer ook dat vrye seksuele verhoudings en hoerery nie deur die HERE geduld word nie. Die leer van die Nikolaïete het bepaal dat getroude vrouens met al die mans in die gemeente getroud was en dus seksueel met enige getroude man kon verkeer, sonder dat dit as sonde gesien is. Die leer het verder daaruit bestaan dat hulle vleis kon eet wat aan afgode geoffer was aangesien hulle dan nie deur die ander persone gesien is as Christene nie, en dan vervolging vrygespring het.

Die HERE verklaar dat Hy met die swaard van Sy mond sal oorlog voer teen die leiers, omdat die Woord, die Bybel hulle verkeerd sal bewys. Maar, soos in elke gedeelte, vra Jesus dat hulle hulle sal bekeer, want dan sal Hy hulle gee om deel te wees van die Nagmaal, die verborge manna, of die verbond.

THIATIRE

"En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatire: Dít sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper: Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste. Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke. En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Hier leer ons dat baie van die gemeentes en mense wat die leer aanhang wel baie doen en ly vir die evangelie van Jesus Christus, en dat hulle werklike geloof openbaar, maar dan is daar tog ook om hulle gemeentes deel van die hoer te maak. Dit word ook vir ons in die eerste hoofstuk van die boek van Jesaja uitgelig. *"Hoor die woord van die HERE, owerstes van Sodom! Luister na die wet van onse God, volk van Gomorra! Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie. As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis—om my voorhowe te vertrap? Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste—Ek verdra geen ongeregtheid en feestyd nie! Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed. Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handeling voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, betuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek. Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars!"*

Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water. Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloning na. Aan die wees doen hulle geen reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie.” (Isaiah 1:10-23)

Hoeveel mense ken u wat dalk vir u sê dat as u nie kerk toe gaan, of dalk nie so optree, u nie die ewige lewe sal beërwe nie. Mense wat maar Sondag na Sondag in die kerk sit en so hulle lewe om kry. Van geloof of enige ander gawe van die Heilige Gees is daar nie sprake nie, maar ons is “O.K.”, ons gaan mos kerk toe. Dit is die groep waarvan Johannes hier praat. Hulle het vasgeval in ‘n vorm godsdiens, en sal so deel van die hoer van Openbaring 17,18 en 19 wees.

In vandag se tyd, met die sogenaamde “nuwe hervormers”, vind ons dat die persone die Bybel wil interpreteer deur nou juis navorsing te doen oor die omstandighede van die tyd sodat hulle die Bybel dus in die regte perspektief kan beoordeel. Paulus skryf egter in die tweede brief aan die Korintiërs die volgende: *“Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word.”* (2Kor 3:14) U sien ons het nie nodig om die geskiedenis na te speur nie, ons moet die Gewer van alle goeie gawes nader sodat Hy die gedeeltes vir ons kan verlig. Christenskap is nie soos elke ander geloof nie, want ons dien ‘n lewende God.

In die Ou Testament skryf die profete as volg oor die mense: *“So spreek die Here HERE: Omdat Moab en Seir sê: Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies— daarom, kyk, Ek maak die berghange van Moab oop, dat dit sonder stede is, sonder sy stede in sy hele gebied, die sieraad van die land: Bet-Jésimot, Baäl-Meon en tot Kirjatáim toe; aan die kinders van die Ooste sal Ek dit, saam met die kinders van Ammon, as besitting gee, sodat die kinders van Ammon nie meer genoem sal word onder die nasies nie. Ek sal ook in Moab strafgerigte voltrek; en hulle sal weet dat Ek die HERE is.”* (Ezek 25:8-11)

Jeremia gee vir ons ‘n volledige beskrywing van die mense in hoofstuk 48: *“Vervloek is hy wat nalatig is om die werk van die HERE te doen; ja, vervloek is hy wat sy swaard van bloed terughou! Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie. Daarom, kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek aftappers na hom sal stuur wat hom sal aftap en sy vate sal leegmaak en sy kruike stukkend slaan. En Moab sal beskaamd staan deur Kamos, soos die huis van Israel beskaamd gestaan het deur Bet-el waar hulle op vertrou het. Hoe kan julle sê: Ons is helde en manne bekwaam om te veg? Moab is verwoes, en hulle het opgegaan in sy stede, en sy beste jongmanne het afgegaan om geslag te word, spreek die Koning wie se Naam is HERE van die leërskare. Die ondergang van Moab is naby om te kom, en sy onheil is baie haastig. Beklaag hom, almal wat rondom hom is en almal wat sy naam ken! Sê: Hoe is die sterk staf, die sierlike stok gebreek! Kom af uit jou heerlijkheid, en sit in die dorsland, o inwoner, dogter van Dibon! Want die verwoester van Moab het teen jou opgetrek, hy het jou forte verwoes. Gaan staan op die pad, en kyk uit, o inwoner van Aroër! Vra vir hom wat vlug en vir haar wat ontkom; sê: Wat het gebeur? Moab staan beskaamd, want hy is verslae. Huil en skreeu, verkondig dit by die Arnon dat Moab verwoes is! Ja, ‘n oordeel het gekom oor die land van die gelykte, oor Holon en oor Jahas en oor Mefáät, en oor Dibon en oor Nebo en oor Bet-Diblatáim, en oor Kirjatáim en oor Bet-Gamul en oor Bet-Meon, en oor Kérijot en oor Bosra, ja, oor al die stede van die land Moab, die wat ver en die wat naby is. Die horing van Moab is afgekap en sy arm is verbreek, spreek die HERE. Maak hom dronk, omdat hy hom groot gehou het teen die HERE, sodat Moab neerslaan in sy uitbraaksel en hy self ook ‘n belagging word. Want was Israel vir jou nie ‘n bespotting nie? Of is hy onder die diewe betrap, dat jy die hoof geskud het so dikwels as jy van hom gespreek het? Verlaat die stede en gaan woon in die rots, inwoners van Moab! En word soos ‘n duif wat sy nes maak oorkant die opening van die afgrond. Ons het van die trotsheid van Moab gehoor—hy is baie trots! — van sy hoogheid en sy trotsheid en sy hoogmoed en die verheffing van sy hart. Ek ken sy grimmigheid, spreek die HERE, en sy onbehoorlike grootpraterij; onbehoorlik het hulle gehandel. Daarom sal ek oor Moab huil, ja, oor die hele Moab dit uitskreeu; oor die manne van Kir-Heres sug hulle. Bo die geweën van Jaéser sal ek jou beween, o wingerdstok van Sibma! Jou ranke het gegaan oor die see, tot by die see van Jaéser het hulle gekom—die verwoester het jou somervrugte en jou druiwe-oes oorval. Daarom is vreugde en gejuig weggeneem uit die land van tuine en uit die land Moab, en Ek het die wyn uit die parskuipe laat verdwyn; hulle sal dit nie trap met vreugdegeroep nie; die vreugdegeroep sal geen vreugdegeroep wees nie. Weens die geskreeu van Hesbon tot by Eleále, tot by Jahas het hulle hul stem*

verhef, van Soar af tot by Horonáim, Eglat-Selisia; want ook die waters van Nimrim sal 'n woesteny word. En Ek sal in Moab 'n einde maak, spreek die HERE, aan hom wat op die hoogte offer en rook laat opgaan vir sy god. Daarom klaag my hart oor Moab soos fluite, ja, my hart klaag oor die manne van Kir-Heres soos fluite; omdat die oorwins wat hulle verwerf het, verlore gegaan het. Want al die hoofde is kaal en al die baarde is afgeskeer; op al die hande is snye en om die heupe is 'n roukleed. Op al die dakke van Moab en op sy pleine is net rouklag, want Ek het Moab verbreek soos 'n ding waar 'n mens geen behae in het nie, spreek die HERE. Hoe is hy verslae! Hulle huil. Hoe het Moab die rug gedraai met skaamte! So sal Moab dan vir almal wat rondom hom is, 'n belagging en 'n verskrikking word. Want so sê die HERE: Kyk, hy sal vlieg soos 'n arend en sal sy vleuels oor Moab uitsprei. Die stede is ingeneem, en die bergvestings is verower; en die hart van die helde van Moab sal in dié dag wees soos die hart van 'n vrou wat in nood is. En Moab sal verdelg word, dat hy geen volk meer is nie, omdat hy hom groot gehou het teen die HERE. Die skrik en die kuil en die strik oor jou, o inwoner van Moab, spreek die HERE. Hy wat vlug vir die vrees, sal val in die kuil; en hy wat uit die kuil klim, sal gevang word in die net; want Ek sal oor hom, oor Moab, bring die jaar van hulle besoeking, spreek die HERE. In die beskutting van Hesbon staan vlugteling sonder krag; want 'n vuur het uitgegaan uit Hesbon en 'n vlam uit die huis van Sihon, en het die slape van die hoof van Moab en die skedel van die rumoermakers verteer. Wee jou, Moab! Die volk van Kamos is verlore; want jou seuns is weggenene as gevangenes en jou dogters in gevangenskap. Maar aan die einde van die dae sal Ek die lot van Moab verander, spreek die HERE. Tot sover die oordeel van Moab." (Jer 48:10-47)

Ons leer hier dat die HERE Moab oordeel omdat hy nie die Bybel gebruik om te oordeel wat reg of verkeerd is nie. Nee, ons sal mos ons eie norme daarstel wat vir ons aanvaarbaar is. Verder sê die HERE hulle het nie in ballingskap gegaan nie, hulle is nie geskei van hulle afsaksel nie. *"Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie."* Hierdie gedeelte het my vir maande gepla, aangesien ek dit regtig nie kon uitpluis nie. Wat die HERE egter hier vir ons wil leer, is dat ons die mense probeer beïndruk met hoe skoon ons is, maar sodra iemand aan ons karring, kom al die onreinheid skielik te voorskyn. Ek moet dus toelaat dat die HERE eers nadat ek Sy slaaf geword het, my van vat na vat sal skei van dit wat vuil is in my lewe. Ek moet toelaat dat die HERE my van een vat na 'n ander sal oorgooi en my afsaksel, dit wat verkeerd is in my lewe, agter te los in die ou vat. Indien ek dit nie doen nie, verander my geur aanhoudend aangesien ek die afsaksel se geur aanneem. Ek moet my dus self ledig van alles wat my lewe vuil maak en my besmet. U sien ons lewe mag baie mooi vertoon, maar sodra ons 'n bietjie geroskam word, kom al die vuilheid in ons lewe te voorskyn. Dit is waarvan die profeet hier praat. Ons hou nie daarvan om self hand in eie boesem te steek nie, maar kan maklik ander mense oordeel. Dit is die mense van Thiatire.

Maar ons vind ook dat Jesus die volgende te sê het oor hulle: *"almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."* Hier leer ons weereens dat elke persoon sal geoordeel word op sy eie geloof en werke, en nie op grond van die leer van sy of haar kerk nie.

SARDIS

"En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood. Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie. Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie. Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is. Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Hierdie mense het soos dit in Jeremia en Esegïel beskryf word, die pes. Hulle hou so 'n goeie beeld voor dat hulle so reg is, maar eintlik is hulle dood. Hulle laat 'n mens dink aan die van Sidon in die Ou Testament: *"Mensekind, rig jou aangesig teen Sidon en profeteer teen hom en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Sidon, en Ek sal My verheerlik in jou midde; en hulle sal weet dat Ek die HERE is as Ek in hom strafgerigte voltrek en My in hom as die Heilige laat ken. En Ek sal die pes in hom stuur en bloed op sy strate, en die gewondes sal in hom val deur die swaard wat teen hom is van alle kante, en hulle sal weet dat Ek die HERE is."* (Eseg 28:21-23)

Die HERE verklaar hier dat Hy Homself sal verheerlik in hulle midde, met ander woorde Hy sal Homself manifesteer by hulle want hulle hou so vas aan hulle manier van glo dat hulle glo dat die HERE daar eenkant is en nie midde in hulle nie. Verder verklaar Esegïel dat die HERE die pes onder hulle sal stuur, om hulle te laat omkom. Wat is die pes? Dit is wanneer ek glo dat ek reg is, en almal anders verkeerd is.

Hulle word aangemoedig om weer seker te maak van hulle bekering, want indien hulle dit nie doen nie sal hulle omkom soos wanneer 'n dief in jou huis inkom. Dit is waarom Jesus sê hulle het die voorkoms dat hulle lewe, maar hulle is dood. Ek glo daar is baie mense vandag wat vashou aan hulle manier van glo en hulle kerkverband en glo dat dít hulle ewige saligheid sal verseker, maar van enige geloof en bewyse dat hulle kinders van God is, is daar nie sprake nie.

Maar, soos met meeste van die verskillende gemeentes, is daar tog die wat reg glo, wat nie hulle klere besoedel nie. Vir die mense is daar versterking dat Jesus hulle naam altyd sal bely voor die Vader. Daar is wel 'n beroep op die wat verkeerd is van hierdie groep om hulle te bekeer, maar weet Jesus dat daar van hulle is wat hulle nooit van hulle standpunt sal verander nie. Vir hulle is daar geen redding nie. Hoe tragies is dit.

FILEDELFA

"En skryf aan die engel van die gemeente in Filedelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. Omdat jy die woord van my lydszaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Soos met al die ander briewe, lees ons eers van wie die brief kom, hoe Jesus homself openbaar aan die gemeente. Hy begin met 'n aanhaling uit Jesaja: *"22:22 En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie."* Hier openbaar Jesus homself dat Hy die enigste een is waardeur mense in Sy koninkryk kan kom. Daar is geen ander weg nie. Hy is die een wat oopsluit en toesluit. So geen ander god (afgod) kan maak dat ons die ewige lewe beërf nie, net deur Jesus het ons toegang tot die ewige lewe.

Sien ook die gedeelte vroeër aan Smirna oor wie die mense is wat Jode is maar uit die sinagoge van Satan is.

Nou vind ons dat hierdie is slegs die tweede groep wat Jesus nie oor bekommerd is nie. Hulle hou vas aan wat reg is. Soos die woord aan Smirna, moet hierdie mense vashou aan dit wat hulle het, en nie bang word as mense wat in naam Christene is, hulle aanvat nie. Hulle word daaraan herinner dat daar mense, persone met heel moontlik goeie bedoelings, hulle sal aansê dat hulle verkeerd is om te glo dat hulle hier geteister gaan word. Jesus wys daarop dat hierdie mense in naam Christene is, maar eintlik is hulle koninkryk die van Satan. Mense wat vir jou gaan sê dat die HERE soveel rykdom vir jou wil gee, as jy maar net sal glo dat dit waar jy nou deurgaans van die duiwel is. Mense wat

verklaar dat jy maar net vir hulle bediening moet gee, want dan gee jy mos vir die HERE, en dan sal die HERE vir jou gee, want jy het Hom nou mos omgekoop.

Nee, die Bybel verklaar ons moet vir die armes gee, en nie vir elke mens wat jou net wil vertel hoe die HERE hulle nou al geseën het nie. Miga stel dit as volg: *“Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? Sal die HERE ‘n welbehae hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel? Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?”* (Miga 6:6-8)

Hierdie mense word ook meegedeel dat Jesus hulle sal beskerm wanneer daar verdrukking op die aarde sal kom. Ons word so geleer deur baie persone dat daar ‘n wegraping gaan wees en dat ons nooit aan die beproewings blootgestel sal word nie. Maar hier word aan die mense verklaar dat hulle die HERE se beskerming sal geniet wanneer Hy almal op die proef sal stel.

‘n Baie interessante stelling word ook gemaak deur Jesus en dit geld net vir mense wat in hierdie groepering val. *“Kyk, Ek het voor jou ‘n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.”* Hierdie mense het ook die voorreg ontvang om te sien wat in die hemel gaan gebeur, en hoe dit lyk en hoe dit funksioneer. Ons lees ook in hoofstuk vier dat Johannes gevra word om op te gaan deur die geopende deur om waar te neem wat in die hemel, die sfeer waar Jesus heers, besig is om te gebeur en nog sal gebeur. So alhoewel jy baie maal hopeloos voel en jy voel dat jy regtig min krag het om mense te oortuig om hulle lewe te verander en jy steeds sien hoe mense die Woord verdraai, sê Jesus Hy is bewus daarvan. Hy gee ook te kenne dat Hy jou sal bewaar wanneer jy deur verdrukking moet gaan gedurende die tyd op aarde wanneer almal deur verdrukking moet gaan. Maar, Hy vra net dat jy die Woord wat by jou ingeplant is sal bewaar en nooit Sy Naam sal verloën nie. Psalms 11 vers 5 lees ons die volgende, net ter bevestiging: *“Psa 11:5 Die HERE toets die regverdige; maar sy siel haat die goddelose en die wat geweld liefhet.”*

Die persone word net aangesê om vas te hou aan dit wat hulle het, sodat hulle nie hulle krone verloor nie. So hulle sal ook saam met Hom regeer waarvan ons lees in hoofstuk 20: *“En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.”* (Openbaring 20:4)

En dan weet ons ook dat die mense saam met Jesus in Sy nuwe tempel, soos aan Esegïël beskryf is en die profeet dit bespreek vanaf hoofstuk 40, Sy Jerusalem, soos vanaf Openbaring 21 af bespreek word, sal wees. Hy wil ons Sy steunpilare maak, want Hy weet dat ons nooit sal wankel nie. Maar Hy sal ook die Naam van Jesus se God en Vader skryf en die naam van die stad van Sy God die nuwe Jerusalem. Verder sal ons nooit uit die nabyheid van die HERE weggaan nie, en sal ons altyd by Hom wees.

Wat ‘n voorreg.

LAODICENSE

“En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en self om jou oë te self, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin

het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Oor hierdie groep is al baie geskryf, en verwag almal dat hulle verskriklik goddeloos sal wees, maar ons leef vandag met soveel van die mense saam, sonder om hulle te kan identifiseer. Hoeveel groepe mense is daar wat net verklaar dat die HERE jou wil bederf met al die vee op 'n duisend heuwels, met alles wat jou hart begeer. Het jy nie geweet jou voorvaders het soveel gegee en nooit beslag gelê op hulle oeste nie? Jy moet nou net die duiwel bestraf en jou erfdeel op eis, sodat jy ook in gemak kan leef. Hoe sê Jesus nou weer is hulle? *"Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie"*. Hoeveel mense hang die voorspoed teologie so aan dat hulle foto's van huise en karre op hulle yskaste plak en elke dag dit op eis van Satan. Maar Jesus sê hulle is arm en naak, want hulle het gebrek aan Hom. Hy is nie hulle God nie, maar hulle buik en hulle besittings is hul god. Hierdie groep is ook die wat verklaar dat hulle jou sal lei in gebed en dan verklaar dat jy nou kwansuis kind van God is, want u sien hulle het mag om mense te wederbaar. Dit word vir ons so gestel in Esegël; *"Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ek sal vol word,"* U sien selfs in daardie tyd het die HERE geweet dat die mense sal verklaar dat hulle kerke so vol sal word, want hulle is nou "Jerusalem". Jy kan nou maar net by hulle aansluit, en jy is so goed soos in die hemel. Hulle sal nou almal red en na Jesus lei, maar al wat hulle maak is hulle maak dissipels van hulself want hulle het die poort van Jerusalem gebreek en na hulle gedraai.

Nog 'n punt wat Jesus hier maak is dat hy by die deur van dié kerk staan en klop. U sien Hy is nie deel van dié kerk nie. Wanneer hulle die deur vir Hom sal oopmaak, sal Hy ingaan en saam met hulle Nagmaal vier, om sodoende hulle deel van die verbond te maak. Maar tot dit gebeur, is hulle op hulle eie missie, en sal hulle hulle kerke vol maak van mense wat hulle teologie aanhang, maar nie vir Jesus aanhang nie.

Van hulle word in die Ou Testament as volg geskryf: *"Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ek sal vol word, dit is verwoes—daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Tirus! en Ek laat baie nasies teen jou optrek soos die see sy golwe laat optrek. Hulle sal die mure van Tirus verwoes en sy torings afbreek; ja, Ek sal sy puin van hom af wegvee en hom 'n kaal rots maak. Hy sal binne-in die see 'n droogmaakplek van nette wees; want Ek het dit gesê, spreek die Here HERE; en hy sal 'n buit vir die nasies wees. En sy dogters wat op die land is, sal met die swaard gedood word; en hulle sal weet dat Ek die HERE is. Want so sê die Here HERE: Kyk, Ek laat Nebukadrésar, die koning van Babel, die koning van die konings, van die noorde af teen Tirus kom, met perde en strydwaens en ruiters en 'n menigte en baie mense. Hy sal jou dogters op die land met die swaard doodmaak en forte teen jou opstel en 'n wal teen jou opwerp en die skilddak teen jou oprig. En hy sal die stoot van sy stormram teen jou mure rig en jou torings met sy breekysters afbreek. Vanweë die menigte van sy perde sal hulle stofwolk jou oordek; jou mure sal bewe vanweë die gedruis van ruiters en wiele en strydwaens as hy deur jou poorte intrek, soos 'n mens indring in 'n stad wat oopgebreek is. Hy sal met die hoewe van sy perde al jou strate vertrap; jou mense sal hy met die swaard doodmaak, en jou trotse klippilare sal op die grond val. En hulle sal jou rykdom buitmaak en jou koopware roof en jou mure afbreek en jou kosbare huise omgooi; en hulle sal jou klippe en jou houte en jou puin in die water slinger. En Ek sal die geruis van jou liederes laat ophou, en die klank van jou siters sal nie meer gehoor word nie. Ja, Ek sal jou 'n kaal rots maak, 'n droogmaakplek van nette sal jy wees en nooit herbou word nie; want Ek, die HERE, het dit gesê, spreek die Here HERE. So sê die Here HERE aan Tirus: Sal die kuslande nie bewe van die geluid van jou val, as die gewondes kerm, as hulle 'n moord in jou aanrig nie? Dan sal al die vorste van die see van hulle trone afklim en hulle mantels afhaal en hulle veelkleurige klere uittrek; met siddering sal hulle beklee word, op die grond sal hulle sit en elke oomblik sidder en oor jou verbaas wees. En hulle sal 'n klaaglied oor jou aanhef en vir jou sê: Hoe het jy vergaan wat bewoon was uit die see, hoog geroemde stad; wat sterk was deur die see, hy en sy inwoners, wat die skrik vir hulle ingeboesem het by al die kusbewoners. Nou sal die kuslande sidder op die dag van jou val; en die kuslande wat aan die see is, sal verskrik word oor jou uiteinde. Want so sê die Here HERE: As Ek jou 'n verwoeste stad maak, soos die stede wat nie bewoon is nie; as Ek die watervloed oor jou laat opkom en die groot waters jou oordek; dan sal Ek jou laat neerdaal saam met die wat in die kuil neerdaal, na die mense van die voortyd; en Ek sal jou laat woon in die onderste plekke van die aarde, in ewige woesteny, saam met die wat in die kuil neergedaal het, sodat jy nie bewoon word nie; en Ek sal*

heerlikheid gee in die land van die lewendes. Maar jou sal Ek tot 'n voorwerp van verskrikking maak, en jy sal daar nie wees nie; jy sal gesoek word, maar vir ewig nie meer gevind word nie, spreek die Here HERE. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Maar jy, mensekind, hef 'n klaaglied oor Tirus aan, en sê aan Tirus, wat woon by die ingange van die see, wat handel drywe met die volke na baie kuslande toe: So spreek die Here HERE: o Tirus, jy sê: Ek is volmaak in skoonheid. In die hart van die seë is jou gebied; jou boumeesters het jou skoonheid volkome gemaak. Van sipresse uit Senir het hulle vir jou al die plankwerk gebou; 'n seder uit Líbanon het hulle geneem om op jou 'n mas te maak. Van eikebome uit Basan het hulle jou roeispane gemaak; jou dek het hulle gemaak uit ivoor, ingelê in dennehout uit die kuslande van die Kittiers. Veeltkleurige fyn linne uit Egipte was jou seil, om vir jou as vlag te dien; pers en purper stowwe uit die kuslande van Elísa was jou hutbedekking. Die inwoners van Sidon en Arwad was jou roeiers; jou wyse manne was in jou, o Tirus, hulle was jou stuurmanne. Die oudstes van Gebal en sy wyse manne was in jou om jou lekplekke reg te maak; al die skepe van die see en hulle seevaarders was in jou om jou koopware te verhandel. Perse en Ludiete en Putéers was in jou leër, jou krygsmanne; skild en helm het hulle in jou opgehang; hulle het aan jou glans gegee. Die kinders van Arwad en jou leër was op jou mure rondom, en die Gammadiete was op jou torings; hul skilde het hulle aan jou mure rondom gehang; hulle het jou skoonheid volkome gemaak. Tarsis het handel gedrywe met jou weens die menigte van allerhande goed: silwer, yster, tin en lood het hulle as handelsartikels aan jou gelewer. Jawan, Tubal en Meseg, hulle was jou koopmans; slawe en kopergoed het hulle as koopware aan jou gelewer. Uit die huis van Togarma het hulle perde en ryperde en muilesels as handelsware aan jou gelewer. Die kinders van Dedan was jou koopmans, baie kuslande die handelsgebied wat tot jou beskikking gestaan het; olifantstande en ebbehout het hulle aan jou as betaling gebring. Aram het met jou handel gedrywe weens die menigte van jou kunswerke: karbonkel, purper en veeltkleurige stowwe en fyn linne en korale en robyne het hulle as handelsartikels aan jou gelewer. Juda en die land Israel, hulle was jou koopmans; koring van Minnit en meel en heuning en olie en balsem het hulle as koopware aan jou gelewer. Damaskus het met jou handel gedrywe weens die menigte van jou kunswerke, weens die menigte van allerhande goed: wyn van Helbon en wit wol. Wedan en Jawan het uit Usal aan jou smee-yster as handelsartikel gelewer; kassie en kalmoes was onder jou koopware. Dedan het met jou handel gedrywe in saalkleedjies om op te ry. Arabië en al die vorste van Kedar, hulle was die koopmans wat tot jou beskikking gestaan het; lammers en ramme en bokke—daarin het hulle met jou handel gedrywe. Die koopmans van Skeba en Raëma, hulle was jou koopmans; die fynste van allerhande speserye en allerhande edelgesteentes en goud het hulle as handelsartikels aan jou gelewer. Haran en Kanne en Eden, die koopmans van Skeba, Assur en Kilmad het met jou handel gedrywe. Hulle was jou koopmans in pragtige klerasie, in mantels van pers stof en veeltkleurige goed en in bont geweefde tapyte, in gevlegte en gedraaide toue, op jou mark. Die skepe van Tarsis het jou koopware vir jou aangevoer, sodat jy vol en baie heerlik geword het in die hart van die seë. Die wat jou geroei het, het jou op groot waters gebring; die Oostewind het jou verbreek in die hart van die seë. Jou goed en jou handelsartikels, jou koopware, jou seevaarders en jou stuurmanne, die wat jou lekplekke reggemaak het en die wat jou koopware verhandel het, en al jou krygsmanne wat in jou is, saam met jou hele menigte wat in jou is—hulle sal val in die hart van die seë op die dag van jou val. Van die harde geskreeu van jou stuurmanne sal die oop velde bewe. En almal wat die roeispaan hanteer, sal van hulle skepe afklim; die seevaarders, al die stuurmanne van die see, sal op die land gaan staan. En hulle sal hul stem oor jou laat hoor en bitterlik skreeu; en hulle sal stof op hul hoofde gooi, hulle wentel in die as. En hulle sal om jou ontwil 'n kaal plek skeer en rouklere aangord en oor jou ween met bitterheid van siel, in 'n bitter rouklag. En hulle sal in hul weeklag oor jou 'n klaaglied aanhef en oor jou sing: Wie was soos Tirus, die doodstille daar in die see? Toe jou handelsware uit die see voortgekom het, het jy baie volke versadig; met die menigte van jou goed en jou koopware het jy die konings van die aarde ryk gemaak. Nou is jy verbreek van die see af in die dieptes van die waters; jou koopware en jou hele menigte het saam met jou weggesink. Al die inwoners van die kuslande staan verbaas oor jou, en hulle konings huiwer van skrik, met donker aangesigte. Die handelaars onder die volke spot oor jou; jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, sê aan die vors van Tirus: So spreek die Here HERE: Omdat jou hart hoogmoedig was en jy gesê het: Ek is 'n god, ek bewoon 'n godewoning in die hart van die seë—terwyl jy tog 'n mens is en geen god nie—en jou hart gemaak het soos die hart van 'n god; kyk, jy is wyser as Daniël, alles wat verborge is, is vir jou nie te duister nie! Deur jou wysheid en deur jou verstand het jy vir jou rykdom verkry, ja, jy het goud en silwer in jou skatkamers verwerf; deur die grootheid van jou wysheid in jou koophandel het jy jou rykdom vermeerder, en jou hart het hoogmoedig geword deur jou rykdom; daarom, so sê die Here HERE: Omdat

jy jou hart gemaak het soos die hart van 'n god, daarom, kyk, Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies, en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het, en jou glans ontheilig. In die kuil sal hulle jou laat neerdaal, en jy sal in die hart van die seë die bittere dood sterwe van een wat verslaan is. Sal jy werklik sê, in die aangesig van hom wat jou doodmaak: Ek is 'n god! — terwyl jy tog 'n mens is in die hand van hulle wat jou deurboor, en geen god nie? Jy sal die dood van onbesnedenes sterwe, deur die hand van vreemdes; want Ek het dit gesê, spreek die Here HERE. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtheid in jou gevind is. Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien. Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, rig jou aangesig teen Sidon en profeteer teen hom en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Sidon, en Ek sal My verheerlik in jou midde; en hulle sal weet dat Ek die HERE is as Ek in hom strafgerigte voltrek en My in hom as die Heilige laat ken. En Ek sal die pes in hom stuur en bloed op sy strate, en die gewondes sal in hom val deur die swaard wat teen hom is van alle kante, en hulle sal weet dat Ek die HERE is. En daar sal vir die huis van Israel geen steekdoring en smartlike distel meer wees onder almal wat rondom hulle is nie, wat hulle verag; en hulle sal weet dat Ek die Here HERE is. So sê die Here HERE: As Ek die huis van Israel versamel uit die volke onder wie hulle verstrooi is, en Ek My in hulle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies, dan sal hulle in hul land woon wat Ek aan my kneg Jakob gegee het. En hulle sal daarin veilig woon en huise bou en wingerde plant; ja, hulle sal veilig woon as Ek strafgerigte voltrek teen almal wat hulle van alle kante verag; en hulle sal weet dat Ek die HERE hulle God is". (Ezek 26:2-28:26)

Watter ontsettende woorde. Dat die HERE jou vertel dat jou god die Satan is, en dat jy die dood van onbesnedenes sal sterf. Die gedeelte bevestig dié uit Openbaring van die dier wat uit die see opkom.

Dit dan wat met die verskillende groepe sal gebeur en reeds besig is om te gebeur, en alreeds gebeur het.

HOOFSTUK VIER - OPENBARING 4 EN 5 - DIE GESIG VAN DIE TROON EN DIE LAM

GESIG VAN DIE TROON

Hierdie is nou 'n baie interessante en vir baie mense 'n baie ingewikkelde gedeelte. Dit beskryf nou die troon waar die Vader sit, al die ouderlinge wat saam met Hom regeer, en dan in hoofstuk vyf die beskrywing van Jesus wat waardig is om die boek oop te maak. So alles wat van hier tot in hoofstuk twintig gebeur, wys vir ons wat het gemaak dat mense se name nie geskryf is in die ander boek wat Jesus gehad het nie, die boek van die lewe. *"En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."* (Openbaring 20:15). So die boek wat net Jesus magtig is om te open en wat in hierdie gedeelte van Openbaring 5, en dan van hoofstuk 6 tot 19 bespreek word, is in teenstelling met die van Openbaring 20 en bevat al die oordele wat oor die mense uitgestort is en sal uitgestort word wie se name nie in die boek van die lewe geskryf is nie.

Nou kan ons begin met hoofstuk vier. Nou hoor Johannes 'n stem wat soos 'n basium geklink het wat by 'n geopende deur in die hemel uitgekom het. Die stem roep Johannes om op te gaan na die hemel sodat hy kan sien wat na die vorige gedeelte sal gebeur. So dit wil vir ons sê dat alles wat in die eerste paar hoofstukke beskryf is, op aarde sal gebeur, so gedurende ons tyd wat ons as Kerk sal funksioneer, en dat wat nou geopenbaar gaan word in die hemel sal gebeur na ons dood. So die gebeure sal van daardie tyd af al gebeur en aanhou totdat die laaste persoon wat gered moet word, sterf. So geen van die oordele sal op die huidige aarde plaasvind nie, maar sal in die hemel plaasvind met die verskillende gelowige groepe.

Johannes beskryf dat hy dadelik in die Gees was, so dit leer ons dat vleeslike mense dit nie sal kan sien nie, maar slegs die wat deur die Gees van Jesus, die Heilige Gees, een met Hom geword het.

Johannes beskryf nou waar die HERE is, in Sy paleis. Net eers gou hoe dit in die Ou Testament in Psalms beskryf word in Ps 11 vers 4: *"Die HERE is in sy heilige paleis; die troon van die HERE is in die hemel; sy oë sien, sy ooglede toets die mensekinders."* En dan in Jesaja *"In die sterfjaar van koning Ussia het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het. Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg. En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërske. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol! En die drumpelposte het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol rook geword. Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërske, gesien! Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het, en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen. Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my. En Hy het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie. Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie. Toe sê ek: Hoe lank, Here? En Hy antwoord: Totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot 'n wildernis, en die HERE die mense ver verwyder het en die verlatenheid groot is in die land. En as nog 'n tiende deel daarin is, sal dit weer wees tot verwoesting; maar soos by die terpentynboom en die eikeboom—as hulle omgekap word—'n stomp oorbly, so sal die heilige geslag die stomp daarvan wees."* (Jesaja 6:1-13)

Iets wat my dadelik opgeval het in die gedeelte is dat die glorie van die HERE beskryf word, maar nie hoe Hy self lyk nie. Selfs toe Moses gevra het dat hy die HERE kon sien, was die HERE se antwoord: *"Ook het die HERE gesê: Kyk, hier is 'n plek by My waar jy op die rots kan gaan staan. En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het. En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie."* (Exodus 33:21-23)

So vind ons net 'n glimps van wat Johannes vir ons beskryf van die Vader, maar onmiddelik beskryf hy hoe skitterend die troonkamer is en wie almal om die troon gesit het, en al die ander wesens wat daar was. Daar word net genoem van sy prag en majesteit, en beskryf met die kleur van edelgesteentes wat in die borsplaat van die hoëpriester moes wees, en wat ons ook later van lees wat die fundamente van die Nuwe Jerusalem sal wees. *"En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen."*(Openbaring 21:10-11) *"En voorsien dit van 'n steenvulling van vier rye stene: 'n ry met 'n karneool, 'n topaas en 'n smarag moet die eerste ry wees. En die tweede ry: 'n karbonkel, 'n saffier en 'n jaspis. En die derde ry: 'n hiasint, 'n agaath en 'n amethyst. En die vierde ry: 'n chrisoliet en 'n oniks en 'n sardoniks. Hulle moet in goud vasgesit wees by hulle invulling. En die stene moet volgens die name van die kinders van Israel twaalf wees, volgens hulle name. Soos op 'n seëlsteen uitgesny word, so moet hulle vir twaalf stamme wees, elkeen volgens sy naam."*(Exodus 28:17-21)

So die beeld wat Johannes beskryf is die van dié Hoëpriester, en die van die plek waar al die oorwinnaars saam sal wees.

Nou volg die beskrywing van wie almal by die Troon van God is. Eerstens is daar vier en twintig trone met vier en twintig ouderlinge op. Ons moet onthou dat die beeld wat Johannes gesien het ooreenstem met hoe regerings geopereer het gedurende die tyd, en by die mense bekend was. Die Koning is dus op sy troon, en word omring deur verteenwoordigers van alle Christene. Wie die persone is, word vir ons beskryf in twee gedeeltes in Openbaring.

"Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank".(Openbaring 20:6)

"Ky, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe naam."(Openbaring 3:11-12)

So die persone wat op die troon sit is ook die wat die oordeel sal sien waardeur elke persoon in sy lewe sal gaan en of die ewige lewe, of die ewige dood sal beërf. Vanaf die gedeelte, reg deur die hele boek van Openbaring sien ons elke nou en dan dat die vier en twintig ouderlinge op hulle trone sit. So hulle sal altyd deur sien hoekom sekere mense se name in die boek van die lewe is, en hoekom ander se name nie daar sal wees nie. Dit is waarom die hoofstukke handel wat hier op volg. Dit gaan oor die boek van die oordele, dit wat elke Christen sal moet deurgaen, om te verseker dat hulle name in die boek van die lewe is. Die ouderlinge bring altyd eer en verheerliking aan die Vader, die Koning wat op Sy troon sit, want hulle weet dat hulle daar is omdat hulle gehou het by dit wat van hulle verwag was. Noudat ons weet wie op die trone is, kan ons aanbeweeg.

Maar hoekom juis vier en twintig ouderlinge? Die beeld straal vir my uit dat die volle mensdom deur die ouderlinge verteenwoordig sal wees. In die Ou Verbond vind ons twaalf stamme, en in die Nuwe Verbond twaalf apostels. So beide verbonde word verteenwoordig voor die troon van die HERE. Hulle regeer oor alle mense, en sal sien hoe alle mense of die ewige lewe of die ewige verdoemenis sal ontvang. So daar is nie verteenwoordigers van verskillende kerk genootskappe nie maar slegs verteenwoordigers van die Ou Verbond, en so dan ook verteenwoordigers van die Nuwe Verbond Christene. Jesus stel dit so aan Petrus: *"Mat 19:28 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel."*

Dit gee alreeds vir ons 'n groot sleutel tot die hele boek van Openbaring, en dit is dat elke persoon vir sy eie toekoms moet sorg, en dat mense nie verwerp of aangeneem word omdat hulle aan 'n spesifieke genootskap, kerk of volk behoort nie. Dit stem saam met wat ons van in Esegïel 18 lees: *"Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op*

hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees. Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie; deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe. Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie? Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe.” (Esegiël 18:20-24) Dit word bevestig vir ons in Galasiërs 6 verse 4 en 5: “Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel; en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie. Want elkeen sal sy eie pak dra.”

Wie presies daar gaan sit word nie vir ons uitgespel nie. So ek kan verseker nie sê wat die persone se name gaan wees nie, maar dat beide die Ou en Nuwe Verbondsgenote daar verteenwoordig sal wees.

DIE GESIG VAN DIE LAM

Nou beskryf Johannes in hoofstuk sewe dat daar 'n boek aan die regterhand van die Vader is, met 'n engel wat vra wie is waardig om die boek oop te maak en die seëls te breuk. Daar is slegs Een wat waardig is, en dit is Jesus wat Sy lewe opgegee het in die hemel en versoening te bring vir ons as mens om weer in die regte verhouding met die Vader te wees. Dit is die Lam wat in die middel staan soos 'n Lam asof Hy geslag is, Jesus Christus, die Seun van God. Nou sien ons ook dat Hy in die middel staan, en dit is waar die woord middelaar vandaan kom, want slegs deur Sy bemiddeling, kan daar lewe vir ons as kinders van God wees.

Hy het sewe horings gehad, wat sewe aankondigings kan verteenwoordig, wat met basuingeklank aangekondig sal word. Dit is die sewe basuine wat later in die boek bespreek word. Die horings kan ook die sewe, wat die volmaakte voorstel, owerste aandui. Jesus is die opergesag oor al wat lewe, in Sy heerskappy is daar geen begin of einde, en is Hy die Een waaraan alle mag gegee is. “*Mat 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*”

Nou lees ons dat Jesus die boek uit die hand van die Vader neem, en alle wesens Hom aanbid en sing: “*Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.*” (Openbaring 5:9-10). Dan hoor en sien Johannes verder in vers 13: “*En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag tot in alle ewigheid!*”

HOOFSTUK VYF - OPENBARING 6 - DIE OPMAAK VAN DIE EERSTE SES SEËLS

Van hierdie hoofstuk af vind ons wat met ons as Christene elkeen sal gebeur. Dit sal vir ons wys waarom mense se name nie in die boek van die lewe geskryf is nie. Dit begin by die wit perd, die verbond, en dan word daar elke keer vir ons gewys dat alhoewel ons aan die vorige vereiste voldoen het, wat die volgende maatstaf sal wees waaraan ons gehoor moet gee.

Ek weet ons kry baie mense wie se houding is dat al hierdie teologiese redenasies nie saak maak nie, en dus glad nie wil hoor of weet wat gebeur na hierdie aardse lewe nie, maar vir my wil ek so verseker weet hoe en wat daar sal gebeur, dat ek liever nou wil leer as om te leer wanneer ek die dag sterf. Die Bybel beskryf vir ons in detail wat en hoe dit sal gebeur, so ek wil eerder 100% seker maak van my saak as wat ek dalk die woorde moet hoor dat my naam nie geskryf staan in die boek van die lewe nie. Jesus het ook vir Israel beskryf wat Sy maatstaf gaan wees met die oordeelsdag, en vandag nog hoor ons maar min boodskappe van predikers wat die saak bespreek.

*“Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: **Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!**” (Mat 7:21-23)* Dan volg daar nog die gedeelte in hoofstuk 25: *“En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was ‘n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U ‘n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was ‘n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of ‘n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. **En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdige in die ewige lewe.**”(Mat 25:31-46)*

Hierdie gedeelte wat deur Matteus opgeteken is, was reeds aan Israel bekend in daardie dae, want dit is ook opgeteken in die boek van Henog wat so tussen 100 en 300 jaar voor Christus geskryf is. Petrus en van die ander apostels het ook van die boek gekwoteer in hulle briewe: *“En ek het gesê: hoe geseënd is die plek nie! Die manne het my geantwoord: Hierdie plek, Henog, word voorberei vir die opregtes wat in hulle lewes swaarkry moes verduur, wat hulleself kasty en hulle oë afgewend het van die ongeregtheid en ware regverdige oordeel uitgespreek het, en wat brood gegee het aan die verhongerdes, en die naaktes met klere bedek het, wat die struikelendes orent gehelp het, en diegene behulpsaam was teenoor die wie kwaad gepleeg is, wat hulle lewe voor God geleef en Hom alleen gedien het. Vir hulle word hierdie plek toeberei as hulle ewige erfdeel.”*

So die persone wie se name nie geskryf is in die boek wat Jesus in Openbaring 20 oopmaak, se name sal nie daar wees nie want hulle gee nie, en het nie ag gegee op dit wat van ons Christene verwag word nie.

DIE EERSTE SEËL

Johannes word nou deur die eerste wese, die leeu geroep om te kyk wat die eerste kwalifiserende lewenswyse is en waarom mense faal. Die woord het uitgegaan op 'n wit perd, 'n perd wat skoon en rein is soos wat die boodskap van die verbond is. Die verbond maak dat al jou sondes vergeef word, sodat ons rein en sonder 'n tikkie vuilheid voor die genade troon van die Vader kan verskyn. So die eerste perd gaan uit en oortuig die mens dat hy in verbond met die Vader moet wees om enigsins aanspraak te kan maak dat jou naam nie verwyder word uit die boek van die lewe nie. Jesaja beskryf dit as volg: *"Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, betuel die verdrukke, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: **al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek.**"* (Isaiah 1:16-20)

Soos u hier sien beskryf Jesaja ook dit wat Jesus in Matteus 25 en Henog bespreek het dat ons as Christene reg moet lewe, soos Christene, anders gaan ons vind dat ons naam nie geskrywe staan in die boek van die lewe nie. Die tweede gedeelte wat ek beklemtoon het is wat deur die vierde seël beklemtoon word. Ek weet niemand se werke alleen gaan maak dat hulle in die hemel kom nie, maar slegs die wat glo dat Jesus die volmaakte weg vir ons gebaan het. Maar, ek weet ook dat daar niemand in die hemel gaan wees wie se werke nie wys dat hulle kinders van God is nie.

In die ou verbond moes die Israeliete die wet onderhou wat hulle geregtig gemaak het om as kinders van die lewende God te kwalifiseer, en in die nuwe verbond is Jesus ons geregtigheid. Ou Verbond: *"En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het."* Deut. 6:25.

Nuwe verbond: *"Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. **Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.** Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."* (Rom 10:3-10) Dit voldoen ook aan die vereistes dat niemand na die Vader kan kom behalwe deur Jesus nie. Hy is die Lewe en die Weg en die Waarheid. "Joh 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie."

Open 12:11 *"En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie."* Hier sien ons die enigste manier om die dood te oorwin is deur die verbond. Hoe word dit gedoen?

Met die bloed van die Lam (Bloed aan die deurposte)
Woord van hulle getuienis (Besnyding)
En hulle het tot die dood hulle lewe nie liefgehad nie.

Ons moet ons kruis elke dag opneem en sterf aan ons eie wil. "En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. **Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red**" (Luk 9:23-24) So die eerste wese wat Johannes geroep het was die leeu van Openbaring 5:5 "Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek." So die eerste perd word deur Jesus self uitgestuur, en is Hy ook terselfder tyd die een wat sit het op die wit perd. In al die

oordele hierna, vind ons dat Jesus self die een is wat op die perd sit, want Hy is die een wat die oordeel sal voltrek.

DIE TWEEDE SEËL

Die tweede lewende wese was soos 'n kalf. Die kalf is gebruik om 'n verbond mee aan te gaan waar die kalf in die helfte deur gesny is en die persone wat dan die verbond aangegaan het tussen die kalf deur beweeg het. Dit is ook hoe die verbond met Abraham aangegaan is deur die HERE. *"En Hy antwoord hom: Neem vir My 'n driejaaroud vers en 'n driejaaroud bokooi en 'n driejaaroud ram en 'n tortelduif en 'n jong duif. En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie. Toe kom daar roofvoëls op die dooie diere af, maar Abram het hulle weggejaag."* (Genesis 15:9-11) In die verbond vind ons dat die kalf altyd gebruik was en in twee dele gedeel is. Die betekenis daarvan is dat wanneer jy in verbond met die HERE of selfs met enig iemand anders staan, dat indien een party die verbond verbreek, die ander party so mee kan optree soos teenoor die kalf opgetree is. So indien ek die verbond verbreek, het Jesus die reg om my te dood.

Hy het ook na Johannes geroep en gesê hy moet kom kyk. Toe is die tweede perd vrygelaat, en hy was vuurrooi. *"En 'n ander perd, 'n vuurrooie, het uitgekóm, en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee"*. (Openbaring 6:4) Hier word ons daarop gewys dat dat daar nooit vrede op die aarde sal wees nie. Ons hoef maar net elke dag rondom ons te kyk om te sien hoeveel moord, roof en allerhande ongeregthede aangaan. Almal probeer so hard om in ons liewe Suid Afrika eenheid te bewerkstellig, maar dit kan nooit plaasvind nie.

Selfs tussen verskillende Christen groepe is daar nie eenheid nie. Maar die stuk wys daarop dat hulle mekaar sal doodmaak, en doodmaak beteken nie altyd fisiese dood nie, maar ook geestelike dood. Hoeveel keer het ek al van Christene gehoor dat as jy nie so en so maak nie, of dat jy oorgaan van een genootskap na 'n ander, dat jy nie meer die ewige lewe sal verkry nie. Om net een groep as voorbeeld te noem, sien ons dat indien jy sou besluit dat die boodskap van kinderdoop nie reg is nie en jy jou laat doop volgens die voorskrifte van die verbond, dat jy nou verlore is. Calvyn self het verklaar dat indien iemand sy teologie in twyfel bring so 'n persoon uitgeroei moet word. So ons moet baie versigtig wees, want die perd het 'n groot swaard. Ons weet almal dat die Bybel, die Woord van God, die swaard is wat mense sal oordeel.

So die rede waarom mense se name nie in die boek van die lewe verskyn nie, is dat hulle deur die tweede perd, die een wat vrede wegneem en skeiding maak tussen reg en verkeerd, se boodskap beoordeel is, en gefaal het. Dit is ook die rede vir die rooi kleur van die perd, want daar sal altyd bloed vloei wanneer mense in stryd is met mekaar. Verder moet daar ook bloed vloei om sonde te vergewe, en dit is wat Jesus kom doen het.

So al staan ons in verbond met die HERE dui hierdie gedeelte daarop dat die daarop volgende skeiding sal wees oor hoe ons as verbondskinders teenoor mekaar optree.

DIE DERDE SEËL

Die derde wese, die een met die gesig van 'n mens het toe met Johannes gespreek nadat Jesus die derde seël opgemaak het en gesê: *"En toe Hy die derde seël opgemaak het, hoor ek die derde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand. En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie."* (Openbaring 6:5-6)

Die swart perd, wat vir ons wys dat die mense wie deur dié oordeel se name uitgewis is uit die boek van die lewe, sondig is. Nie net donker van sonde nie, maar werklik swart is. So daar is geen lig van die boodskap van verlossing in hulle te vinde nie. Nou word daar verduidelik dat die weegskaal gebruik sal word om koring en gars daarop te weeg. Dit was die bestandele van brood in die tyd van Johannes, so die evangelie is beskikbaar vir beide ryk en arm mense. Koring was gebruik vir brood

deur die ryker mense terwyl gars deur die armer mense gebruik is om brood van te maak. Jesus het ook garsbrode gebruik toe hy die menigte mense gevoed het met slegs die vyf brode en twee visse. En ons weet ook dat Jesus self verklaar het dat Hy die brood van die lewe is: *"En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie."* Joh 6:35

Daar moet wel daarop gelet word dat die persone wat nie deel wil word van die evangelie van Jesus as brood wil aanvaar nie, nie wyn, die bloed van Jesus en die Nagmaal as verbondsmaal, en olie, die salwing van die Heilige Gees mag ontvang nie. So indien die persone nie Jesus as verlosser aanvaar nie, mag hulle nie deelneem aan die nagmaal nie, en mag hulle nie gesalf word om deelagtig te word aan die gawes van die Heilige Gees nie. Die weegskaal wys daarop dat dit eerstens 'n hemelse weegskaal is, een wat akkuraat weeg, en dat daar presies genoeg geleentheid gegee word aan elke persoon om die evangelie van Jesus Christus te aanvaar as die enigste wyse om die ewige lewe te ontvang. Die feit dat die derde gesig die van 'n mens is, wys ook daarop dat Jesus as mens onder ons kom woon het, en daarom met ons behoeftes bekend is.

Ons moet daarop let dat beide die Ou en Nuwe Testament die wet saamvat as volg: Lukas 10:27 "En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself." So al het jy aan al die voorskrifte tot sover voldoen maar daar was geen liefde in jou gevind nie, sal jy deur die swart perd val.

DIE VIERDE SEËL

"En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk! En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde." (Openbaring 6:7-8) Die wese is die van 'n arend soos vir ons uitgelig in Deuteronium: "Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels— die HERE alleen het hom gelei, en daar was geen vreemde god by hom nie." (Deut 32:11-12) So dit gee ons te kenne dat die HERE Hom alleen as hulle God geopenbaar het, en so ook vir ons die enigste God is.

Nou volg die vaal perd, en aan hom is mag gegee om 'n kwart van die mense se name uit te wis uit die boek van die lewe. Maar hoekom, wat is fout met die mense? Ons vind dieselfde rede in Esegïël: *"Mensekind, as 'n land teen My sondig deur troubleuk te begaan, en Ek my hand daarteen uitstrek en die staf van die brood daarvan verbreek en 'n hongersnood daarin stuur, en Ek daaruit mens en dier uitroei— al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, spreek die Here HERE. As Ek wilde diere in die land laat rondswerf, dat hulle dit kinderloos maak en dit 'n wildernis word, sodat niemand daar deurgaen vanweë die wilde diere nie— al was hierdie drie manne daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seuns of dogters red nie; net hulle sou gered word, maar die land sou 'n wildernis wees. Of as Ek die swaard bring oor daardie land en sê: Laat die swaard deur die land trek! en Ek daaruit mens en dier uitroei— al was hierdie drie manne daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seuns of dogters red nie, maar net hulle sou gered word. Of as Ek pes in daardie land stuur en my grimmigheid daaroor uitgiet in bloed, om daaruit mens en dier uit te roei— al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red. Want so sê die Here HERE: Hoeveel te meer as Ek my vier kwaai gerigte, swaard en hongersnood en wilde diere en pes, op Jerusalem afstuur om daaruit mens en dier uit te roei! Maar kyk, daarin sal oorbly wat ontvlug, wat uitgebring word, seuns en dogters; kyk, hulle kom uit na julle toe, dat julle hulle weg en hulle handeling kan sien, en julle getroos kan word oor die onheil wat Ek oor Jerusalem gebring het, oor alles wat Ek daarvoor gebring het. Ja hulle sal julle troos as julle hulle weg en hulle handeling sien; en julle sal weet dat Ek nie tevergeefs alles gedoen het wat Ek daarin gedoen het nie, spreek die Here HERE." (Esegïël 14:13-23)*

Ons vind hier dat ek net deur my eie geregtigheid gered sal word. Ek kan nie steun op my leeraar, kerkgenootskap of wat ookal nie, nee, net ekself moet deel word van die verbond om te verseker dat my naam in die boek van die lewe sal staan. Paulus sê die volgende in Galasiërs 6 vers 5: *"Want*

elkeen sal sy eie pak dra." Net soos Esegël dit bevestig dat dit nie saak maak hoe groot Christen ek is nie, kan ek nie namens iemand anders God se oordeel afweer nie. *"al was Noag, Daniël en Job daarin, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, hulle sou geen seun of dogter red nie; hulle sou net hulle eie siel deur hul geregtigheid red."* So dit bevestig weereens dat ek self Jesus se geregtigheid moet besit, en dat net my eie geregtigheid sal tel op die dag wat die finale oordeel kom.

Hier vind ons dat daar vier redes is waarom hierdie mense se name nie in die boek van die lewe is nie. So as u wil weet of u in die groep val, is daar 'n paar vrae wat vir u 'n antwoord sal verskaf. Die eerste vraag is of u nog iets by u gemeente leer? Kan u 'n nuwe bekeerling leer aangaande al die vereistes wat daar is om te verseker dat hy 'n kind van die HERE is? Weet u presies wat die leerstelling van handoplegging behels, hoe dit gebruik moet word en of dit nog van pas is? Dit is wat gebeur wanneer ons tevrede raak met ons stand as Christene. Ons hou op om te leer, en sodoende sal ons sterf aan hongersnood. Wat het u die afgelope jaar geleer?

Die tweede rede waarom die mense sterf is dat hulle sal sterf aan die pes. Hoe weet ek of ek die pes het? Die pes hier beteken vir ons dat ons verklaar dat ons groep alles reg doen en dat ons seker is dat almal wat aan ons groep behoort, die ewige lewe sal beërwe. U sien ons hou nie van introspeksie nie, want dit beteken dat ek die goed wat ek nie mee tevrede is in my lewe, weer in die oog moet kyk. Dit beteken ook dat ek die vraag moet vra of elke beginsel wat ek aan vashou, Bybels is. Hoeveel gewoontes en beginsels het u wat dalk nie in die Bybel gevind kan word nie? Ek besit ook die pes as ek verklaar dat die mense maar kan aangaan met al hulle waarskuwings en debatte, want hulle sal ook eendag "bykom". My lewe is mos heel goed, en ons moet ook nie 'n "te" by alles sit nie. Dit is die groep wat Openbaring en ook Jeremia asook Esegël verklaar sal sterf van die pes.

Die derde rede hoekom hulle sal sterf is deur die swaard. Wie is die groep dan? Dit is die groep wat besluit dat hulle nie in die eerste twee pas nie, en dan die Bybel wil verklaar dat sekere gedeeltes net vir daardie tyd gegeld het, en nie meer op ons vandag van toepassing is nie. Hulle wil soos in Jeremia se tyd uit Jerusalem gaan en in die naburige dele gaan woon. Maar Esegël het ook verklaar dat hulle sal sterf deur die swaard as hulle uit die stad uitgaan. Weet u ons kan nie sonder Jesus klaar kom nie? Indien ons dit probeer doen is dit dan dat ons na die Bybel gryp en allerhande snaakse leerstellings mee kom, wat uiteindelik ons dood beteken. Die Woord van God is die swaard wat ons sal oordeel.

Die laaste rede, die wilde diere, is die mense wat hulle laat lei deur godsdienstige mense, maar wat nie die boodskap van Jesus verkondig nie. Die persone roem gewoonlik op allerhande wonderwerke wat hulle kan doen, en hoe hulle al die probleme van die mense kan laat verwyder. Ons as mense wil tog so graag dat ons net lekker moet kan lewe, en dit is wat die wilde diere vir die mense voorhou. Ek het eendag met 'n dame gesels wat my vertel het dat sy vir 'n paar dae na 'n kamp gaan van die persoon, of soos sy na hom verwys het, haar "medicine man" waar hulle in tente woon, hulle self met modder besmeer en hy dan vir hulle bid en so al hulle probleme en siektes genees. En natuurlik kos dit ook 'n aardige bedrag om daarheen te gaan. Die ergste van die ondervinding was dat die persoon van kanker genees was na die naweek saam met die "medicine man".

Ander wilde diere vind ons ook tussen mense vandag wat hoog aangeskryf word deur baie Christene. Mense wat hulle self apostels en allerhande titels noem en voorgee dat net hulle van die HERE hoor en soveel "nuwe openbarings" mee voor 'n dag kom. Hulle vertel jou altyd jy moet net die persoon se naweek kamp bywoon, of hierdie kurses volg en alles sal regwees daarna. Baie van die kursusse en kampe bring werklike verandering in mense se lewens, maar ons moet elke persoon ondersoek en beoordeel, voordat ons agter die persoon aan hardloop, en Jesus as Verlosser en Saligmaker opsy skuif.

Net Jesus sal ons oordeel of ons aan Sy behoeftes voldoen het. *"En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my*

Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. (Mat 24:4-12) Dit is die wilde diere waarvan Jesus hier praat. Ek beskryf dit gewoonlik dat daar 'n spelfout in hulle titels ingesluip het. Die Bybel verklaar dat ons moet leraars wees, en nie leunars nie.

Dit is ook die einde van die eerste gedeelte wat vir ons beskryf wat op hierdie huidige aarde sal gebeur. So nie net moet ek deel word van die verbond word nie, maar moet ek ook soos een van Sy kinders optree. So nou kan ons weet dat indien ons Jesus se geregtigheid besit en die eerste vier seëls aan voldoen het, ons die ewige lewe sal verkry.

DIE VYFDE SEËL

“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.” (Openbaring 6:9-11)

Nou vind ons die eerste gedeelte wat vir ons as Christene, die wat hulle lewe neergelê het by die altaar, die kruis, van die HERE, en hulle lewe verloor het, en die lewe van Jesus verkry het bemoedig word. Reg deur die boek van Openbaring vind ons dat die werklike Christene te midde van allerhande beproewings ook ondersteun word. Hierdie is die eerste van die gedeeltes. Dit is mense wat rein gewas is deur die bloed van Jesus, wat ook vra hoe lank dit nog gaan duur voor die finale einde gaan kom. Hier leer ons ook dat daar nog medediensknegte eers gedood moet word voor die finale einde sal kom. Jesus stel dit as volg in Mattheus: *“En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.”* (Mat 10:38-39) Dit is dié Christene wat onder die altaar is, hulle het reeds alles gedoen wat die HERE van hulle verwag het. Die enigste iets wat hulle nog voor wag, is vir die finale oordeel want hulle weet dat hulle altyd in die troonkamer by Vader sal wees. In die volgende hoofstuk word daar vir ons 'n idee gegee hoeveel mense dit sal wees: *“Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;”* Openbaring 7 vers 9.

DIE SESDE SEËL

Soos ons nou met die volgende, die sesde seël sal sien, word die aarde verwoes.

“En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Openbaring 6:12-17)

Hier vind ons die einde van die huidige aarde en huidige hemel. Soos daar altyd in die Bybel twee kontrasterende gedeeltes gevind word vind ons dit in die gedeelte ook. Die eerste gedeelte handel altyd oor die wet as geregtigheid, terwyl die tweede dit wat die gedeelte volmaak gemaak het, die geregtigheid van Jesus is onder die Nuwe Verbond. Die eerste einde was natuurlik die einde van die Israel en die wet wat geregtigheid gebring het in die era waar Jerusalem verwoes is, en waar die Woord van die HERE na ons as heiden nasies toe uitgegaan het. Dit is ook die boodskap wat Jesus gebring het in Mattheus 24. Die boodskap het gegaan oor wat met Jerusalem sal gebeur wanneer die

Roomse soldate die stad sal aanval en verwoes. So hier vind ons die eerste of fisiese wat altyd die tweede, of reddende wyse van die HERE voorafgaan. *“Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.”* (Mat. 24:15-22) In die geskiedenis vind ons dat die Christene uit Jerusalem gedryf is deur die Fariseërs en Jode wat nie geglo het dat Jesus die Christus was nie. Die Christene het na die berge gevlug soos Jesus aan hulle bekend gemaak het om te doen. Daar het hulle oorleef. Maar die wat in Jerusalem gebly het en nog steeds met hulle Ou Verbond aanbidding aangegaan het is verwoes deur die Roomse soldate. Geen een van die stene van die tempel het gebly waar dit was nie, en volgens die geskiedenis is daar meer as een miljoen Jode gedurende die tyd gedood. *“Josephus claims that 1.1 million people were killed during the siege, of which a majority were Jewish, and that 97,000 were captured and enslaved,”*

Nou sien Johannes dat dit weer gaan gebeur, maar in die tyd sal die aarde soos ons dit vandag ken, verwoes word. Nou volg die redding plaas vir almal wat deur die eerste vier seëls staande gebly het. Die vyfde seël was natuurlik die troos woorde aan die gelowiges wat die vereistes van die eerste vier seëls aan voldoen het en wag dat die volgende oordele wat ons van lees in Openbaring oor die kinders van die HERE in die hemel eers voltrek moet word.

“Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.” (1Th 4:13-18)

Na hierdie woorde om die gelowiges te troos, vind ons nou weer die volgende oordeel. Hierdie gedeelte is ‘n basiese herhaling van Matteus 24 oor wat met Israel gebeur het met die verwoesting van die tempel. So sal die Kerk ook deur dieselfde oordeel gaan en verwoes word deur mense wat geen belang in die HERE het nie. Dit is wat sal gebeur tydens die tyd met almal wat vertrou het op hulle werke en lidmaatskap van ‘n genootskap om die ewige lewe te verkry. Hulle wêreld sal inmekaar stort en hulle sal nie verstaan hoekom alles wat hul in glo en geglo het afgebreek word nie. Vir hulle sal dit voel asof daar nie meer ‘n rede is om te leef nie. Die owerhede sal allerhande vreemde en sondige optredes beskerm in die naam van menseregte, en sal baie mense nie meer weet hoe om op te tree nie, en wat van die wereld word nie. Maar ons weet ook dat die dag van die oordeel baie naby is.

Johannes verklaar ook dat die Antichris toe alreeds in sy tyd en vandag nog steeds deel is van die Kerk soos ons dit vandag ken. Maar dit wys ook vir ons daarop dat die Antichris eers ontbloot moet word voor die einde van hierdie aarde sal kom. Ons weet dat Johannes vir ons die Antichris gedefinieer het. Die gedeeltes is as volg: *“Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, **bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie;** want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie. En julle het die salwing van die Heilige en weet alles. Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie. **Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.**”* (1Jn 2:18-22) Die tweede gedeelte lui so: *“Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; **en elke gees wat nie bely dat***

Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.” (1Jn 4:1-3) Die laaste gedeelte het seker die grootste impak op ons as Christene. Johannes verklaar hier as volg: ***“Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris. Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar ‘n volle loon ontvang. Elkeen wat ‘n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun. As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie. Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke.”*** (2Jn 1:7-11)

Uit hierdie gedeeltes is daar ‘n paar baie belangrike punte wat Johannes maak. Eerstens verklaar hy dat die Antichris deel is en was van die Kerk. ***“Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.”*** Die tweede belangrike punt is dat die Antichris sal ontken dat Jesus die Seun van God is. ***“Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.”*** Die derde gedeelte verklaar Johannes selfs dat ons deel word van die Antichris indien ons gemeenskap het met mense wat ontken dat Jesus die Christus is. ***“Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris. Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke.”*** Hieruit kan ons nou alreeds sien dat die Antichris nie ‘n spesifieke persoon is of gaan wees nie, **maar mense wat in die Kerk sit en boodskappe verkondig of hulle skaar by mense wat nie glo dat Jesus die Christus is nie. Hoeveel mense glo dat die Jode eers gered moet word gedurende hulle sogenaamde wegrapings teorie, maar ongelukkig verklaar Johannes dat hulle deel is van die Antichris.** So die Antichris is soos ons die uitdrukking in Engels het, die Antichris is “alive and well” binne die Kerk. En dit is wat sal gebeur gedurende die volgende hoofstukke in Openbaring, waar die mense wat hierdie leerstellings bevorder en volg eers van die werklike gelowiges geskei gaan word.

Gelukkig vir ons as kinders van die HERE, weet ons ook dat ons verlossing dan naby is: ***“En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in ‘n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.”***(Lukas 21:25-28)

Die gedeelte word ook in Sagaria bespreek. Hier vind ons die einde van die aarde soos ons dit vandag ken. Sagaria het oor die dag as volg geprofeteer: ***“Kyk, daar kom ‘n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot ‘n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees. En dit sal ‘n enige dag wees wat aan die HERE bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word.”*** (Sagaria 14:1-7)

So dit is nie net die einde van die wêreld nie, maar is ook tegelyke tyd die opstanding van die dooies en die verskyning van Jesus om die wat nog leef op daardie dag saam te neem na die hemel saam met hom. ***“Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here,***

die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.” (1Th 4:13-18)

Nou met die opstanding van die dooies, verskuif die gebeure na die hemel waar al ons verskille in doktrines en standpunte verwyder sal word, en waar die wat waarlik Jesus as Christus erken, hulle loon sal ontvang, en die wat wel deel geword het van die verbond met Christus maar deel geword het van die “kerk stelsel”, geskei sal word. Jesus het daarna verwys in Mattheus 25, toe Hy onderskei het tussen die bokke en die skape. *“En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.” (Mat 25:31-33)* Dit is wat sal gebeur tydens die oopmaak van die sewendeseël, die trompette, die weë en die sewe skale.

Soos ons nou kan sien, sal hierdie aarde en hemel op dié dag verdwyn, en sal daar 'n nuwe aarde en 'n nuwe hemel verskyn.

Dan volg daar nog 'n tyd waartydens die wat wel voldoen het aan die eerste vier seëls van die hoofstuk, eers geleer en gesif moet word om te sien wie werklik in die Nuwe Jerusalem saam met Jesus en die Vader sal bestaan. Beide Jesaja en Miga beskryf vir ons die leer gedeelte: *“En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die HERE!” (Jes 2:2-5)*

Dit is dié gedeelte wat volg en uitgebeeld word in Openbaring 7 tot 19.

HOOFSTUK SES - OPENBARING 7 - DIE 144,000

“En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het ‘n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met ‘n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknechte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. En ek het die getal van die verseëlde gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van Israel” (Openbaring 7:1-4)

Die gedeelte is al soveel kere oor bespiegel en selfs gebruik om eksklusiewe kerkgemeenskappe mee te bou, dat dit nogal ‘n moeilike taak is om hieroor uit te brei. Vir my is daar ‘n sleutel wat net ‘n bietjie verder in die hoofstuk genoem word. Dit lui as volg: *“Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was ‘n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met ‘n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlijkheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen. Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle tranes van hulle oë afvee.” (Openbaring 7:9-17)*

So die 144,000 is die hoofde van die menigte wat voor die troon staan. Hulle is uitgekies om na aan die HERE te kom en Hom te bedien. Ons vind die volgende gedeelte in Esegïel wat beskryf wie voor Hom by die troon staan. Hulle is uitgekies om na aan die HERE te kom en Hom te bedien: *“Dit moet wees vir die priesters wat geheilig is, die seuns van Sadok, wat my verordening onderhou het, wat nie afgedwaal het by die afdwaling van die kinders van Israel soos die Leviëte afgedwaal het nie.”* Eseg 48:11. Ons vind hier dat in die Ou Testamentiese eindtyd beskrywing daar slegs sekere persone as priesters aangewys sal word wat die diens aan die HERE sal kan doen. Hoekom was Sadok dan gekies? Hy was die priester wat by Dawid gebly het terwyl Absalom probeer het om oor te neem as koning, terwyl Abjater hom by Absalom geskaar het, alhoewel hulle albei priesters in Dawid se hof was. So Sadok wys op die opregte, en daarom sal slegs sekere persone as dienaars in die Nuwe Tempel van die HERE kan diens verrig.

Ons lees ook in Openbaring hoofstuk 3 verder dat hierdie 144,000 as leiers en heersers aangestel is: *“Open 3:11 “Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.”* Dit verklaar ook wie die persone is wat ons van lees in hoofstuk 20: *“Open 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuïenis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.”* Net konings dra krone, so dit is dieselfde persone wat saam met Jesus sal regeer, waar Jesus as hoof sal optree. Hulle sal ook deel van die oordeel oor die ongelowiges voltrek.

Die interessantheid is dat die persone nie net van die Leviëte afkomstig kan wees nie, maar van elke stam en taal en nasie. Dit is ook wat ons in Hebreërs leer: *“As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was—want met die oog daarop het die volk die wet ontvang—waarom was dit nog nodig dat ‘n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie? Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet; omdat Hy met die oog op wie hierdie dinge gesê word, aan ‘n ander stam behoort het waaruit niemand die altaar bedien het nie. Want dit is volkome*

duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie. En nog baie duideliker is dit as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek, een wat dit geword het nie kragtens die wet van 'n vleeslike gebod nie, maar uit die krag van die onvernietigbare lewe. Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. Want aan die een kant is daar die opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nutteloosheid daarvan, omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader. En vir sover dit nie sonder eedswering was nie—want hulle het sonder eedswering priesters geword, maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek— in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword. En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly; maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het. Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is.” (Heb 7:11-28)

Nou kan ons leer dat Jesus as Hoëpriester aangestel is in die Hemelse tabernakel, maar dat die persone wat as priesters diens sal doen nie op grond van die geregtigheid van die wet aangestel word nie, aangesien die geregtigheid van die wet opgehef is in Jesus Christus. Hulle is ook nie net deel van die geslag van Levi nie, maar word uit elke stam en nasie en taal gekies. So die persone is die wat volgens Openbaring hoofstuk 3 vers 12 altyd in die tempel sal wees: “Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.”

Nou het ons ook vroeër al in die hoofstuk die volgende gelees: “Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. En ek het die getal van die verseëlde gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van Israel”. So dit verduidelik wie die 144,000 persone sal wees. Hierdie persone sal die seël van die HERE op hulle voorhoof verkry, so dit wys daarop dat hulle denke volmaak ingestel is volgens dit wat die HERE van hulle verwag, en dat daar nie eers 'n sweempie van 'n gedagte oorgebly het wat nog twyfel in die HERE nie. Hoe word dit vir hulle genoem in hoofstuk 3: “Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. **Omdat jy die woord van my lydsamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.**” (Open 3:8-10)

Die persone wat in die tempel diens sal doen sal ook 'n merk ontvang. “die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.” So die persone sal uitgeken word deur dit wat hulle hulle gedagtes mee besig gehou het en wat niks anders as net die HERE in hulle gedagte het nie. Hulle hele lewe gaan oor die HERE en wat Hy van ons verwag, en dit is waarmee hulle hulself mee besig hou.

Maar, gelukkig lees ons ook dat daar 'n menigte mense sal wees wat nie getel kan word nie. “Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!” Hoe geseënd sal ons wees op die dag dat ons weet ons deel van hierdie menigte kan wees.

In die boek van Henog maak Henog ook 'n verskil tussen twee groepe mense. Hy noem die een groep die wat in geregtigheid gewandel het, en die wat die HERE in die Nuwe Jerusalem/Nuwe Tempel sal

bedien, die uitverkorenes. *“Geseënd is julle, die regverdiges en die uitverkorenes, want glorieryk sal julle lot wees. Die regverdiges sal in die lig van die son staan, en die uitverkorenes in die lig van die ewige lewe, die dae van hulle lewe sal sonder ophou wees, en die dae van die heiliges sonder getal.”* Henog 58:2-3.

AGTERGROND VIR DIE HOOFSTUK

Nou kom ons by hoe die gelowiges en ongelowiges van mekaar geskei sal word. Dit volg nou op Openbaring 6, waar ons gelees het dat die aarde verwoes word. So dit is die verwoesting van die fisiese aarde soos ons dit vandag ken, en daarmee tesame al die ongelowiges wat nog lewe. Die wat wel glo word saam met Jesus na die Paradys gevat en dit is die gedeelte wat ons van lees in 1 Thesalonika hoofstuk 4: *“Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.”* (1Th 4:15-18)

Die volgende wat ons moet verstaan is dat ons almal, almal wat hulle beklee het met Jesus se geregtigheid, in die Paradys sal wees, maar dat daar verskillende gedeeltes in die Paradys is. Jesus verklaar aan die een persoon wat saam met Hom gekruisig is die volgende: *“En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons. Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jy ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? — ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerd gedoen nie. En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom. En Jesus antwoord hom: **Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.**”* (Luk 23:39-43)

So hierdie gedeelte leer ons dat ons nie in ‘n slaap sal ingaan waaruit ons eers sal wakker word met die laaste oordeel nie, maar dat ons onmiddelik na ons sterfte alreeds in die Paradys sal wees. Die Paradys word weer verder opgedeel in verskillende gebiede afhangende van hoe ons glo. Gelukkig gee beide Jesaja en Miga vir ons ‘n insae oor wat hier met ons sal gebeur, en die geleentheid wat ons gaan kry om tot die volle grote van Christus te kan groei, en nie veroordeel sal word omdat ons ons geloof gebou het op ons voorgangers nie. *“En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.”* (Isa 2:2-4)

So, wat ons ook moet besef is dat die oordeel dan oor ons sal begin afhangende van hoe ons geglo het. Maar hoekom sal ons nog steeds geoordeel word? *“Maar wanneer iemand as ‘n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig. Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn? So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade.”* (1Pe 4:16-19)

Jesus brei ook uit oor die feit dat ons onmiddelik na ons dood ons of in die Paradys sal bevind, of in die doderyk in afwagting vir die finale oordeel van Openbaring 20. *“En daar was ‘n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. En daar was ‘n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het. En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek. En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong*

verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie. En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur— want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.” (Luk 16:19-31)

Nou leer ons hoe die onderskeid en oordele oor die verskillende geloofsoortuigings plaas sal vind. Dié verwoesting word deur sewe basuine aangekondig. Maar voordat dit gebeur, vind ons eers dat 'n ander engel 'n wierookbak vol van die gebede van die heiliges voor die Vader kon neerlê. So vir my is dit dat ten spyte van wat ons as heiliges vra, dat daar tussen mense onderskeid sal wees en so ook sal daar wel tog verwoesting sal plaasvind.

Ons lees ook in die Boek van Henog hoofstuk 11 die volgende: “:46 en Ek het hom Adam genoem, en aan hom die twee wee gewys, die lig en die duisternis en Ek het aan hom gesê: 47 Dit is goed en dit is sleg, sodat Ek sou kon weet of hy my lief het, of haat, sodat dit duidelik sou wees wie in sy ras my lief het. 48 Want Ek het sy natuur gesien, maar hy het nie sy eie natuur gesien nie, en omrede hy nie gesien het nie, sou hy erger sondig, **en Ek het gesê: Na die sonde wat is daar behalwe die dood?** 49 Ek het hom aan die slaap gemaak en hy het aan die slaap geraak. En Ek het van hom 'n ribbebeen geneem en vir hom 'n vrou gemaak, dat die dood na hom sou kom deur sy vrou, en Ek het sy laaste woord geneem en haar naam moeder genoem, dit wil sê, Eva. 50 Adam het lewe op aarde, Ek het die Tuin van Eden in die ooste geskep sodat hy die testament moet waarneem en die bevel gehoorsaam. 51 Ek het die hemele vir hom oopgemaak, sodat hy die engele kon sien sing van oorwinning en die skadulose lig kon sien. **52 En hy was gedurig in die Paradys, en die duiwel het verstaan dat ek 'n ander wêreld wou skep, want Adam was heer op aarde om dit te beheer en te regeer.** 57 **Ek het nie die mens vervloek nie, ook nie die aarde nie, ook nie die kruipende diere nie, maar die bose vrug van die mens en sy werke.** 58 Ek het aan hom gesê: Aarde is jy en na die aarde waaruit ek jou geneem het, sal jy teruggaan. En Ek sal jou nie vernietig nie, maar jou terugstuur waaruit ek jou geneem het. 59 **Dan kan Ek jou weer neem met My Tweede Koms.** En Ek seen al my skepsele, sigbaar en onsigbaar. 60 En Adam was vyf en 'n halwe uur in the Paradys. En Ek seen die sewende dag, wat die Sabbat is, waarop hy rus van al sy werke.”

So daar bestaan alreeds 'n ander wêreld, 'n wêreld waar die Paradys is wat die HERE geskep het vir Sy kinders, waar Satan hulle nie meer kan verlei nie. Petrus getuig ook van hierdie aarde en hemel wat ons in sal woon: “*Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.*”(1Pe 1:3-5) Nou kan ons terugkeer na die Paradys, die plek wat die HERE geskep het en waar Adam en Eva in gebly het voor die sondeval.

Ons lees in Henog dat Adam volmaak was, want dit wat die HERE skep is volmaak. “Ek het nie die mens vervloek nie, ook nie die aarde nie, ook nie die kruipende diere nie, maar die bose vrug van die mens en sy werke.” So Satan kon nie die val deur Adam veroorsaak nie, want dan verklaar ons dat die Satan meer krag het as die Vader. Wat lees ons in vers 49: “49 Ek het hom aan die slaap gemaak en hy het aan die slaap geraak. En Ek het van hom 'n ribbebeen geneem en vir hom 'n vrou gemaak, dat die dood na hom sou kom deur sy vrou, en Ek het sy laaste woord geneem en haar naam moeder genoem, dit wil sê, Eva.” So dit wat die HERE skep is volmaak, maar dit wat uit die mens voorkom is wat sondig is, daarom dat die val deur Eva ontstaan het.

Maar, soos die val deur Eva gekom het, moes die verlossing vir ons ook weer met die vrou bewerkstellig word. Alhoewel die HERE by magte is en was om Jesus net aarde toe te stuur as die volmaakte offer vir sondes, moes hy eers weer deur 'n vrou in die wêreld gebring word sodat Hy in alle opsigte soos ons kon wees, maar sonder sonde want Eva is deur die Heilige Gees bevrug, en ons

weet dat die drie eenheid geen sonde kan hê nie, want hulle is God. So daardeur word die vloek oor die vrou ook verbreek, want deur haar het Hy mens geword om met ons as mens, medelye te hê.

So die Paradys is die plek waar Adam en Eva was, en die Satan was ook daar, daarom dat Esegïel beskryf hoe die Satan na die aarde toe gestuur is en uit die Paradys, die tuin van Eden verwyder is. *"So spreek die Here HERE: Jy was die seëling van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is."* (Eze 28:12-15)

Maar hoe het ons hier in die Paradys opgeëindig? "Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. **En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuïenis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.** Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het." (Open. 12:10-12)

So ons het in verbond, 'n verbond gebaseer op die geregtigheid van Jesus, gestaan op die aarde, alhoewel ons in verskillende kerke en gemeentes was.

Maar waaruit bestaan hierdie verbond?

DIE VERBOND MET JESUS

Nou leer ons ook uit Prediker die volgende: *"Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie. Is daar iets waarvan 'n mens kan sê: Kyk hier, dit is nuut? Dit was lankal daar in die ou tyd wat voor ons gewees het."* (Pred 1:9-10) So alles wat hier gebeur gaan deur elke persoon ervaar word. Die wat alreeds dood is, het reeds deur hierdie oordele in hul lewens gegaan.

Die Hebreërs skrywer leer ons die volgende: *"Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na. Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie. Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heilighdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra. Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige. Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n loffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely."* (Heb 13:7-15)

Ons leer hier dat ons moet oplet hoe ons voorgangers opgetree het, en hulle navolg. Ek dink 'n paar persone wat vir my dadelik uitstaan is mense soos Moses, Dawid en Jesaja. Dit sal dan vir ons 'n riglyn word oor hoe ons moet optree midde van al hierdie oordele en versoekings. Dit is ook waarvan Paulus skryf in 1 Korintiërs 10 : *"Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."*

So nou kan ons in diepte kyk wat Israel moes doen, dit toepas om te sien wat die nuwe verbond onder Jesus beteken, en sien waar ons onself sal bevind die dag wanneer ons in die hemel oopmaak. Daarom dat daar stilte in die hemel was vir 'n halfuur lank, want elke mens moet wees dat daar 'n storm gaan losbars, en moet ons onself voorberei daarvoor. Petrus het ook getuig dat die profete vooraf al vir ons aangedui het oor wat in die toekoms sal gebeur: *"Aangaande hierdie saligheid het die*

profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is—dinge waarin die engele begerig is om in te sien. Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus.” (1Pe 1:10-13)

Om te sien wie en waar ons onself gaan bevind in die Paradys, moet ons net eers die verbond verstaan aangesien dit vir ons sal wys wie waar gaan wees. Met Israel se uittog uit Egipte was daar sekere stappe wat hulle moes volg sodat hulle in Kanaän kon uitkom, dit wat die HERE vir hulle beplan het. Soos hulle die fisiese tog moes maak, moet ons as Christene dieselfde pad stap om te verseker dat ons in die nuwe Kanaän, die Paradys gaan uitkom. Die fisiese pad is deur Moses vir hulle uitgelig, so vir ons moet ons dieselfde besluite neem en stappe volg om deel te hê aan dit wat ons later in hoofstukke 21 en 22 van gaan leer. Die wat nie die stappe voltooi nie sal in sekere gedeeltes soos Egipte, Edom, Tirus en ander plekke wees. So om te sien hoe die profete dit gesien het, kan ons nou Israel se uittog volg, en sien waar ons onself gaan bevind.

Jesus het ook nie verkondig dat daar nou skielik nuwe leerstellings gaan wees nie, maar dat Hy die verbond kom vervul het sodat ons nie meer nodig het om diere offers te bring om vergifnis van sondes te verkry nie. *“Julle is die lig van die wêreld. ‘n Stad wat bo-op ‘n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en ‘n mens steek ook nie ‘n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik. Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.” (Mat 5:14-20)*

Nou kan ons kyk na die stappe van die verbond:

BESNYDENIS

Verbond voor Christus: **Besnydenis van die voorhuid. Dit moes hulle herinner dat hulle deel is van God se uitverkore volk.** *“Verder het die HERE aan Moses en Aäron gesê: Dit is die insetting van die pasga: Géén uitlander mag daarvan eet nie. Maar elke slaaf wat ‘n man met geld gekoop het, dié moet hy besny; dan kan hy daarvan eet. Geen vreemde inwoner of huurling mag daarvan eet nie. In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie. Die hele vergadering van Israel moet dit hou. En as ‘n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos ‘n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef”.* (Exo 12:43-49)

Verbond met Christus as Lam: **Besnydenis van die hart.** Alle mense word in Egipte gebore, ‘n lewe verwyder van die HERE, ‘n lewe waar ek onder die gesag van Satan(Farao) staan. Soos Israel moet ek uitroep na die HERE om my te bevry van Egipte. So my optrede moet verander. Ek moet besef dat ek niks kan doen om myself te red nie. Ek moet glo dat Jesus alles gedoen het om die verhouding tussen my en die Vader te herstel. Ek moet besef dat ek ‘n sondaar is en dat ek verlore sal gaan as ek volhou om my eie lewe te lei. Ek moet tot bekering kom. Ek moet soos ‘n kind van die HERE optree. Ek moet die liefde van die HERE volgens 1 Johannes 3 begin uitleef op aarde. My optrede moet die bewys wees dat ek kind van God is. Geen uitwendige besnydenis is nodig nie. Maleagi 3:18: *“Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie”.* Jer 31:33: *“Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit,*

*spreek die HERE: **Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees***".

"En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. Maar hulle wie se hart agter die hart van hulle verfoeisels en hulle gruwels aan loop—hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek die Here HERE." (Eze 11:19-21)

Kolossense 2:9 *"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; 10 en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; 11 **in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus**, 12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het".*

Wat sê Paulus oor ons as onbesnedenis na die vlees: *"Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene, aangesien dit inderdaad een God is wat die **besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof**. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet." (Rom 3:29-31) maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, **en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.**" (Rom 2:29)*

BROOD

Verbond voor Christus: Brood sonder suurdeeg moes geëet word. Suurdeeg was 'n teken dat jy opgepof was en dat jy sonde gehad het. So hulle brood moes wys dat daar nie sonde was nie. Ons vind die volgende skrif in Korintiërs: *"Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid." (1 Kor 5:6-8)*

Verbond met Christus as Lam: Jesus is die brood van die lewe. Hy kon geen sonde hê nie, want Hy is ook God. *"Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dit is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. **As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid.** En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee." (Joh 6:49-51) "En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam." (Mat 26:26)*

LAM SLAG

Verbond voor Christus: Hulle moes 'n lam slag en eet. *"Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin. Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken. **Julle moet 'n lam hê sonder gebrek**, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand." (Exo 12:3-6)*

Verbond met Christus as Lam: *"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge **staan daar 'n Lam asof Hy geslag is**, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop **uit elke stam***

en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers". (Open 5:6-10)

BLOED VAN DIE LAM

Verbond voor Christus: Hulle moes die bloed aan die deurposte smeer. Dit het beteken dat die dood by die huis verby gegaan het. Exo 12:12-13: *"Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: **as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan.** En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie."*

Verbond met Christus as Lam: Ons moet onder die bloed van Jesus kom. *"Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. **Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.**"* (Mat 26:27-28) So indien ek nagmaal gebruik sal die doodsengel my nie kan aanraak nie, en sal ek nie saam met die sondaars wat nie die HERE ken, saam met die aarde verwoes word nie.

WAAR WAS DIE WET?

Verbond voor Christus: Wet op kliptafels geskryf soos opgeskrywe in Eksodus 20. Moses beskryf die gevolge ook daarvan verder: *"En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het. En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is. **En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou** voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het."* (Deu 6:22-25) **So hul geregtigheid was uit onderhouding van die wet.**

Verbond met Christus as Lam: Wet op die hart geskryf. Jer 31:33: *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* Die Hebreërs skrywer druk dit as volg uit: *"Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* (Heb 8:10) *"Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: **DIE HERE ONS GERECHTIGHEID.**"* (Jer 23:5-6) So ons geregtigheid is Jesus Christus as verlosser.

OP WIE WAS DIT VAN TOEPASSING?

Verbond voor Christus: Beide Israel en buitelanders. Eks 12:49 *"Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef. Eks 12:38 En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en kleinvee en beeste—'n groot hoeveelheid vee."* So selfs in Moses se tyd was vreemdelinge deel van die verbondsvolk. Dit bevestig ook wat die HERE vir Abraham beloof het. *"Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies".*

Verbond met Christus as Lam: **Daar is geen verandering nie.** Want dit is nie nodig nie. Daar was reeds vir ons voorsiening gemaak. Jesus het net dit kom volbring wat nodig was sodat Hy dit wat op Hom gewys het gedoen het en alle sonde op Hom kon neem en ons in die regte verhouding met die Vader geplaas. Dit geld vir elke persoon wat glo dat Jesus die Lam is, Israel en vreemdeling. Nou kan ons in die geregtigheid van Jesus lewe, want Hy is ons geregtigheid. Soos Jeremia dit stel: *"In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; **en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS***

GEREGTIGHEID.”Jer 33:16 Wanneer ons Sy geregtigheid besit dan kan ons met vrymoedigheid na die HERE gaan : **“Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.”**Heb 4:16.

WATTER STAPPE VOLG DAN NA DIE VERBOND?

TREK UIT EGIPTES - DOOP

Ons moet uit Egipte trek, deur gedoop te word. Dit is waar die krag van Satan, in Israel se tyd, die Farao, gebreek word in jou lewe, en jy jou onder die heerskappy van die Vader plaas. Hier verlaat jy die gebied waaroor die Satan heers, en hoef jy nie meer bakstene te maak om Satan se koninkryk uit te brei nie. Na die doop het die sonde nie meer mag oor jou nie. **“So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julle self tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle julle self as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie of van die sonde tot die dood, of van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?”** (Rom 6:11-16)

DOPING IN DIE HEILIGE GEES

Soos Israel moet ons ook die doping in die Heilige Gees ontvang. **“Daarop het die HERE neergedaal in die wolk en met hom gespreek; en Hy het van die Gees wat op hom was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie. Maar twee manne het in die laer agtergebly: die naam van die een was Eldad en die naam van die ander Medad; en die Gees het op hulle gerus—hulle het behoort by die wat opgeskrywe was, hoewel hulle nie na die tent uitgegaan het nie—en hulle het in die laer geprofeteer. Toe hardloop ‘n seun en vertel dit aan Moses en sê: Eldad en Medad profeteer in die laer. En Josua, die seun van Nun, die dienaar van Moses van sy jeug af, antwoord en sê: My heer Moses, belet hulle dit! Maar Moses sê vir hom: Ywer jy vir my? Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee!”** (Num 11:25-29)

Hoe het Jesus dit gestel: **“En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.”** (Joh 7:37-39)

ONS LEER TYD

By Sinai gaan ons tyd spandeer om die wet van die HERE in ons harte te ontvang. Hierdie is die leer gedeelte van ons lewe waar ons sal uitvind wat is reg en wat is verkeerd vir die HERE, en dit is wat ons plaaslike leraar moet doen. Dit is wat met Israel by Sinai gebeur het. Gedurende die tyd sal die HERE Homself openbaar vir wie Hy is. Hy sal vir ons bonatuurlik sorg soos vir Israel van ouds met brood en vleis, kwartels en manna.

ONS ROEPING ONTVANG – GAAN IN KANAAN

Sodra ons opleiding verby is, sal ons ‘n roeping ervaar om in Kanaän te gaan. Dit is die tyd wanneer ons oorgaan van die sesde dag na die sewende dag van die HERE, wanneer ons besef dat niks wat ons kan doen ooit sal maak dat ons in die Koninkryk van God sal kan ingaan nie, maar slegs geloof in

Jesus Christus. Dit is waarvan ons in die Hebreërs boek lees in hoofstuk drie en vier: *“Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. **Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is. Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus; en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, bepaal Hy weer ‘n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.** Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van ‘n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus ‘n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.”* (Heb 4:1-11)

Onthou net dat ‘n persoon nie moet wag om in die HERE se rus in te gaan nie, want elke dag is vandag. Ek kan nie uitstel en sê ek sal dit more doen nie, want die Bybel sê duidelik vandag as jy My stem hoor. Ons almal het ‘n roeping, en dit is om mense dissipels te maak, om Jesus se beeld uit te straal. Sommige persone sal die oproep aanvaar en Kanaan ingaan, terwyl die res sal sterf in die woestyn. Dit is die verskil, die sesde dag is in die woestyn alhoewel jy gedoop is, maar die sewende dag is die rusdag en Kanaan, dit waar die HERE wil hê dat ek en jy moet ingaan. Die gedeelte uit Hebreërs bevestig weereens die feit dat ons Israel as voorbeeld moet navolg, en dat Jesus nie gekom het om nuwe teologië daar te stel nie en alles te ontbind nie, maar slegs kom vervul het dit wat Hy moes doen. *“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.”* (Mat 5:17)

Die meeste mense wat in Kanaan ingaan sal glo dat hulle ‘n koning moet dien soos Israel. (‘n Koning is iemand wat oor jou sal heers en mag ‘n geestelike vader wees of selfs jou kerkverband.) Die eerste boek van Samuel doen verslag as volg: *“Toe sê die HERE vir Samuel: **Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.** Soos al die werke wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander gode gedien het—so doen hulle ook met jou. **Luister dan nou na hulle: jy moet hulle net ernstig waarsku en hulle die reg van die koning meedeel wat oor hulle sal regeer.** Samuel het toe al die woorde van die HERE oorgebring aan die volk wat ‘n koning van hom gevra het. En hy het gesê: Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: Julle seuns sal hy neem en hulle vir homself aanstel by sy wa en by sy perde, dat hulle voor sy wa uit hardloop; en om hulle vir homself aan te stel as owerstes oor duisend en owerstes oor vyftig, en om sy land te ploeg en om sy oes in te samel, en om sy oorlogswapens en gereedskap vir sy strydwaens te maak. Ook julle dogters sal hy neem as salfmengsters en as kooksters en baksters. En van julle lande en julle wingerde en julle olyfboorde sal hy die beste neem en aan sy dienaars gee. **En van julle saailande en julle wingerde sal hy die tiendes neem en dit aan sy hofdienaars en sy dienaars gee. En julle slawe en slavinne en julle beste jongmanne en julle esels sal hy neem en vir sy werk gebruik. Van julle kleinvee sal hy die tiendes neem, en self sal julle sy slawe wees. En in dié dag sal julle roep vanweë jul koning wat julle vir jul verkies het, en die HERE sal julle in dié dag nie verhoor nie.** Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: **Nee, maar daar moet ‘n koning oor ons wees, dat ons ook kan wees soos al die nasies—dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer.** En Samuel het al die woorde van die volk aangehoor en dit voor die ore van die HERE uitgespreek. Toe sê die HERE vir Samuel: **Luister na hulle en stel ‘n koning oor hulle aan.** En Samuel het vir die manne van Israel gesê: Gaan heen, elkeen na sy stad.”* (1Sa 8:7-22)

Voor Israel ‘n koning gehad het was hulle direk aan die HERE verantwoordelik vir alles wat hulle gedoen het, maar deurdat hulle ‘n koning aangestel het moes hulle na hulle koning luister. So as jou koning sê dit is reg, dan hoef jy mos nie te twyfel nie. Selfs al is dit sonde, sal jy die standpunt van jou koning beveg want jy is nie meer direk aan die HERE verantwoordelik nie. Dit beteken ook nie dat daar geen wet of orde was voor die eerste koning, Saul, aangestel is nie. Toe Israel in Kanaän ingegaan het, was daar een Leviet vir elke gesin, so die Leviet moes die huisgesin leer hoe om die

HERE te dien. Hy is ook die een wat al die offers namens die huisgesin moes doen waarvoor hy verantwoordelik was. Wanneer ons kyk na die gedeeltes in die Bybel oor hoeveel Leviete daar was, en waaroor alles gaan, vind ons dat die HERE vir Moses bevel gee dat elke eersgeborene seun aan die HERE behoort. Wanneer Israel reg is om in Kanaän te gaan en die volk getel word, vind ons dat die HERE die balans tussen eersgeborenes en Leviete gehou het. Ons vind dat op ongeveer driehond na, en dit op 22000 in totaal, daar dieselfde hoeveelheid Leviete is as wat daar eersgeborene seuns was. **Dus het elke gesin 'n Leviet gehad wat hulle die wet moes leer en vir hulle offers moes bring.** Onthou ook dat die Leviete geen grondgebied in Kanaän gekry het nie, en dus van die volk afhanklik was om te kon bestaan. Daaroor is daar 'n gedeelte van die derde jaar se tiendes aan die Leviet gegee. Omdat die HERE die volk nie meer toegelaat het om vir Hom offers te bring nie, moes elke huisgesin sy eie Leviet gehad het wat die offers namens hom moes doen.

Maar Israel wou nie luister na die HERE nie, en het by Samuel aangedring dat hulle 'n koning wou hê soos al die ander volke rondom hulle.

Meeste van die mense wat in Kanaän ingaan, sal sterf terwyl hulle hierdie koning dien, terwyl 'n oorblyfsel geroep sal word om in ballingskap te gaan. *"En aan hierdie volk moet jy sê: So spreek die HERE: Kyk, **Ek hou julle die weg van die lewe voor én die weg van die dood: hy wat in hierdie stad bly, sal sterwe deur die swaard of die hongersnood of die pes; maar hy wat uitgaan en oorloop na die Chaldeërs wat julle beleër, sal lewe, en sy lewe sal vir hom 'n buit wees.**"* (Jer 21:8-9)

DIE PARADYS, EN HOE LYK DIT VOLGENS DIE PROFETE?

So noudat ons weet dat ons wel in verbond met Jesus staan en Sy geregtigheid besit, kan ons kyk na watter gedeelte ons onself in sal bevind in die Paradys. Die profete het dit gesien as oordele oor verskillende gebiede afhangende hoeveel van die stappe van die verbond hulle nagekom het. Nou kan ons uit die profete bepaal watter gebied ek myself in gaan bevind, en sal ons beide die oordele van Openbaring en die oordele wat die profete oor geskryf het verstaan. Ek wil net eers graag die gedeeltes soos deur die profete genoem identifiseer en redes voor verskaf wat gemaak het dat ons in verskillende gedeeltes gaan bevind, en sekere oordele net sekere mense sal beïnvloed. So die Paradys is deur die profete ook opgedeel in verskillende gebiede of lande en nasies.

Hulle het altyd oordele oor verskillende volke uitgespreek, alhoewel die volke nie deel van Israel was nie. Dit wys op die sewe ander seuns wat Abraham gehad het, wat alhoewel hulle seuns van Abraham was, hulle tog nie as deel van Israel gesien is nie. Ons vind by Abraham dat die eerste seun, Ismael, die menslike poging was en dus nie die HERE se antwoord was nie maar dat hy nogtans 'n groot nasie geword het. So vind ons dit weer by Jakob en Esau, waar Esau sy eersgeboorte reg verkoop het en opgeëindig het as die vader van Edom as nasie. Dit wys ook na die gedeelte in Samuel wat ek vroeër aangehaal het waar Israel as volk hulle onder 'n koning wou vestig. So jou koning gaan bepaal watter gedeelte jy jouself in die Paradys in bevind omdat jy jou geskaars het onder menslike konings, en nie net die HERE as Koning gedien het nie.

Die verskillende gedeeltes en hoe hulle onderskei kan word van mekaar is as volg:

ASSIRIË EN DIE KERK IN ASSIRIË.

Die groep is die Roomse Kerk en hulle volgelinge. Hulle is die mense wat die moeder en kind beeld aanbid, soos wat ons vroeër al van gelees het. Sien Addendum 3 vir 'n volledige bespreking van die groep mense. Hulle het selfs die tien gebooe verander en die tweede gebod uitgehaal en die tiende gebod in twee gedeeltes sodat die mense nie agterkom dat hulle nie afbeeldings mag maak en aanbid nie. Hulle verskoning is dat Moses dan self moes afbeeldings maak vir die tabernakel, so hulle mag ook.

EGIPTE EN DIE KERK IN EGIPTE.

Die mense het deel geword van die verbond soos wat dit vir ons uitgelig is vroeër, maar hulle het nie uit Egipte getrek nie. So hulle glo nie dat die doop deel is van die pad wat ons moet stap nie, en sal

dan die vereistes in hulle volgorde doen deur babas te doop, en dan eers wanneer die kinders groter word, word van hulle verwag om belydenis van hulle geloof af te lê voor hulle aan die nagmaal mag deel. So die mense is maar die volgelinge van Calvyn en al die ander baba dopers. *“En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërske, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërske, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie.”* (Sag 14:16-18) Wat is die besonderheid van die huttefees? Dit moes die Israeliete herinner dat hulle slawe was in Egipte was, en dat die HERE hulle daaruit gelei het. Die gedeelte kom voor in Sagaria direk na sy beskrywing van die einde van die aarde soos ons dit vandag ken. Die mense kan ons ook direk koppel aan die gemeente in Efese wat in Openbaring 2 van gepraat word.

EDOM EN DIE KERK IN EDOM.

Hierdie is die Joodse geloof en sy aanhangers. Hulle het die eersgeboorte reg wat hulle gehad het verkoop deur nie Jesus as Seun van God te erken nie. Hulle wag nog steeds vir hulle Messias, maar Hy was alreeds hier. So hulle het soos Esau opgetree en hulle eersgeboorte reg verkoop aan ons, as gelowiges, sodat ons as vreemdelinge deel van die verbond met Jesus kon word. *“En Jakob het ‘n kooksel klaargemaak en Esau het moeg uit die veld gekom. Toe sê Esau vir Jakob: Laat my tog sluk van die rooigoed daar, want ek is moeg. Daarom het hulle hom Edom genoem. En Jakob antwoord: Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my. En Esau sê: Kyk, ek gaan sterwe, en wat baat die eersgeboortereg my dan? Toe antwoord Jakob: Sweer eers vir my. En hy het vir hom gesweer en sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop. En Jakob het aan Esau brood en die kooksel lensies gegee; en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het Esau dan sy eersgeboortereg verag.”* (Gen 25:29-34). Verder gee Jakob gee ook vir ons al ‘n voorskou van hoe die eersgeborene nie die grootheid van die tweede sal verkry nie. *“En Josef neem hulle twee Efraim met sy regterhand, links van Israel, en Manasse met sy linkerhand, regs van Israel en hy bring hulle by hom. Toe steek Israel sy regterhand uit en lê dit op die hoof van Efraim, hoewel hy die jongste was, en sy linkerhand op die hoof van Manasse: hy het sy hande oorkruis gehou, want Manasse was die eersgeborene. En hy het Josef geseën en gesê: Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe, die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het—mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte. Toe Josef sien dat sy vader sy regterhand op die hoof van Efraim gelê het, was dit verkeerd in sy oë; en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die hoof van Efraim op die hoof van Manasse oor te bring. En Josef sê aan sy vader: Nie so nie, my vader; want hierdie een is die eersgeborene: lê u regterhand op sy hoof. Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook ‘n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal ‘n menigte van nasies word.”* (Gen 48:13-19) Ons sal later meer leer oor Edom, en sien watter oordele oor hulle sal kom.

AMMON EN DIE KERK VAN AMMON.

Hulle is afstammeling van Lot, sy jongste dogter was die stigter van die volk, maar hulle word vir ewig uit die vergadering van die HERE gesluit aangesien hulle nie voedsel aan die Israeliete verskaf het nie. Verder het hulle ook Bileam gekry om Israel te vervloek. So vandag is dit die mense wat hulle eie leiers aanstel in hulle kerke, altyd die ware Kerk vervloek, en nie dit wat die ware kerk kan bevoordeel, met hulle deel nie. Hulle het Kamos aanbid. Ons vind dat Salomo tempels opgerig het vir Kamos en Molog. Kamos was die naam wat die Moabiete gebruik het, en Molog die naam wat die Ammoniete gebruik het. *“Maar hulle het hul verfoeisels neergesit in die huis waar my Naam oor uitgeroep is, om dit te verontreinig; en hulle het die hoogtes van Baäl gebou wat in die dal van die seun van Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters vir Molog deur die vuur te laat gaan—iets wat Ek hulle nie beveel het nie en wat in my hart nie opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou bedrywe om Juda te laat sondig.”* (Jer 32:34-35) So dit wys op die mense het buiten die HERE ook ander gode aanbid, en dit is waar sommige van die oordele van Openbaring handel. Beide Ammon en Moab het kinders lewend geoffer aan Molog. Die verhaal van die Bybel is dat metale altyd deur vuur

gegaan het om gesuiwer te word, en mense deur water moes gaan en soos vandag se gebruik gedoop moet word om hulle te reinig. Hierdie mense het dit dan verwerp en van hulle kinders geoffer in vuur. Hulle glo dat alle gelowe dieselfde is en dat almal gered sal word. *“En Ek sal Rabba ‘n weiveld maak vir kamele en die kinders van Ammon ‘n lêplek vir kleinvee, en julle sal weet dat Ek die HERE is. Want so sê die Here HERE: Omdat jy in die hand geklap en met die voet gestamp het en bly was met volle veragting in die siel oor die land van Israel— daarom, kyk, Ek strek my hand teen jou uit en gee jou as buit vir die nasies, en Ek sal jou uitroei uit die volke en jou uit die lande verdag; Ek sal jou vernietig, en jy sal weet dat Ek die HERE is.”* (Eseg:25:5-7) Hier leer ons dat die mense altyd gaan juig en dit geniet wanneer opregte Christene aangevat word.

MOAB EN DIE MOABIETIESE KERK.

Dit is die afstammeling van Lot se oudste dogter, en het Molog aanbid. Sien die gedeelte hierbo oor Ammon vir ‘n bespreking van Molog, hulle god. Verder het hulle hoogtes gebou by elke ingang van elke dorp waar hulle hul afgodsdienste gehou het. Dit klink nogal bekend as ons na die wêreld van vandag kyk waar elke genootskap sy eie “kerk” moet bou. *“So spreek die Here HERE: Omdat Moab en Seïr sê: Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies— daarom, kyk, Ek maak die berghange van Moab oop, dat dit sonder stede is, sonder sy stede in sy hele gebied, die sieraad van die land: Bet-Jésimot, Baäl-Meon en tot Kirjatáim”* toe; (Eseg 25:8-9) Die mense glo dus ook dat alle mense gered sal word en maak dit nie saak watter god jy aanbid nie, want hulle sê: *“die huis van Juda is soos al die nasies.”* *“Julle moet dan nie luister na julle profete en na julle waarsêers en na julle dromers en na julle goëlaars en na julle towenaars nie, wat met julle spreek en sê: Julle sal die koning van Babel nie dien nie.”* (Jer 27:9) So sal hulle dus altyd valse profete aanstel wat leuens verkondig, en die volk aansê dat dit altyd net goed sal gaan met die mense. ‘n Verdere kenmerk is dat hulle ook verkondig dat alle paaie na Jesus lei, en dat alle gelowe dieselfde is. Vir hulle is daar glad nie ‘n verskil tussen Christenskap en ander gelowe nie. Ons vind vandag alreeds hoeveel vooraanstaande teoloë hierdie standpunt huldig, en het hulle selfs al ‘n naam vir hulle geloof gekry het, naamlik Chrislam. Dit is ‘n kombinasie van glo in Christus, en Islam, of soos ons hulle ook ken, die Moslems.

FILISTYNSE KERK.

Net soos daar ‘n Egiptiese Kerk bestaan, bestaan daar ook ‘n Filistynse Kerk. Die mense van die Kerk het wel die pad gevolg wat deur die HERE aangewys is om in Kanaän te kom, maar het nie die Filistyne in hul gebied oorwin nie, en so het die Filistyne hulle oorwin. Daar is ook twee dele van die Kerk. Die eerste deel is die van Sidon, en die tweede deel is die van Tirus. Die gedeeltes was die erfdeel van Aser en Sêbulon, twee van die twaalf stamme van Israel. Indien ons reg onthou van die kinders van Jakob, sal ons onthou dat Sêbullon se erfdeel teen die see is, ‘n gedeelte wat later as Tirus bekend geword het, en Aser se erfdeel Sidon was. Hulle gebied is later deur die Filistyne oorgeneem aangesien die twee stamme se mense nie die Filistyne uitgeroei het soos deur die HERE verwag nie. Hoe is die mense dan wat aan die Kerke behoort, en wat is hulle oordele? Hiervoor moet ons kyk na die oordele wat oor die gedeeltes in die Bybel uitgespreek word. Dit sal dan vir ons riglyne gee oor wie aan die Kerk behoort, want hulle het die pad gevolg wat die HERE aangewys het, hulle het selfs hulle erfdeel ontvang, maar hulle het nie al hulle begeertes gekruisig nie.

Die groep mense se woorde is as volg in Esegïël vir ons opgeteken: *“Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word, dit is verwoes— daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Tirus! en Ek laat baie nasies teen jou optrek soos die see sy golwe laat optrek.”* (Eze 26:2-3) Die groep mense is die wat vir almal dit wil wys maak dat hulle soveel mense na die HERE toe gelei het, en dat jy net by hulle moet aansluit en jy is so goed soos in die hemel. Ons het vroeër in Openbaring 3 gelees van die gemeente van Laodicense. Dit is die gemeente wat die profete van geprofeteer het. Vandag vind ons die nuwe apostoliese reformasie wat weer vir hulle profete aanstel, maar wanneer ons na hulle profesieë kyk, is daar soveel wat verkeerd is. Jesaja het ook uitgebrei oor die groep: *“Want U het u volk verwerp, die huis van Jakob, omdat hulle vol is van wat die Ooste aanbied, en van goëlaars soos die Filistyne, en met die kinders van vreemdes dryf hulle handel. En hulle land is vol silwer en goud, en daar is geen end aan hulle skatte nie; en hulle land is vol perde, en daar is geen end aan hulle strydwagens nie. Ook is hulle land vol afgode; voor die werk van hul hande buig hulle hul neer,*

voor wat hulle vingers gemaak het. So moet dan die mens neergebuig en die man verneder word; en U moet hulle dit nie vergewe nie.” (Isa 2:6-9)

Ons moet ook die verhaal van Dawid en Goliath onthou. Goliath was hierdie magtige reus terwyl Dawid hierdie jong rooikop seun was. *“Daarop neem hy sy staf in sy hand en soek vir hom uit die spruit vyf gladde klippe uit en steek dit in sy herderstas wat hy gehad het, naamlik in die slingersak; en met sy slinger in sy hand het hy nader gekom na die Filistyn. Ook die Filistyn het al nader en nader gekom na Dawid, en die skildraer voor hom uit. **Toe die Filistyn opkyk en Dawid sien, het hy hom verag, omdat hy ‘n seun was—rooierig, met ‘n mooi voorkoms.** En die Filistyn vra vir Dawid: Is ek ‘n hond dat jy met stokke na my toe kom? En die Filistyn het Dawid vervloek by sy gode. Verder sê die Filistyn vir Dawid: Kom na my toe, dat ek jou vlees aan die voëls van die hemel en die diere van die veld kan gee. **Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met ‘n swaard en met ‘n spies en met ‘n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskaars, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het. Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel ‘n God het. Dan sal hierdie hele menigte moet erken dat die HERE nie deur swaard en deur spies verlos nie; want die stryd behoort aan die HERE, en Hy sal julle in ons hand gee.”** (1Sa 17:40-47)*

So die gemeentes is groot massas mense, goed gewapen, maar hulle vertroue is nie op die HERE nie, maar op hulle besittings.

DIE KERK IN JERUSALEM

Wie behoort nou aan dié kerk? Almal wat getrek het uit Egipte, aanvaar het wat die HERE vir hulle ingedagte gehad het, en Kanaän binne gegaan het. Ons sal wel mense kry wat verskillende konings, of soos ons vandag hulle ken as kerkgroepe, aanhang, maar hulle is immers in Kanaän.

Is daar dan oordele oor hulle ook? Verseker. Onthou dat die oordeel van die HERE begin by Sy volk, of soos ons vandag bekend staan as Sy Kerk. Nou mag u vir my vra dat as ons dan alles gedoen het wat ons moes, en ons is dan nou in die beloofde land, hoekom moet daar dan nog oordele oor ons uitgespreek word, of ander gestel, hoekom moet ons dan nog getuig word? Hebreërs 12 gee vir ons die antwoord. *“Want julle moet ag gee op Hom wat so ‘n teësprak van die sondears teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie. En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: **My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.** As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? **Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.**”* (Heb 12:3-8) Baie interessante woorde wat ons hier vind. Baie male word ons as Christene aangevat omdat ons swaarkry, want die HERE sal nou mos nie Sy bloedjies laat swaarkry nie. Die gedeelte bevestig net mooi die teëndeel.

Meeste van ons glo ook verskillend van mekaar. Dit beteken maar net dat ons onder verskillende konings staan. So word elke groep dan gewys op wat verkeerd is met hulle, want ons sal nogsteeds volgens ons werke geoordeel word. Esegël 18 bevestig juis dat indien ek doen wat reg is, ek nie probleme sal kry nie, maar dat indien ek afdwaal ek nie dieselfde bestemming sal kry nie. Ook word daar geleer dat die vader nie gestraf sal word vir die seun se oortredings nie, en die seun nie vir die vader s’n nie.

DIE GEBIED BABEL

Reg deur die profete vind ons dat Babel die ryk van Satan verteenwoordig. So alle profesieë wat gerig word teen Babel, gee vir ons insig oor hoe die HERE met die ongelowiges gaan optree en sal optree. Dit is hoe hulle beskryf word: *“Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: En jy, mensekind, maak vir jou twee paaie waarlangs die swaard van die koning van Babel kan kom; uit een land moet altwee uitgaan; en sny ‘n wegwysers uit; sny dit uit by die begin van die pad na ‘n stad; jy moet*

‘n pad maak, dat die swaard kan kom na Rabba, van die kinders van Ammon, en na Juda, in die versterkte stad Jerusalem. Want die koning van Babel gaan staan waar die paaie uitmekaarloop, by die begin van die twee paaie, om van waarsêery gebruik te maak: hy skud die pyle, raadpleeg die huisgode, bekyk die lewer. In sy regterhand is die lot: Jerusalem, om stormramme op te stel, om die mond met geskreeu oop te maak, om die stem te verhef met krygsgeroep, om stormramme op te stel teen die poorte, om ‘n wal op te werp, om forte te bou. Maar dit is vir hulle soos ‘n bedrieglike waarsêery in hul oë (die plegtigste eedsweringe tog is hulle s’n!); maar hy bring die ongeregtigheid in herinnering, dat hulle gegryp kan word. Daarom, so sê die Here HERE: Omdat julle jul ongeregtigheid in herinnering bring deurdat julle oortredinge openbaar word, sodat julle sondes in al jul handelinge gesien word— omdat julle in herinnering gebring is, sal julle met die hand gegryp word. En jy, onheilige, goddelose, vors van Israel, wie se dag gekom het in die tyd van die uiteindelijke afrekening— so sê die Here HERE: Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Dit bly nie so nie: Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is! Puinhoop, puinhoop, puinhoop sal Ek dit maak. Ook dit sal nie bly nie—totdat Hy kom wat daarop reg het, en aan Hom sal Ek dit gee.” (Eze 21:18-27)

Ons sal ook spesifiek na hulle oordeel kyk later in Openbaring.

Ek het vroeër ‘n gedeelte aangehaal wat Bileam vir Balek gesê het wat aan die einde van die dae sal gebeur, en wil graag die hele gedeelte hier aanhaal sodat ons ook daaruit kan sien watter Christene hulleself in watter gedeelte van die Paradys sal bevind: *“En nou, kyk, ek gaan na my volk toe. **Kom, ek sal jou inligting gee, wat hierdie volk jou volk sal aandoen aan die einde van die dae.** Toe het hy sy spreuk aangehef en gesê: Bileam, die seun van Beor, spreek, en die man met geopende oog spreek. Die hoorder van die woorde van God spreek, en hy wat die wetenskap van die Allerhoogste ken, wat die gesigte van die Almagtige sien wat neerval en geopende oë het. Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: ‘n ster kom te voorskyn uit Jakob, en ‘n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver. Ook sal Edom ‘n besitting wees; en Seïr, sy vyande, sal ‘n besitting wees, maar Israel neem toe in krag. En laat daar een uit Jakob heers en die vrygeraaktes uit die stede vernietig. Toe hy Amalek sien, het hy sy spreuk aangehef en gesê: Amalek is die eersteling van die heidene, maar sy einde is ondergang. Toe hy die Keniete sien, het hy sy spreuk aangehef en gesê: Jou woonplek is vas, en jou nes is gebou op die rots. Ewenwel sal Kain tot verwoesting wees. Hoe lank nog? Assur sal jou as gevangene wegvoer. Verder het hy sy spreuk aangehef en gesê: Wee, wie sal lewe as God dít beskik? En skepe kom van die kant van die Kittiers af, en hulle verneder Assur en hulle verneder Heber; en hy is ook tot ondergang bestem. Toe het Bileam hom klaargemaak en weggetrek en na sy woonplek teruggekeer. En Balak het ook sy koers gegaan.” (Num 24:14-25)*

Die belofte in Esegïel gee ook vir ons te kenne dat ons in verskillende volke sal wees, maar dat die HERE ons sal bymekaar bring, almal as Sy volk. *“En Ek sal julle uit die volke uitlei en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, deur ‘n sterke hand en deur ‘n uitgestrekte arm en deur uitgestorte grimmigheid. En Ek sal julle bring in die woestyn van die volke, en Ek sal daar met julle in die gerig tree van aangesig tot aangesig. Soos Ek met julle vaders in die woestyn van Egipteland in die gerig getree het, so sal Ek met julle in die gerig tree, spreek die Here HERE. **En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaen en julle bring in die band van die verbond. En Ek sal uit julle afsonder die wat opstandig is en teen My oortree; Ek sal hulle uit die land van hul vreemdelingskap uitlei, maar hulle sal in die land van Israel nie kom nie; en julle sal weet dat Ek die HERE is. Maar julle, o huis van Israel, so sê die Here HERE: Gaan weg en dien elkeen sy drekgode; maar hierná—sekerlik sal julle na My luister en my heilige Naam nie meer onheiligh met julle offergawes en julle drekgode nie. Want op my heilige berg, op die verhewe berg van Israel, spreek die Here HERE, daar sal die hele huis van Israel, hulle almal, My dien in die land; daar sal Ek ‘n behae in hulle hê en daar sal Ek julle offergawes eis en die eerstelinge van julle aanbiedinge by al julle heilige gawes. As ‘n lieflike geur sal Ek ‘n behae in julle hê wanneer Ek julle uit die volke uitlei en julle uit die lande versamel waarin julle verstrooi was, en Ek sal My in julle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies. En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle in die land van Israel bring, in die land waar Ek my hand oor opgehef het om dit aan julle vaders te gee. Daar sal julle dan dink aan julle weë en al julle handelinge waarmee julle jul verontreinig het, en julle sal vir julsself walglik wees vanweë al jul slegte dinge wat julle gedoen het. En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek met julle handel ter***

wille van my Naam en nie volgens julle verkeerde weë of julle verdorwe handeling nie, o huis van Israel, spreek die Here HERE.” (Eze 20:34-44)

So die profete het altyd verskillende volke gesien, terwyl Johannes dit sien as verskillende gemeentes, die Nuwe Testamentiese siening van ons as kinders van die Lewende God. Dit is waarom hierdie hele hoofstuk van die boek gaan, is dat ons na die Ou Testament kan verwys en deur dit, Johannes se gesigte kan verklaar. Dit bevestig ook Jesus se woorde wat verklaar het dat Israel het die wet en die profete, en dit is genoeg om vir ons ook Jesus te ontbloot en te verstaan wat die HERE van ons verwag om Sy kinders te wees.

HOOFSTUK AGT - OPENBARING 8 EN 9 – DIE BASUINE

OOPMAAK VAN DIE 7 DE SEËL

Die eerste vers van hoofstuk agt van Openbaring begin met die volgende woorde: *“En toe Hy die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent ‘n halfuur lank.”* Dit is vir my verbasend dat ons soveel uitdrukkings het maar as mens baie maal nie eers verstaan waar dit vandaan kom nie. Hierdie is een van daardie uitdrukkings. Ons praat altyd van die stilte voor die storm, en dit is ‘n uitdrukking wat direk hier uit die eerste vers van hoofstuk 8 afgelei is. Voor die storm wat sal losbars wanneer die sewe basuine geblaas word, is daar hierdie absolute stilte en afwagting. Niemand weet hoe erg hierdie storm gaan wees nie, maar almal staan of sit in afwagting dat hierdie storm gaan losbars, en wonder wat gaan gebeur, en wonder of ons genoegsaam beskut is teen hierdie storm. Praat maar met mense rondom jou en vind uit of hulle dieselfde verwagting het as jy wanneer ‘n storm opsteek. Alles word stil, die voëls gaan kruip weg, die diere van die veld gaan soek skuiling.

Die interessantheid is ook hoe verskillende wesens optree wanneer ‘n storm hulle tref. Meeste diere draai hulle rug op die storm, want hulle weet dat hulle hul aanvallers sal ruik indien ‘n aanval van agter geloots word tydens ‘n storm. Hulle hoef net die deel dop te hou waar aanvalle vandaan kan kom wat hulle onverhoeds kan vang, en dit is teen die wind in. Die mens is meeste kere anders, ons kyk in die storm in om te sien wat oppad is na ons toe, sodat ons ons kan voorberei vir dit wat kom. Dit is wat hierdie gedeelte vir ons ook wil laat besef. Dat ons sal besef wat om te verwag.

Ons almal weet dat die oordeel moet begin by die Kerk, so ons gaan nie die oordele vryspring nie, maar ons moet onself voorberei vir dit wat gaan gebeur. ***“Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn? So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly, hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade.”*** (1Pe 4:17-19)

NOU KOM ONS BY DIE 7 BASUINE

Nou vind ons dat daar ‘n wierookbak aan ‘n engel gegee word wat die gebede van ons voor die Vader kom neerlê. Hoeveel maal bring ons lof aan die HERE in ons gebede? Dit is tog seker die grootste rede waarom gebed gaan, is om dank aan die HERE te betuig vir dit wat ons elke dag uit Sy hand ontvang. Ek het so ‘n paar gedeeltes ingesluit wat ek dink van pas is op die gedeelte: *“(2Sa 22:50) Daarom wil ek U loof, o HERE, onder die nasies, en tot eer van u Naam wil ek psalmsing;(Psa 9:2) Ek wil die HERE loof met my hele hart; ek wil al u wonders vertel.(Psa 18:49) Daarom wil ek U loof, o HERE, onder die nasies, en tot eer van u Naam wil ek psalmsing.(Psa 45:17) U Naam wil ek vermeld van geslag tot geslag; daarom sal die volke U loof vir ewig en altyd.(Psa 54:6) Vrywillig wil ek aan U offer; ek wil u Naam, o HERE, loof, want dié is goed;(Psa 57:9) Ek wil U loof onder die volke, o Here, psalmsing tot u eer onder die nasies.(Psa 71:22) So wil ek U dan ook loof met die instrument van die harp, u trou, my God! Ek wil psalmsing tot u eer op die siter, o Heilige van Israel!(Psa 86:12) Here, my God, ek wil U loof met my hele hart en u Naam vir ewig eer;(Psa 108:3) Ek wil U loof onder die volke, o HERE, en psalmsing tot u eer, onder die nasies;(Psa 118:21) Ek wil U loof, omdat U my verhoor het en my tot heil geword*

het.(Psa 118:28) *U is my God, en ek wil U loof; o my God, ek wil U verhoog.*(Psa 145:1) *‘n Loflied van Dawid. Alef. o My God, o Koning, ek wil U verhoog en u Naam loof vir ewig en altyd.*(Psa 145:2) *Bet. Elke dag wil ek U loof en u Naam prys vir ewig en altyd.”*

Die volgende wat gebeur is dat dieselfde bak vol vuur gemaak word van die altaar in die hemelse tempel en op die aarde, die Paradys, uitgegooi word. Dit is ontsettende harde woorde om te besef dat alreeds hier met die eerste oordeel oor ons as Christene, een derde verwoes sal word en so die tweede dood in die gesig staar. In Esegïel vind ons hoe dit daar beskryf word: ***“Eseg 38:22 En Ek sal met hom in die gereg gaan deur pes en deur bloed; en oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is.”*** Petrus beskryf dit as volg: ***“Maar die dag van die Here sal kom soos ‘n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? — julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en ‘n nuwe aarde waarin geregtigheid woon. Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.”***(2Pe 3:10-14)

Al hierdie oordele wat deur die basuine aangekondig word sal plaasvind oor hierdie mense wat aan die vereistes van die seëls van hoofstuk 6 voldoen het, maar tog hulle eie geloof gevestig het. ***“En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas. En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En ‘n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. En die tweede engel het geblaas, en iets soos ‘n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En ‘n derde van die see het bloed geword, en ‘n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en ‘n derde van die skepe het vergaan. En die derde engel het geblaas, en ‘n groot ster wat soos ‘n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op ‘n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en ‘n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het. En die vierde engel het geblaas, en ‘n derde van die son is getref en ‘n derde van die maan en ‘n derde van die sterre, sodat ‘n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so. En ek het gesien en gehoor ‘n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met ‘n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!”*** (Open 8:6-13)

So puntsgewys is dit as volg:

DIE EERSTE BASUIN

Die eerste basuin veroorsaak dat die mense deur vuur getoets sal word. Hier word een derde van die mense verwoes. En hierdie is nie mense op die aarde nie. ***“En ‘n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.”*** Bome verwys gewoonlik vir ons na leiers van groepe. Ons vind die gebruik daarvan in Esegïel: ***“So sê die Here HERE: Dan sal Ek self van die verhewe top van die seder ‘n steggie neem en dit insit—van die boonste van sy lootjies sal Ek ‘n teer puntjie afpluk en self dit plant op ‘n hoë en verhewe berg. Op die hoë berg van Israel sal Ek dit plant, en dit sal takke voortbring en vrugte dra en ‘n heerlike seder word, sodat al die voëls van allerhande vere daaronder kan woon; in die skaduwee van sy takke sal hulle woon. En al die bome van die veld sal weet dat Ek, die HERE, die hoë boom verneder, die nederige boom verhoog het; die groen boom laat verdroog en die droë boom laat bloei het. Ek, die HERE, het dit gespreek en gedoen.”***(Eze 17:22-24) Daniël beskryf weer sy boom as volg: ***“Wat nou die gesigte van my hoof op my bed betref—ek het gesien, en kyk, daar was ‘n boom in die middel van die aarde, en sy hoogte was groot. Die boom het groot geword en sterk, en sy hoogte het tot aan die hemel gereik, sodat hy tot aan die einde van die hele aarde sigbaar was. Sy blare was mooi en sy vrugte baie, en aan hom was vir alles voedsel; onder hom het die diere van die veld skaduwee gesoek, en in sy takke het die voëls van die hemel gewoon, ja, alle vlees is daardeur gevoed. Ek het in die gesigte van my hoof op my bed gesien, en kyk, ‘n bode, naamlik ‘n heilige, het uit die hemel neergedaal; hy het hardop geroep en só gesê: Kap die boom om en kap sy takke af, trek sy blare af en verstrooi sy vrugte; laat die diere onder hom uit wegvlug en die voëls uit sy takke.”***

(Dan 4:10-14) 'n Verdere gedeelte in Esegïel praat ook oor die bome: "Mensekind, rig jou aangesig na die suide en laat jou rede druppel teen die suide en profeteer teen die bosveld, die Suidland, en sê aan die bos van die Suidland: Hoor die woord van die HERE: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek steek 'n vuur in jou aan wat in jou elke groen boom en elke droë boom sal verteer; die uitslaande vlam sal nie uitgeblus word nie, maar daardeur sal alle aangesigte verbrand word van die Suidland af tot die noorde toe; en alle vlees sal sien dat Ek, die HERE, dit aangesteek het; dit sal nie uitgeblus word nie." (Eze 20:46-48)

Behalwe dat die leiers van die mense verlore sal gaan, sal ook al die voeding wat ons nog gehad het om te leer wie die HERE regtig is, verbrand word. Dit beteken dat niemand dan meer die geleentheid sal kry om verder te leer hoekom my teologie veroorsaak het waar ek my bevind nie, en kan ek dus nie meer leer wat Jesus se doel op aarde was nie. Nou sal ek vind dat indien ek nie afgesien het van my teologie nie, ek deel gaan wees van die een derde van die mense wat dan gedood sal word, myself as deel van die hoer bevind en dus skuldig sal staan by die oordeel van Openbaring 20. "Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskaars. Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid 'n offer sal bring. Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die HERE aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die jare van die voortyd. En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou, en Ek sal 'n haastige getuie wees teen die towenaars en teen die egbrekers en , teen die meinediges en teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie, sê die HERE van die leërskaars. Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie. Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskaars." (Mal 3:1-7)

DIE TWEDE BASUIN

"En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan." (Open 8:8-9) Ons vind in Esegïel die gedeelte wat vir ons aandui wie die berg is: "Mensekind, rig jou aangesig teen die berg Seir en profeteer teen hom. En sê vir hom: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o berg Seir! En Ek sal my hand teen jou uitstrek en jou 'n wildernis en 'n woesteny maak. Ek sal jou stede 'n puinhoop maak, en jy self sal 'n wildernis word; en jy sal weet dat Ek die HERE is. Omdat jy 'n ewige vyandskap koester en die kinders van Israel in die mag van die swaard oorgelewer het in die tyd van hulle onheil, in die tyd van uiteindelijke afrekening, daarom, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, **Ek sal jou tot bloed maak, en bloed sal jou vervolg; omdat jy bloed nie gehaat het nie, sal bloed jou vervolg.** En Ek sal die berg Seir 'n woesteny en wildernis maak, en uit hom uitroei die wat deurtrek en wat terugkom. En Ek sal sy berge vol maak met die wat uit hom verslaan is; jou heuwels en jou dale en al jou klowe—die wat verslaan is deur die swaard, sal daarin val. Ewige wildernisse sal Ek jou maak, en jou stede sal nie bewoon word nie; en julle sal weet dat Ek die HERE is. Omdat jy sê: Die twee nasies daar en die twee lande sal myne wees, en ons sal dit in besit neem—terwyl tog die HERE daar gewees het— daarom, so waar as Ek leef, spreek die Here HERE, Ek sal handel volgens jou toorn en jou naywer waarmee jy uit jou haat teen hulle gehandel het; en Ek sal onder hulle bekend word as Ek jou oordeel. En jy sal weet dat Ek, die HERE, al jou lasterlike woorde gehoor het wat jy teen die berge van Israel gespreek het deur te sê: Hulle lê woes, hulle is aan ons gegee tot spys. So het julle dan jul groot gehou teen My met julle mond en julle woorde teen My opgehoop; Ek het dit gehoor. So sê die Here HERE: Tot vreugde van die hele aarde sal Ek jou 'n wildernis maak. Soos jy vrolik was oor die erfdeel van die huis van Israel, omdat dit verwoes is, so sal Ek met jou maak: jy sal 'n wildernis word, o berg Seir en die hele Edom, almal saam. En hulle sal weet dat Ek die HERE is." (Eze 35:2-15) 'n Berg word dikwels gebruik om die HERE se sterkte aan te dui. Ons vertrou op die berg. "Maar soos 'n berg stukkend val as dit neerstort, en 'n rots versit word uit sy plek; die water klippe glad skuur; die stortvloede daarvan die grond van die aarde wegspoel; so is die verwagting van 'n mens—U maak dit tot niet. U oorweldig hom vir ewig, en hy gaan heen; U verander sy gelaat en stuur hom weg." (Job 14:18-20) Ons vind ook dat een derde van die skepe sal vergaan. Die wys op die gemeentes wat handel dryf met die Woord van die HERE. Ons vind hulle in die Filistynse

Kerk, en in besonder die streek van Tirus. So alhoewel die mense regtig alles gedoen het, is hulle tog gewaarsku deur Jesus in Openbaring 3 vers 16 tot 20. *“Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuur. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklagenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.”* Soos ons vroeër al gemerk het glo die mense dat hulle geloof hulle sal red, maar Jesus self verklaar dat hulle Hom moet sien as die Lam wat die volmaakte offer vir sonde was, en dat Hy buite hulle gemeentes staan en nie deel het aan die verbondsmaal nie.

DIE DERDE BASUIN

“En die naam van die ster word genoem Alsem; en ‘n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het.” (Open 8:11) Die derde basuin wys op ‘n ster of hemel liggaam wat die waters van die aarde sal in onbruik laat verander. Interessant vir my is dat toe Israel by Mara gekla het oor die water wat bitter was moes Moses ‘n stomp vat en in die water gooi om dit lewend te maak. Nou vind die teenoorgestelde weer plaas. Die water word nou weer bitter, of ongeskik vir menslike gebruik. Jesus verwys ook na water wanneer Hy in Johannes 7 daarvan praat: *“En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.”* (Joh 7:37-39) **Net soos die groen gras, dit wat die mens moes voed in die Paradys op ‘n einde gekom het, net so sal die werking van die Gees, die lewende water, nie meer beskikbaar wees om mense te oortuig dat hulle hulself en denke moet verander nie.** Dit dui vir ons daarop dat alle geleenthede wat ons nog gehad het om tot die volle insig te kom, nou finaal verby is. Indien ons dan nog nie van standpunt verander het nie, sal ons deel uitmaak van die hoer wat later beskryf word.

DIE VIERDE BASUIN

“En die vierde engel het geblaas, en ‘n derde van die son is getref en ‘n derde van die maan en ‘n derde van die sterre, sodat ‘n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so. En ek het gesien en gehoor ‘n engel wat in die middel van die hemel vlieg, wat met ‘n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!” (Open 8:12-13) Nou word dit ook donker in die Paradys, want die Lig word ook verduister. So dit wat vir ons vroeër so helder soos daglig gewees het, is nou nie meer so duidelik nie. Nou begin ons om te twyfel oor die dinge van die Paradys vir ons wat nog daar is, aangesien alles nie meer so klokhelder is nie. En nog is dit nie die einde van die toetse wat ons sal moet deurmaak nie. Selfs die engel waarsku dat daar nog erger goed sal gebeur om die skape van die bokke te skei. *“En die wat omtrent die elfde uur begin het, het gekom en elkeen ‘n penning ontvang. Die eerstes kom toe en dink dat hulle meer sal ontvang, en hulle het ook elkeen ‘n penning ontvang. En toe hulle dit ontvang, murmureer hulle by die huisheer en sê: Hierdie laastes het een uur gewerk, en u het hulle gelykop behandel met ons wat die las van die dag en die hitte gedra het. Maar hy antwoord en sê vir een van hulle: Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir ‘n penning nie? Neem dan wat joue is, en gaan heen. Ek wil aan hierdie laaste een gee net soos aan jou. Of staan dit my nie vry om met my eie goed te maak wat ek wil nie? Of is jou oog verkeerd, omdat ek goed is? So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; **want baie is geroep, maar min uitverkies.**”* (Mat 20:9-16)

DIE VYFDE BASUIN

“En toe die vyfde engel blaas, sien ek ‘n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die put van die afgrond gegee. En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van ‘n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put

verduister. En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het. En aan hulle is gesê dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense wat die seël van God nie op hulle voorhoofde het nie. En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle vyf maande lank gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek. En in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle wegvlug. En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is, en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense. En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos dié van leeus. En hulle het borsharnasse gehad soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog. En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen. En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion. Die een weë het verbygegaan; hierna kom daar nog twee weë." (Open 9:1-12) Nou daal daar 'n ster neer, of dit Jesus sal wees of dalk 'n engel, of dat dit selfs die Satan ook kan wees, weet ons nie. Maar, wat ons wel weet is dat daar nog 'n toets is wat die wat nou nog oor is in die Paradys, sal moet weerstaan. Daar is wel voorwaardes aan verbonde van wie hierdie gediertes mag treiter, en wie nie. Hulle mag net die aanraak wat nie die merk van die HERE in Openbaring 7 ontvang het nie. So ons sien hier weereens dat daar verskillende mense is, die uitverkorenes, die wat die merk van die HERE ontvang het wat die HERE geroep het vir 'n spesifieke doel, en dan die wat die geregtigheid van Jesus besit. Verder mag hulle nie die bome, wat leiers of groepe verteenwoordig, en ook nie die voedsel wat beskikbaar is vir die mense mag aanraak nie. Van die mense wat deur hierdie toets sal gaan sal party van wens dat hulle kan sterf om nie verder getoets te word nie, maar die dood sal nie meer 'n opsie wees nie, want ons het reeds ons hemelse onsterflike liggame ontvang. Die magte wat hierdie mense sal aanval sal staan onder die bevel van Satan. Maar, hierdie mense sal die toets nog deurstaan.

DIE SESDE BASUIN

"En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tien duisend maal tien duisend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leekoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie plaes is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het; want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle skade aan. En die orige mense wat deur hierdie plaes nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande, om die duiwels te aanbid, of die afgode van goud en silwer en koper en klip en hout wat nie kan sien of hoor of loop nie. En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul towerye en hul hoerery en hul diefstalle nie." (Open 9:13-21) In die gedeelte vind ons dat die engele los gemaak word en dat hulle voorberei was vir 'n spesifieke taak en 'n spesifieke tyd. Dit wil voorkom of hierdie die laaste sifting van die gelowiges in die Paradys sal wees. So ten spyte van al die beproewings wat die mense moes deurstaan, het hulle nie afgewyk van hulle wyse van glo nie, en het aangehou dat dit reg is om afgode diens te doen, mense te veroordeel, en nogsteeds die wet van die HERE te oortree. Hulle einde sal dus dieselfde wees as die ongelowiges. Dit is so dat baie mense glo dat hulle teologie die enigste teologie is wat reg is, maar ons vind tog dat die HERE die een is wat alles sal beoordeel. So Sy wil is dat elke siel gered moet word, maar tog dat ons aan Sy woord sal vashou, en nie ons eie kop sal volg nie. Verder is Christenskap nie 'n bestemming nie, maar 'n pad wat ons moet loop en toeneem in geloof en gehoorsaamheid. Petrus stel die pad vir ons pragtig in sy eerste brief: "Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlijkheid by die openbaring van Jesus Christus; vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap,

en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry. Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna. Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is—dinge waarin die engele begerig is om in te sien. Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. **Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees. As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart; want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.** Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.” (1Pe 1:6-25) Dieselfde Petrus dui die pad aan in sy tweede brief as volg: “Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is. **En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde.** Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie; want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet. Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie. Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus.”(2Pe 1:1-11)

HOOFSTUK NEGE - OPENBARING 10 – DIE BOEKIE

*“En ek het ‘n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met ‘n wolk, en ‘n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur; en in sy hand het hy ‘n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land; en hy het met ‘n groot stem uitgeroep soos ‘n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor. **En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het ‘n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.** En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie; **maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete.**” (Open 10:1-7)*

Hier leer ons dat die oordele nou verby is, en word Johannes versterk deur die Woord van die HERE. Dit wat hy nou ontvang sal hom ondersteun en ook moontlik maak om die beelde wat nou gaan volg, te interpreteer. Daar is egter ook ‘n voorwaarde aan verbonde. Hy kon sien en hoor maar die gebeure kon hy nie neerskryf nie. So ons weet nie wat die sewe donderslae kan of gaan wees nie. Daar is baie bespiegelings daaroor, maar ek sal dit nie eers probeer noem of weergee wat ek dink nie. Daar is sekere goed wat ons nie nou al sal weet nie, en dit is wat ek maar glo. Ek kan nie bespiegel oor dinge nie, maar kan slegs feite deurgee, of interpreteer. Paulus beskryf ook hoe ons moet optree: *“Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele. Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan. Toe ek ‘n kind was, het ek gepraat soos ‘n kind, gedink soos ‘n kind, geredeneer soos ‘n kind; maar nou dat ek ‘n man is, het ek die dinge van ‘n kind afgelê. Want nou sien ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.”* (1Kor 13:9-13)

Wat ons nou gaan lees in die volgende paar hoofstukke, gaan vir ons die geskiedenis van die Koninkryk van die HERE uitbeeld, wie wat is en waarom sekere goed gebeur het. Die inhoud van die boekie was aangenaam in sy mond, so dit was vir hom goed om te weet wat nou gaan gebeur, maar tog wanneer hy die boodskap besef gaan dit tog nie aangenaam wees nie want baie mense, mense met goeie voornemens sal tog verlore gaan.

Die laaste vers vertel vir ons wat Johannes nou te doen staan. “En hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings.”

HOOFSTUK TIEN - OPENBARING 11 – DIE TWEE GETUIES

“En ‘n riet soos ‘n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap.” (Open 11:1-2)

Hier begin die HERE vir Johannes te wys wat Hy ook vir Esegïel gewys het. Ons moet onthou dat Moses die tabernakel moes maak na ‘n afbeelding wat hy in die hemel gesien het. Nou sien Johannes hoe die hemelse tempel lyk. Vir ‘n begin moet hy nie die buitekant van die tempel meet nie, want daar sal baie mense wees wat nooit die intimiteit van die verhouding met die Vader ervaar het nie. So hulle sal nooit die volheid van Sy liefde en genade ervaar nie. Die tragiese is dat hulle as heidene bekend sal staan. Al het die mense hulle eie geloof gevestig wat hulle aangehang het en wat hulle verkondig het as die regte evangelie van Jesus Christus, sal hulle nooit in die Hemelse tabernakel kan ingaan nie. Slegs die wat Jesus se geregtigheid besit sal by die tempel kan ingaan.

“En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer. Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan. En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word. Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plaes so dikwels as hulle wil. En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; en hulle lyke sal lê op die straat van die groot stad wat geestelik genoem word Sodom en Egipte, waar ook onse Here gekruisig is. En mense uit die volke en stamme en tale en nasies sal hulle lyke drie en ‘n halwe dag lank sien en nie toelaat dat hulle lyke in die graf gelê word nie. Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het. En ná die drie en ‘n halwe dag het ‘n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en ‘n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het. En hulle het ‘n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou.” (Open 11:3-12)

Hier lees ons van twee getuies wat nie gesien word in pragtige klere nie sodat die mensdom dit nie as iets begeerlik sal sien nie. Om die waarheid te sê is hulle met sakke bekleed. Maar wie is hierdie getuies? En dan hoekom sal hulle vir drie en ‘n halfjaar lank profeteer? Jesus se bediening op aarde was drie en ‘n halfjaar lank, en gedurende daardie tyd was albei die ou en nuwe verbond geldig. So Israel is opgeroep om terug te keer na dit wat Moses hulle voorgehou het in die ou verbond, maar Jesus het daardie verbond kom volbring en die nuwe verbond kom vestig. Albei verbonde het die salwing van die HERE as gevolg soos in Sagaria vir ons voorgehou. *“Daarop het ek begin spreek en aan hom gesê: Wat beteken hierdie twee olyfbome aan die regterkant van die kandelaar en aan die linkerkant daarvan? En ek het toe nogmaals gespreek en vir hom gesê: Wat beteken die twee olyftakkies aan die kant van die twee goue pype wat goud uit hulle laat uitstroom? Toe antwoord hy my en sê: Weet jy nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my heer. En hy sê: Dit is die twee gesalfdes wat by die Here van die ganse aarde staan.” (Zec 4:11-14)*

So tydens Jesus se bediening op aarde was beide verbonde geldig. Die Jode kon nogsteeds deur hul onderhouding van die wet hul eie geregtigheid volbring het, maar so het Jesus Sy nuwe verbond vir ons gebring wat ewige geregtigheid gebring het. Nou sien Johannes dat die mense bly was toe Jesus gekruisig is, want hulle het gedink dat hulle nou hul eie geregtigheid kon vestig, maar na nog drie en ‘n half jaar, met die dood van Stefanus en die uitdra en uitbreiding van die evangelie en verbond na alle mense, is die woord vervul en is albei verbonde vir ewig terug na die hemel, waar dit as teken vir altyd sal dien. Ons moet regtig onthou dat al het Jesus die ou verbond kom vervul, meeste van die voorwaardes dieselfde betekenis behou het. Net so ‘n paar gedeeltes uit die Ou Testament wat lig werp vir ons op geloof.

“n Psalm van Dawid. HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg? Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek; wat nie rondgaan met laster op

sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie; in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die HERE vrees; al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie; wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie". (Psa 15:1-5) So Dawid lig al vir ons uit dat dit gaan oor hoe ek optree en nie oor my godsdienstige dade nie.

Uit Jesaja sal ek net twee gedeeltes aanhaal, maar daar is baie meer verwysings. Hoofstuk een: "Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie. As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis—om my voorhowe te vertrap? Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste—Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie! Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed. Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handeling voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, betuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek. Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars! Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water. Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloning na. Aan die wees doen hulle geen reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie. Daarom spreek die Here HERE van die leërskaars, die Magtige van Israel: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en My wreek op my vyande! En Ek sal my hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou looddele wegneem."(Isa 1:11-25)

Dan volg hoofstuk 58: "Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes. Wel soek hulle My dag vir dag en het 'n behae in die kennis van my weë! Soos 'n nasie wat geregtigheid doen en die reg van sy God nie verlaat nie, vra hulle My na die regverdige verordeninge; hulle het 'n behae in die toenadering tot God. Waarom vas ons, en U sien dit nie? Waarom kwel ons ons siel, en U weet dit nie? —Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen, en julle jaag al jul arbeiders aan. Kyk, om te twis en te kyf, vas julle, en om te slaan met misdadige vuur; julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie. Is dít die vas wat Ek verkies, die dag as die mens sy siel gaan kwel: dat hy sy hoof buig soos 'n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit vas en 'n dag wat die HERE welgevallig is? Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerweling in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie?" (Isa 58:1-7)

Jeremia borduur verder in hoofstuk sewe: "So sê die HERE van die leërskaars, die God van Israel: Maak julle weë en julle handeling goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek. Vertrou nie op bedrieglike woorde nie—wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit! Maar as julle jul weë en julle handeling waarlik goed maak, as julle waarlik reg doen onder mekaar; vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie en agter ander gode nie aan loop tot julle eie skade nie— dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu. Kyk, julle vertrou op bedrieglike woorde wat nie baat nie." (Jer 7:3-8)

Hy gaan verder in die hoofstuk met die woorde: "So sê die HERE van die leërskaars, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis. Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan. Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bese hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie. Van die

dag af dat julle vaders uit Egipteland uitgetrek het tot vandag toe het Ek na julle al my knegte, die profete, gestuur, daaglik, vroeg en laat; maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders. Ook moet jy al hierdie woorde aan hulle meedeel, maar hulle sal na jou nie luister nie; en jy moet na hulle roep, maar hulle sal jou nie antwoord nie. Sê dan vir hulle: Dit is die nasie wat na die stem van die HERE hulle God nie geluister het nie en die tugtiging nie aangeneem het nie; die opregtheid het verdwyn en is uitgeroei uit hulle mond. Skeer jou mooi hare af, o Jerusalem, en gooi dit weg, en hef op die kaal heuwels 'n klaaglied aan; want die HERE het die geslag van sy grimmigheid verwerp en verstoot. Want die kinders van Juda het gedoen wat verkeerd is in my oë, spreek die HERE. Hulle het hul verfoeisels gesit in die huis waaroor my Naam uitgeroep is, om dit te verontreinig". (Jer 7:22-30)

Esegiël stel dit so: "Kyk, al die siele is myne; soos die siel van die vader, so die siel van die seun—hulle is myne; die siel wat sondig, dié moet sterwe. Maar as iemand regverdig is en reg en geregtigheid doen; nie eet op die berge en sy oë nie opslaan na die drekgode van die huis van Israel en die vrou van sy naaste nie verontreinig en nie naby 'n vrou kom as sy onrein is nie, en niemand verdruk nie; wat hy vir skuld as pand geneem het, teruggee; geen roof pleeg nie; aan die wat honger het, sy brood gee en die wat naak is, met 'n kleed toedek; nie leen op rente en geen woeker neem nie; sy hand terughou van onreg, eerlike regspraak oefen tussen man en man; in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou om eerlik te handel—hy is regverdig, hy sal sekerlik lewe, spreek die Here HERE." (Eze 18:4-9)

Amos gaan aan met dieselfde klagtes: "Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie. Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie. Verwyder van My die geraas van jou lieder! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie. Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom. Het julle aan My slagoffers en spysoffers gebring veertig jaar lank in die woestyn, o huis van Israel", (Amo 5:21-25)

Miga stel dit so: "Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? Sal die HERE 'n welbehae hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel? Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?" (Mic 6:6-8)

Sagaria stel dit so: "Moet ek in die vyfde maand ween met vas soos ek nou al so baie jare gedoen het? Daarop het die woord van die HERE van die leërskaars tot my gekom en gesê: Spreek tot die hele volk van die land en tot die priesters dit: As julle, nou sewentig jaar lank, in die vyfde en in die sewende maand gevas en getreur het, het julle toe werklik ter wille van My gevas? En as julle eet en as julle drink, is dit dan nie julle wat eet en julle wat drink nie? Is dit nie so met die woorde wat die HERE deur die diens van die vroeëre profete verkondig het nie, toe Jerusalem en sy omliggende stede nog bewoond en rustig was, en ook die Suidland en die Laeveld nog bewoond was? Verder het die woord van die HERE tot Sagaría gekom en gesê: So het die HERE van die leërskaars gespreek en gesê: Spreek 'n eerlike vonnis uit en bewys liefde en barmhartigheid die een aan die ander. En moet nie die weduwee en die wees, die vreemdeling en die arme verdruk nie en kwaad in julle hart teenoor mekaar bedink nie." (Zec 7:3-10)

Dit dan so 'n vinnige reis deur die profete. Almal is dit eens, dat die HERE nie van ons verwag om elke wet so stiptelik na te kom dat ek nie eers mag lewe nie, nee, Hy wil dat ek aan alle Christene wat oor my pad kom en hulp nodig het, hulp sal verleen. My naaste moet liefhê. Dit is my roeping as Christen.

Hebreërs beskryf ook hoekom Israel verkry het wat hulle moes nie: "Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is." (Heb 4:1-3)

Paulus beskryf ook hoekom net sekere mense binne die tempel toegelaat sal word: "Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgestaan het, en almal in Moses gedoopt is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys

geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn.”(1Kor 10:1-5)

Dit is ook die boodskap wat Jesus gebring het. Ek sluit hier die hele gedeelte in wat Jesus gespreek het, sodat ons sal verstaan watter Christene die ewige lewe sal verkry en watter die ewige duisternis. Onthou net, Jesus het hier met Jode gepraat, so Hy praat vandag met ons as Christene, nie met mense van die wêreld nie. *“En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdige in die ewige lewe.” (Mat 25:31-46)*

Nou mag jy my vra maar wat van wedergeboorte en van al hierdie ander goeters wat ons elke dag geleer word. Ja, dit gaan 'n verskil maak, maar eers as ek tot die besef gekom het dat alles, selfs my mooi werke vir die kerk, nie 'n verskil aan my eindbestemming gaan maak nie, maar net dit wat ek as Christen aan my medemens doen, dan het ek eers tot werklike bekering gekom. Dan sal ek besef dat alles wat ek as Christen is en het, van Hom af kom en dat ek niks kan doen om my in 'n beter verhouding met Hom te plaas nie, behalwe om my naaste soos myself lief te hê. En dit sluit my familie in, of hulle nou armlastig is of nie, dit maak nie saak nie, hulle is nog my naaste.

Hoe druk Johannes dit uit: *“Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood. Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie. Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê. Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom? My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid. En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel, want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles. Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy geboorte bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom. En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. En hy wat sy geboorte bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.” (1Jn 3:14-24)*

Johannes beskryf hier en in die volgende hoofstuk vir ons wat liefde is, en dit is wat Jesus kom doen het. Hy het Sy beste, Sy lewe, vir ons gegee, sonder dat ons gevra het of dit verdien het. So moet ek dus ook my beste, my alles gee vir ander sonder dat hulle dit verdien, of vra. Dit maak nie saak watter liefde jy van praat nie, want die definisie geld vir alle vorme van liefde. Selfs tussen man en vrou, ouer en kind.

Hieruit sien ons dat ons by 'n doen Christenskap moet uitkom. Dit maak nie saak aan watter kerk jy behoort nie, en of jy watter dag ook al as rusdag gebruik nie, nee, dit hang af of jy bereid is om so na jou mede gelowige om te sien soos jy na jouself omsien. Geen veroordeling nie. Ek weet dit is moeilik, maar Christenskap is nie vir sissies nie. Jy moet die daad by die woord sit, en dit vat aan 'n mens.

Dit is wat ons as die eerste beginsel by ons gemeente moet leer. Nou moet ek byvoeg dat ek nie glo dat ek al ooit in my bestaan van oor die sestig jaar, al in 'n gemeente was waar dit geleer is nie. Dit is mos die diakonie se werk, of die en daardie omgegroepe, of die een of ander kommissie se werk om na die mindergegoedes om te sien. Nee, dit is die eerste stap om as Christen gereken te word. Dit is ons roeping as Christene. Net so tussen ons, ek was al by almal van die Doppers tot die Apostolies en die Charismate en almal tussenin. As jy nog nie hier is nie, help dit nie eers om oor geloof te praat nie, want dan weet jy nog nie wat dit beteken nie. Ek praat nie van wat al die voorspoed teoloë soos Kenneth Copeland en die jou voorhou nie. Hulle weet in elk geval nie wat liefde teenoor jou naaste is nie, want hulle vat van die weduwee en die wat nie het nie, om hulle self te verryk. Vra my, ek moes al met stukkende mense werk wat alles wat hulle gehad het gegee het vir hierdie mense sodat die HERE hulle weer kan seën. En hulle wag nog steeds.

Dit is hoekom die mense gejuig het en vandag nog steeds juig. Ons word mos net geleer dat ons net sonder enige moeite die ewige lewe sal beërwe, ons is mos los gemaak van al die voorskrifte, maar wanneer ons eers besef wat die verbond beteken en ons dit vir mense begin verkondig, sal die mense eers besef waaroor Jesus gekom het, en hoekom hulle soos heidene nie toegelaat word om in die tempel te gaan nie. *“Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur, omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het.”* (Rev 11:10)

Nou eers na hierdie mense dit besef, sal die hemel en die ware tempel van die HERE vir hulle 'n werklikheid word. *“En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlijkheid toegebring. Die tweede wee het verbygegaan; kyk, die derde kom gou. En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid. En die vier en twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê: **Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het. En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf.** En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.”* (Rev 11:13-19)

Watter woorde om na uit te sien! Om Jesus as ewige koning te sien, en die verbondsark, die belofte wat vir elke Christen beskore is, te kan sien soos Moses dit gesien het.

HOOFSTUK ELF - OPENBARING 12 – DIE AANVAL OP DIE KERK EN JESUS AS HOOF

“En ‘n groot teken het in die hemel verskyn: ‘n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof ‘n kroon van twaalf sterre; en sy was swanger en het uitgeroep in haar weë en barensnood. En ‘n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was ‘n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. En sy het ‘n manlike kind gebaar, wat al die nasies met ‘n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon. En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy ‘n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank.” (Open.12:1-6)

Nou sien Johannes die beeld wat begin met die geboorte van Jesus, met Satan wat Hom wou vernietig, maar waar Hy na die Hemel is. Alhoewel Herodus al die manlike kinders wou doodmaak, het die HERE gesorg dat hulle in Egipte kon oorleef, tot die einde van Herodus se veldtog. Ons lees dan ook verder van wat met die Satan gebeur het: ***“En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígaël en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. Toe hoor ek ‘n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuïenis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.”*** (Open 12:7-11)

Ons vind ook ‘n baie groter simbolieke betekenis in die gedeelte. Dat die Kerk as kind gebore is en dat die Satan wou voorkom dat die woord van die HERE in vervulling sou gaan. Nou vind ons eerstens dat daar ‘n geveg in die Hemel was. **Wanneer ons na die geskiedenis van Job kyk sal ons sien dat die Satan die aanklaer was by die Vader, en dus nog toegang gehad het tot die Vader. Met die tot stand koming van die Kerk, is hy finaal uit die hemel gewerp, en het hy die mens op aarde begin verlei.** Ons lees ook dat die Satan as die vors van Tirus beskryf word in Esegïël 26 tot 28. Ons kan ook gaan kyk na die beskrywing van die Filistynse Kerk vanaf bladsy 55 om te sien hoe die Satan selfs dié Kerk in sy mag het. So Satan het reggestaan om die Kerk te dood, maar die ware Kerk is weggeruk na die Hemel, waar Satan geen mag meer het nie.

Die enigste manier om die Satan te oorwin is soos uitgedruk in vers 11: *“En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuïenis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.”* So die enigste manier hoe ons as Christene kan oorwin is deur deel te word van die verbond met Christus as Lam. Hebreërs beskryf ook ‘n gedeelte wat hier van toepassing is: *“Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie. Ons het ‘n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heilighdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra. Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige. Laat ons dan gedurig deur Hom aan God ‘n loffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.”* (Heb 13:9-15)

Ons moet ook onthou dat Jesus reeds in die hemel was voor sy menslike geboorte, dat Hy dit verlaat het om die verbond te vervul en as mens te kom lewe, en dat Hy weer terug is vanwaar Hy gekom het. So Hy was in Kanaän, en moes dus na die aarde, of in mense taal Egipte, toe kom, en na Sy bediening van drie en ‘n halwe jaar, of duisend twee honderd en sestig dae, *“En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy ‘n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank”*, het hy opgevaar na die Hemel en weer in Kanaän gegaan. In die fisiese is Hy gebore in Kanaän, die volmaakte, moes Hy na Egipte vlug, die ryk van die Satan, en

toe kon Hy terugkeer na die volmaakte nadat Hy die verbond vervul het vir elkeen van ons, na Kanaän.

“Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het. En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het; maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, ‘n tyd en tye en ‘n halwe tyd. En die slang het uit sy bek water soos ‘n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.” (Open 12:12-17)

Die gedeelte van Openbaring gee vir ons die rede hoekom ons mag nie teen vlees en bloed is nie. Satan en sy volgelingen is neergewerp uit die hemel, en kan nou slegs op aarde bestaan. *“Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die list van die duiwel. **Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.**” (Efes 6:10-12)* So die Satan sal probeer met al sy mag om die Kerk te verlei. Daaroor ook dat Johannes sien dat die Satan water uit sy bek uitgooi. So die Satan sal probeer om die werking van die Heilige Gees na te boots, maar sal dit nie kan regkry nie. *“En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! **Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.** En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.” (Joh 7:37-39)*

Hierdie is SO belangrik vandag, veral waar ons vind mense nog agter die **Toronto blessing aanhaardloop en die vals heilige gees vereer**. Mense sal allerhande snaakse goed aanvang en dan dit aan die Heilige Gees koppel. Dit is inderwaarheid die vals heilige gees wat van die Satan af voortvloei waarmee hy die wêreld verlei. Vra my, ek was baie keer daar, maar gelukkig sien ek dit maar min deesdae, seker maar omdat ek die tipes gemeentes vermy. Een of ander tyd gaan die mense hulle belangstelling in hierdie “heilige” laggery, diere geluide en op en af spring soos ‘n jo-jo verloor. Die mense raak moeg vir hierdie diere geluide en al hierdie snaakse goeters wat hulle aan die heilige gees toeskryf, maar die oorsprong is van die Satan. Dit is sy water wat hy agter die Kerk aangegooi het waarin die mense verval het.

Nogtans moet ons op die uitkyk wees vir hom want hy sal aanhoudend met ons in oorlog wees, soos Johannes dit stel : *“En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.”*

So ons as Kerk word opgeroep om altyd te kan onderskei tussen dit wat die Heilige Gees voortbring, teenoor dit wat die Satan voortbring. *“**Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.** Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle. Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling.” (1Jn 4:1-6)* So uit die gedeelte sien ons dat ons altyd moet kan onderskei wat van die Heilige Gees is, en wat van die Satan is.

Dit is ook waarom baie van die volgende beelde in Openbaring gaan. Omdat baie Christene elke persoon glo wat sê dat hy deur die HERE aangestel is, of deur sy kerkverband aangestel, sal daar nou onderskeid moet plaasvind tussen die ware en valse leerstellings, ware en valse Christene, en ware en valse herders.

HOOFSTUK TWAALF - OPENBARING 13 – DIE ANTICHRIS

In die hoofstuk vind ons twee diere wat uit die see opkom. Die eerste dier is die koning van die onheiliges, die mense wat glad nie in die HERE glo nie. So dit weerspieël vir ons die Satan en sy volgelinge.

“(12:18) En ek het op die sand van die see gaan staan. (13:1) En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van godslastering. En die dier wat ek gesien het, was soos ‘n luiperd, en sy pote soos dié van ‘n beer, en sy bek soos die bek van ‘n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag. En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? En ‘n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen. En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. As iemand ‘n oor het, laat hom hoor. As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges.” (Open 13:1-10)

Die see waaruit die dier te voorskyn kom verteenwoordig die mense, want in Daniël word die dier ook vir ons bespreek, en word dit daar as mense en koninkryke verklaar. *“Só het hy gesê: Die vierde dier—die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel. En die tien horings—uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en ‘n ander een sal ná hulle opstaan, en hy sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp. En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende ‘n tyd en tye en die helfte van ‘n tyd.” (Dan 7:23-25)*

So beide gedeeltes verklap vir ons dat die mag van die Satan so sal wees dat menigtes hom sal dien. Daar sal tye wees en daar was al tye gewees waar sy volgelinge groot terugslae gehad het, en waar almal gedink het dat sy ryk ten gronde sal gaan, maar tog sal dit aanhou tot die einde toe. So sal daar baie verskillende koninkryke opstaan wat nie die HERE sal dien nie, maar dit is die mense wat se name nie geskryf is in die boek van die lewe nie, die ander boek wat ons van lees in Openbaring 20. Dit verklap ook dat ons as Christene sal moet volhard in die geloof en lydsaamheid, om nie die Satan as koning te volg nie.

Ons kan maar net rondkyk vandag hoeveel aanslae daar op ons as Christene se geloof gemaak word om te besef hoe moeilik dit is om staande te bly, en nie jou knie voor hom te buig nie.

“En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam en het gepraat soos ‘n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle ‘n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om ‘n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe ‘n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van ‘n mens; en sy getal is ses honderd ses en sestig.” (Open 13:11-18)

Waar die eerste dier openlik in konflik met ons as kinders van God oorlog voer, vind ons nou dat daar 'n dier sal opstaan wat groot tekens sal doen. Hy sal selfs vuur uit die hemel laat neerdaal, so die Christene sal hom nie sien vir wie hy werklik is nie. Dit is die beeld wat ons vandag ken as die Antichris. Die een wat Paulus van skryf aan die gemeente in Thessalonika: *“Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelf en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.”*(2Th 2:1-12)

Hierdie is die tweede dier, die een waarvan Petrus ook skryf: *“die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word; en veral die wat die vlees in vuile begeerlikheid agteraloop en die heerskappy verag. Vermetel en aanmatigend, skroom hulle nie om die heerlike wesens te belaster nie, terwyl die engele, hoewel groter in sterkte en krag, geen lasterlike oordeel teen hulle by die Here voorbring nie. Maar hulle sal, omdat hulle belaster wat hulle nie ken nie, soos redelose diere wat die natuur volg, gebore om gevang en vernietig te word, in hulle verdorwenheid te gronde gaan en die loon van die ongeregtigheid ontvang. Hulle ag die weelderigheid oordag 'n genot; hulle is skandvlekke en smette, weelderig in hul bedrieërye as hulle met julle saamsmul; met oë vol van owerspel, wat nie ophou om te sondig nie; hulle verlok onvaste siele, hulle het 'n hart geoef in hebsug, hulle is kinders van die vervloeking. Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal, en die weg gevolg van Bileam, die seun van Beor, wat die loon van ongeregtigheid liefgehad het, maar die bestraffing van sy eie oortreding ontvang het: die stom lasdier het met die stem van 'n mens gepraat en die waansinnigheid van die profeet verhinder. Hulle is waterlose fonteine, miswolke voortgedrywe deur 'n stormwind, vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word. Want deur trotse woorde vol onsin uit te spreek, verlok hulle deur begeerlikhede van die vlees en ongebondenheid die wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel. Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword. Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste. Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is. Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol.”* (2Pe 2:9-22)

Hierdie is seker die moeilikste gedeelte om oor te dra aan kerk mense. Ek gebruik spesifiek die woord kerk mense omdat ware Christene nie kerk mense is nie, maar dissipels van Jesus Christus is. Kerk mense wil dat almal hulle geloofs definisie moet volg en dan is die saak reg, terwyl dissipels een doel voor oë het, en dit is om soos Jesus te wees en Sy beeld uit te straal na almal waarmee jy elke dag in aanraking kom. So kerk mense kom in alle dominasies voor. Ek het eendag met 'n ou afgetrede predikant gepraat wat ek baie goed geken het, en na opgesien het. Hy het immers my eerste aanraking met Christene waargeneem toe ek destyds as baba gedoop is, ek het by hom belydenis van my geloof afgelê, en dan het hy ook ons troue waargeneem en sommer ook as seremonie meester opgetree. Baie jare later moes ek eendag 'n predikant kry om by ons gemeente te preek aangesien ons predikant met verlof was, en dit deel van my pligte was as skriba van die kerkraad. Ek het dadelik gedink aan hom en het toe gevra dat hy die diens sou waarneem. Ek het hom by sy huis gaan

haal, en toe ons na die diens weer oppad terug is na sy huis toe, het hy my iets gesê wat my regtig onkant gevang het. Hy het my vertel dat hy die HERE om vergifnis moes vra nadat hy as predikant geëmiriteer het aangesien hy sy hele lewe lank as predikant probeer het om mense te oortuig dat die Gereformeerde Kerk reg is, en sodoende mense doppers wou maak, en hy nooit gepoog het om mense dissipels te maak nie. Hy het gesê daar is sovele pragtige Christene in ander denominasies, maar as voltydse predikant het hy destyds gedink net die doppers is reg.

Nou moet ek byvoeg dit gebeur nie net in die Gereformeerde Kerk nie, maar in alle denominasies. Glo my, ek was al by meeste betrokke, baie as lidmaat, by baie in leiersposisies soos Bybelskool leraar, en ander selfs as voltydse leraar.

Jesaja gee vir ons 'n baie goeie verwysing na wie die tweede dier is, die een wat hier tussen ons rondloop en wat ons nooit sou verwag deel is van die Antichris nie. *“Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie. As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis—om my voorhowe te vertrap? Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste—Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie! Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed. Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handeling voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, betuel die verdrukke, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek. **Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars!** Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water. Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloning na. Aan die wees doen hulle geen reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie. Daarom spreek die Here HERE van die leërskaar, die Magtige van Israel: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en My wreek op my vyande! En Ek sal my hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou looddele wegneem.”* (Isa 1:11-25)

Soos ons hier lees is die hoer nie iemand wat buite die Kerk is nie, maar hulle is saam in die Kerk, baie, as leiers van groepe. **“Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan.”** Jak 3:1. Dit is hoe die Satan werk. Hy kry die mense om hulle oë op hul leiers te fokus sodat die mense alles sal doen wat hulle leier van hulle verwag, en nie dit wat die HERE van ons verwag nie. Hierdie is ook die beskrywing van die Kerk in Laodisië wat ons van gelees het in Openbaring 3. Jesus sê self dat hy buite die Kerk staan en klop, en dat hulle nie deel van Sy verbondsvolk is nie. Dit is ook waarna Petrus hierbo na verwys het. Dit is ook wat Israel gedoen het toe hulle nie meer direk onder die gesag van die HERE wou staan nie, maar vir hulle 'n koning wou aanstel.

So die tweede dier is nogsteeds die Satan, maar 'n beskrywing van hoe hy onder die dekmantel van die Kerk, te werk sal gaan.

Ek wil dit net weereens bevestig dat die HERE jou nie sal oordeel volgens jou Kerkverband nie, maar volgens jou eie optredes. Maar omdat baie van ons net sekere beginsels aanhang, maak dit dat ons kan gaan kyk na die oordele oor die verskillende gemeentes of soos in die Ou Testament volke, om te sien hoe daar teenoor ons opgetree sal word.

HOOFSTUK DERTIEN – OPENBARING 14 – DIE INSAMELING VAN DIE OES

Die eerste paar verse vind ons weer 'n beskrywing van die honderd vier en veertig duisend uitverkore leiers wat saam met Jesus sal regeer. Die gedeelte gee vir ons ook verdere kenmerke wat maak dat die mense deur die HERE uitgekies is vir hul spesifieke doel.

"En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van sitterspelers wat speel op hulle sitters. En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is. Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God." (Open 14:1-5)

So die beeld is nou weer die beeld wat ons die eerstekeer van gelees het in Openbaring 4,5 en 7. Dit is die mense wat in alle opsigte gehoorsaam was aan God en Sy bepalings.

*"En ek het 'n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met 'n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke. **En hy het met 'n groot stem gesê: Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.**"* (Open 14:6-7) Hier vind ons dat die evangelie van verlossing nie deur mense voortgebring is nie, maar dat die boodskap van verlossing afkomstig is van die troon van God. Dit maak nie saak wie of wat jy is nie, die evangelie van verlossing is nie 'n menslike instelling nie, en kan nie deur ons as mense bevraagteken of verander word nie, want dieselfde boodskap word aan alle mense en alle volke in alle tale deur die engele van die HERE oorgedra. Dieselfde engel kondig nou ook aan dat die tyd daar is dat die insameling van die oes kan begin. Hierdie is nie 'n ander oordeel oor mense nie, maar die HERE wil seker maak dat ons sal verstaan hoekom daar 'n oordeel en oestyd is, en dat ons tyd wat ons gehad het om die regte boodskap te leer, verby is. *"En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. **En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.** En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie."* (Jes 2:2-4)

Dit maak ook dat ons nie 'n verskoning kan hê op die finale oordeel nie. As ons reg onthou vind die eerste oordeel plaas wanneer ons sterfdag aankom, en nou vind die oordeel plaas oor almal wat wel in die Paradys is. Die verskil is nou dat ons tyd gehad het om uit te vind wat die ware boodskap van verlossing was, en nou word die verskillende gemeentes of volke geoordeel.

"En 'n ander engel het gevolg en gesê: Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery." (Open 14:8) So die volgende wat Johannes meegedeel word is dat die tyd van die afvalliges verby is, en dat almal wat nogsteeds hulle "geloof" aanhang, nou saam met Babilon, die ongehoorsames en goddeloses geoordeel sal word. Daar sal uit elke tipe Kerk en volk mense wees wat sal omkom aangesien hulle nogsteeds vasgehou het aan hul goddelose lewensstyl en hulle nie bekeer het tot God alleen nie. Hulle het nogsteeds met die hoer gemeenskap gehad.

"En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en

hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang. Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar." (Open 14:9-12) Hier word aan ons verduidelik dat indien jou handeling of gedagtes nie gaan oor dit wat die HERE van ons verwag nie, ons gaan drink van die wyn van die grimmigheid van God. So dit is die persone wat die merk van die dier op hul voorkop, so hulle gedagtes was sondig, en hulle hand, so hul dade het teen hulle getuig, ontvang het. So ons kan maar ophou kyk vir inplanting van elektroniese apparate en allerhande snaakse goed waarmee mense te voorskyn kom. Die merk van die dier is jou gedagtes en jou werke wat teen jou gaan tel.

Ek onthou hier in die 1980's was strepies kode op handelsware die "merk" van die Antichris, toe is dit die halaal teken op voedsel, nou is dit die inplanting vir die "microchip", en so kan ek aangaan, maar dit is nie die merk van die Satan nie. Dit is ons denke, oor hoe ons onself kan bevoordeel en ander benadeel, en dan hoe ek optree teenoor my naaste, wat die twee merke op die voorhof en die hand verteenwoordig.

Johannes gebruik hier 'n term wat in die Psalms ook gebruik word van die beker van die wyn van grimmigheid: *"Want nie van die opgang of van die ondergang, ook nie van die woestyn van berghoogtes nie.... maar God is regter: Hy verneder die een en verhef die ander. Want in die hand van die HERE is 'n beker, en die wyn skuim; dit is oorvloedig gemeng, en Hy skink daaruit; ja, die afsaksel daarvan moet al die goddelose van die aarde opslurp, uitdrink."* (Psa 75:6-8) So al die goddeloses sal van die wyn wat ongesuiwer is, so dit bevat nog al die elemente sonder dat dit geskei is van die afsaksel, sal moet drink. So daar sal geen versagting van die oordeel wees vir die mense nie.

Gelukkig weet ons as verlostes, dat daar vir ons nie 'n oordeel sal wees nie. *"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar. En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle"*. (Open 14:13). So daar is nie nuwe terme nie, maar soos ek al vroeër in die boek genoem het, gaan dit oor my optrede, oor hoe ek as Christen teenoor God en my naaste optree, en of ek glo dat Jesus die enigste weg na saligheid is.

Nou vind ons dat vir Johannes gewys word dat die oes ryp is, en dat die tyd aangebreek het om die oes in te samel. *"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel. En 'n ander engel het uit die tempel gekom en met 'n groot stem geroep na Hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het. En Hy wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde laat gaan, en die aarde is afgemaai."* (Open 14:14-16) Nou sien ons dat die finale insameling sal plaasvind, en dat almal wat die getuienis van Jesus Christus bewaar het, deel van die oes gaan wees. So vir ons wat nou ingesamel word sal daar geen verdere oordele wees nie.

Die laaste gedeelte wat nou in die hoofstuk plaasvind, is die oordeel oor Edom, die wat die Joodse geloof aanhang en nie vir Christus as die verlosser wou aanvaar nie. *"En 'n ander engel het uitgekome uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerp sekel gehad; en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekome en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword. En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God. En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl ver."* (Open 14:17-20)

Hoe tragies is dit dat die Jode en hul Joodse geloof nie vir Jesus wou sien as Seun van God nie. Ons lees in Jesaja oor dieselfde gebeurtenis as volg: *"Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap? Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle*

lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het. Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom. En Ek het uitgekyk, maar daar was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun. En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop.” (Isa 63:1-6) Openbaring 19 beskryf ook die geleentheid: ***“En Hy was bekleed met ‘n kleeed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.”*** (Open 19:13)

Ons moet onthou dat soos wat Esau sy eergeboorte reg aan Jakob verkoop het, so het Israel hul eersgeboorte reg aan ons as Christene verkoop. Esau was die vader van die nasie Edom, en so het Israel en die Joodse geloof, die volk Edom geword.

So Jesus sal nie weer kom om as koning oor die Joodse volk aangestel word nie, maar dit is my en jou plig om soos ‘n Paulus en Barnabas na hulle sinagoges toe te gaan en hulle te leer hoekom Jesus die Messias is.

HOOFSTUK VEERTIEN – OPENBARING 15 – DIE BELONING VIR ONS AS VERLOSTES

“En ek het ‘n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig. En ek het gesien iets soos ‘n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God. En hulle het die lied gesing van Moses, die diensknege van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige daade openbaar geword het”. (Open 15:1-4)

Hier sien ons al die verlostes bymekaar, almal wat die dier, die Satan, oorwin het, saam met die Lam, en ons bring lof aan die Vader. Hier word gepraat dat ons die lied van Moses sing. Baie mense weet nie van die lied nie of waar dit voorkom nie, so ek het dit volledig hier ingesluit. *“Toe het Moses en die kinders van Israel hierdie lied tot eer van die HERE gesing; en dit is wat hulle gesê het: Ek wil sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Die perd en sy ruiter het Hy in die see gewerp. Die HERE is my krag en my psalm, en Hy het my tot heil geword. Hy is my God, Hom sal ek roem; die God van my vader, Hom sal ek verhef. Die HERE is ‘n krygsman; HERE is sy naam. Hy het Farao se strydwaens en sy leërmag in die see gewerp. En sy beste vegsmanne het in die Skelfsee gesink. Die watervloede het hulle oordek. Hulle het in die kolke gesink soos ‘n klip. o HERE, u regterhand is verheerlik deur krag. U regterhand, o HERE, verpletter die vyand. En in u grote hoogheid werp U diegene neer wat teen U opstaan. U stuur u toornloed uit: dit verteer hulle soos ‘n stoppel. En deur die geblaas van u neus het die waters hulle opgestapel, die strome het bly staan soos ‘n wal, die watervloede het styf geword in die hart van die see. Die vyand het gesê: Ek sal agtervolg, inhaal, buit verdeel, my begeerte sal versadig word van hulle; ek sal my swaard trek, my hand sal hulle uitroei. U het met u asem geblaas: die see het hulle oordek; soos lood het hulle gesink in die geweldige waters. o HERE, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke daade, een wat wonders doen? U het u regterhand uitgestrek, die aarde het hulle verslind. U het deur u guns die volk gelei wat U verlos het; U het hulle deur u krag na u heilige woning gevoer. Die volke het dit gehoor, hulle het gesidder; weë het die inwoners van Filistea aangegryp. Toe is die stamhoofde van Edom verskrik, bewing het die magtiges van Moab aangegryp. Al die inwoners van Kanaän het gebewe. Verskrikking en vrees het op hulle geval; deur die grootheid van u arm was hulle stom soos ‘n klip, terwyl u volk deurtrek, HERE, terwyl die volk deurtrek wat U verwerp het. U bring hulle in en plant hulle op die bergland van u erfenis, die plek, o HERE, wat U as vaste woonplek vir U berei het, die heiligdom wat u hande gestig het, o Here! Die HERE sal regeer vir ewig en altoos. Want Farao se perd, met sy strydwaens en sy ruiters, het in die see ingegaan, en die HERE het die waters van die see oor hulle laat terugkom. Maar die kinders van Israel het binne-in die see op droë grond getrek. En Mirjam, die profetes, die suster van Aäron, het ‘n tamboeryn in haar hand geneem; en al die vroue het uitgegaan agter haar aan, met tamboeryne en in koordanse. En Mirjam het hulle al singende geantwoord: Sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gewerp. Daarop het Moses die Israeliete laat wegtrek van die Skelfsee af, en hulle het uitgetrek na die woestyn Sur. Hulle het toe drie dae lank in die woestyn getrek en geen water gekry nie”. (Exo 15:1-22)*

Hierdie hele lied gaan daaroor dat die HERE hulle verlos het van die mag en die hand van die Farao, en dat die HERE sy hele leërskaars soldate verwoes en verdrink het in die water. So het ook al die ander nasies kennis geneem van wat die HERE met Sy volk gedoen het, en het hulle verskrik geraak. Dit is wat ons as Christene moet onthou, dat die dag toe ons deur die doopwater gegaan het, is die mag van die Satan en al sy werkers gebreek in ons lewens. Moses gebruik hier ‘n gedeelte wat ek dink ons as Christene elke dag in ons eie lewens moet uitleef. **“Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke daade, een wat wonders doen?”** Indien ons die woorde elke dag ons eie maak sal ons in oorwinning kan leef. Dan sal ons nie swig vir elke versoeking wat oor ons pad kom nie. Om die waarheid te sê die vyand se mag om ons te versoek is finaal en volledig oorwin. Dit is waarvan Jakobus ook praat in sy briewe. *“Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.”* Die HERE het die Satan en al sy magte oorwin en ons as Sy kinders moet dit besef. Ons moet die HERE elke dag daarvoor loof dat ons kan leef deur die verlossingswerk wat Hy gedoen het.

Dit is waaroor hierdie hele lied gaan, dat die Farao en al sy magte in die Rooisee verdrink het. Dat Israel op droë grond kon deurgaen maar die Farao nie toegelaat is om hulle daarna te teister nie. Dit is wat die doop vir ons beteken. Nou staan ons almal by die see en bring lof aan die HERE wat die Satan se mag heeltemal verbreek het. *“Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige daade openbaar geword het”*. Nou weet ons dat die HERE alleen ons God is, en dat Hy die pad vir ons gereed gemaak het. Al die nasies, al die verskillende gemeentes met hul eie manier van aanbidding, sal na U kom en U aanbid.

“En ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, die tempel van die tent van die getuënis in die hemel is geopen. En die sewe engele met die sewe plae het uit die tempel uitgekom, bekleed met rein, blink linne, en om die bors omgord met goue gordels. En een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van God wat leef tot in alle ewigheid. En die tempel het vol rook geword uit die heerlijkheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie.” (Open 15:5-8)

Nou vind ons dat ons sal sien dit wat Moses al in Eksodus gesien het, die tempel van die HERE in die hemel. Dit is die plek wat vir ons as Christene bestem is, maar ons vind dat voordat ons daarin toegelaat sal word, is daar nog sewe plae wat sal moet plaasvind. Die plae word in die volgende hoofstukke bespreek.

Die een element wat ons regdeur Openbaring vind, is dat daar oordele beskryf word, en dan word daar telkens eers vir die wat gered word, ondersteuning aangebied. So ons sal altyd weet waar ons staan, en so vind Johannes ook dat die verhaal wat voor hom afspeel telkens van die een toneel na die ander toneel verskuif word. Baie van die verhale volg op mekaar, terwyl ander ons weer terug neem na dit wat met die afvalliges sal gebeur. Dit is ook wat ons nou weer in die volgende hoofstukke sal sien.

’n Baie interessante verskynsel is dat met die sesde seël die aarde en sy lewe verby is, en nou met die sesde trompet, is die bokke van die skape geskei in die Paradys.

HOOFSTUK VYFTIEN – OPENBARING 16 TOT 18 – DIE OORDEEL OOR DIE HOER

Hierdie is seker een van die gedeeltes wat baie mense verskillende uitlegte voor gee. Die oorgrote reformiste verwys na die Roomse Kerk as die hoer. Daar is glo sewe koppe rondom die Vatikaanstad en orals soek hulle na bewyse dat die Roomse Kerk die hoer is. Dit is seker so dat baie van hulle leiers en lidmate wat hulle standpunte bevorder deel van die hoer gaan wees. MAAR, die HERE oordeel niemand oor hy of sy aan 'n sekere groepering behoort nie. Intendeel Galasiërs verklaar die volgende: *“Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel; en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie. **Want elkeen sal sy eie pak dra.** Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee. Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.”* (Gal 6:4-7)

“En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bese swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het. En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe. En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele. En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plaas, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie. En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie. En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God.” (Open 16:1-14)

Hier vind ons die oordele wat oor die hoer uitgespreek word. Dit is verseker nie goeie woorde nie, so ek wil baie seker maak dat ek nie deel van die hoer is nie. Maar hoe weet ek of ek deel van die Bruid is en nie deel van die hoer nie?

LERAAR OF LEUENAAR?

In my navorsing vir my boek het ek soveel goed gelees wat my regtig omgekrap het. Goeters wat heeltemal oor geswyg word wat bekende hoog aangeskrewe Christen leiers kwytraak of kwytingeraak het. Goed wat heeltemal buite verband geruk word net om die persoon se standpunt mee te versterk. Dit het my nogal laat dink hoeveel goed daar vir ons as Christene opgedis word wat nie 'n sweempie waarheid bevat nie.

Van die groot kerkvaders en herformers het ook 'n donker kant gehad, en is dit iets wat ons maar min van hoor of glad nie van hoor nie. Luther het in sy later jare 'n boekie uitgebring : *“On the Jews and their lies.”* Die boek is selfs genoem as een van die groot redes vir die uitwissing van Jode gedurende die tweede wêreld oorlog. 'n Aanhaling wat ek raakgelees het stel dit as volg: *“William Nichols, Professor of Religious Studies, recounts, “At histrial in Nuremberg afte rthe Second World War, Julius Streicher, the notorious Nazi propagandist, editor of the scurrilous antisemitic weekly Der Stürmer, argued that if he should be standing there arraigned on such charges, so should Martin Luther. Reading such passages, it is hard not to agree with him. Luther’s proposals read like a program for the Nazis,” It was Luther’s expression “The Jews are our misfortune” that centuries later would be repeated by Heinrich von Treitschke and appear as motto on the front page of Julius Streicher’s Der Stürmer.*

Some scholars have attributed the Nazi "Final Solution" directly to Martin Luther." Meeste Lutherse gemeentes in Amerika en Europa het hulle heeltemal gedistansieër van die boek van Luther, maar eers gedurende die laaste 20 tot 30 jaar, maar tog is daar maar min mense wat daarvan bewus is. Ten spyte van dit word Luther vandag nog as een van die groot hervormers gesien. Ek weet dat hy wel baie regstellings gemaak het in die Kerk, maar dit sal net beter wees indien ons die persoon tog kon sien as iemand wat net soos ek ook foute gehad het. Maar dat hy met foute en al, deur die HERE gebruik is.

Calvyn het weer die volgende self verklaar: *"Honour, glory, and riches shall be the reward of your pains; but above all, do not fail to rid the country of those scoundrels, who stir up the people to revolt against us. Such monsters should be exterminated, as I have exterminated Michael Servetus the Spaniard."* En die ou het net Calvyn se uitverkiesingsleer bevraagteken, iets wat al oor en oor bewys is as sy eie filosofie. Ek weet dit is 'n baie kontensieuse onderwerp, maar ek glo in 'n God en Sy seun Jesus Christus wat elke persoon sal oordeel volgens sy werke en sy geloof, en nie ons as pionne gebruik en net sekere persone sal red nie, maar dat elke persoon 'n keuse moet maak om sy eie lewe by die kruis te gaan neerlê, en hom te beklee met die geregtigheid van Jesus Christus. Want Hy is ons geregtigheid. *"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het. Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgedaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word".*(Heb 4:12-16)

My probleem waarmee ek worstel is dat die Hebreërsboek die volgende verklaar: *"Heb 13:7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na."* Nou weet ek moordenaars en die wat dit verkondig verseker nie in die hemel gaan kom tensy hulle vergifnis ontvang het van hulle sondes nie, maar ek lees nêrens dat of Luther of Calvyn hulle standpunt verander het nie. Dit is tog wat ons as Christene moet doen, is bely dat ons verkeerd gedoen het en omdraai of bekeer van dit wat verkeerd is, en dan sal daar vergifnis wees.

En so is dit ook vandag. Mense wat die Bybel, die Woord van God, aanpas om hulle standpunt mee te bevestig. Die boodskap van Jesus wat ons geregtig maak om Sy kinders te wees, is in die nuwe vertaling afgewater na een van redding en in die 2008 verdraaiing heeltemal uigehaal. Net die woord, geregtigheid, het 322 keer in 305 verse in die ou vertaling voorgekom, 40 keer in die nuwe vertaling en is heeltemal ontbrekend in die 2008 verdraaiing. Selfs die engelse Bybels stem saam met die Ou Vertaling, aangesien die moderne King James version die woord nogsteeds 309 keer gebruik, die KJV21 305 keer, en die New American Standard Bible ook die woord 309 keer gebruik. Om beide die nuwe vertaling en 2008 as die Bybel uit te maak en te bemark is verkeerd, want dit kan slegs as 'n parafrase van die Bybel bemark word aangesien die vertalers die kluts kwyt geraak het. Hulle doen presies dit wat die Roomse Kerk gedoen het. Die RKK het die tweede gebod wat verklaar: *"Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie."*, heeltemal uitgelaat uit hulle 10 gebooie omdat hulle Maria en die kind beeld aanbid, wat eintlik Semiramis en haar seun, of die Babelse geloof verteenwoordig. En dan het hulle die tiende gebod in twee gedeeltes aangesien die eerste gedeelte gaan oor jou naaste se eiendom en die tweede gedeelte oor sy mense. *"Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie."* So stel elke groep "hulle" Bybels voor, want dit is aangepas om hulle standpunt te regverdig, en strydende standpunte te verskans. Die wat dit doen is deel van die hoer.

Petrus gee ook vir ons 'n verdere standpunt om te onthou: *"En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde. Want as hierdie dinge by julle*

aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie; want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet.” (2Pe 1:5-9) So maak seker dat jy geleer word by jou gemeente sodat jy voorbereid is vir die dag, want sonder dit vind jy net dalk uit dat jy deel het aan die hoer. Daaroor ook die oproep wat Johannes maak in die gedeelte: “En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregthede onthou. Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie daarom sal haar plaë op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel”. (Open 18:4-8)

En so is dit met die boodskap wat ons vandag van sovele predikers hoor. Iemand kan mos net hierdie gebedjie agter jou aan herhaal of die persoon sal dit sommer net self namens jou bid en nou is jy reg. Dit is absolute onsin en ontbreek van alle waarheid. Ek moet eers beseef dat ek verdoem is en die ewige dood sal beërf voordat ek kan beseef dat ek ‘n verlosser nodig het, en dan moet ek eers beseef wat die liefde van Jesus en die Vader beteken, voordat ek kan glo dat Hy die pad vir ons gebaan het na die ewige lewe. Gaan lees maar die eerste brief van Johannes en sien vir jouself hoe jy die HERE moet behaag. Ek plaas net so ‘n paar verse wat veral van toepassing is op dit wat ek vroeër oor van die hervormers geplaas het. **“Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom, en hy in God. En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy ‘n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê.”** (1Jn 4:15-21)

Daar is sovele predikers en teoloë wat die boodskap van die hoer verkondig vandag. Mense wat Christene aanvat sodra jy vir hulle wys dat daar bekering in jou lewe moet wees. Jy moet ophou met jou sonde, jy kan nie net maar aangaan met jou lewe nie, die HERE verwag heiligmaking. Jesus sê self deur Petrus: **“Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.”** (1Pe 1:13-16)

En dan wanneer jy die leierskap wys op wat die Bybel verwag dan is dit hulle wat jou as Christen uit hulle gemeentes verban omdat jy durf hulle boodskap te bevraagteken. Sodra jy nie saamstem met die lering van die wegraping nie, is jy oop oë op pad hel toe volgens hulle. Ongelukkig verklaar die Bybel dat die Antichris die een is wat nie Jesus as Messias sien nie. **“Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris. Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar ‘n volle loon ontvang.”** (2Jn 1:7-8) **Met hul ondersteuning dat Jesus weer moet kom ondersteun hulle al reeds die Antichris en maak hulle hulself deel van die hoer.**

Gaan lees maar Addendum 2 en sien vir jouself wat dit beteken om kind van die HERE te wees. Indien jy nie saamstem nie, is jy ongelukkig deel van die hoer, of indien jy dit nie heeltemal self verkondig nie, deel van Tirus en Sidon wat vroeër in die boek van geskryf is. Ons almal wil dit so maklik maak om in die hemel te kom, maar Jesus se eie woorde was: **“Mat 20:16 So sal die wat laaste is, eerste wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies.”**

Paulus skryf die volgende aan Timoteus: **“Want die geldgierigheid is ‘n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.**

Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg, **en jaag ná die geregtigheid, godsaligheid, geloof, liefde, lydsaamheid, sagmoedigheid. Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het. Ek gebied jou voor die aangesig van God wat aan alle dinge die lewe gee, en van Christus Jesus wat voor Pontius Pilatus die goeie belydenis betuig het, dat jy die gebod onbevleek, onberispelik bewaar tot by die verskyning van onse Here Jesus Christus wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen. Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van die rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf. o Timótheüs, bewaar jou pand en vermy die onheilige, onsinnige praatjies en teëwerpinge van die valslik sogenaamde kennis, waarvan sommige belydenis gedoen het en, wat die geloof betref, op 'n dwaalweg geraak het. Mag die genade met jou wees! Amen.**" (1Ti 6:10-21)

Meeste van die mense wat deel van die hoer uitmaak, sit in die gemeentes in Egipte, Assirië, Sidon en Tirus. Hulle verstaan nie bekering of doop nie, maar tog wil hulle leermeesters wees. **"Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie."** (1Ti 1:5-7)

Indien u dalk in een van die tipes gemeentes bevind wat ek hierbo uitgelig het sal uself die besluit moet neem of u verder onder die herder wil dien wat nie die Woord reg bring nie, en of u wil gaan na waar die Woord opreg verkondig word, of dalk om die Heilige Gees toe te laat om in u en deur u te werk. Die keuse is u s'n. Onthou net die woorde van Johannes in hoofstuk 20 oor hoe die bruid gaan lyk: **"En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges."** So as jy nie geleer word dat jou werke jou gaan volg na jou dood nie, dink weer en gaan na 'n gemeente wat heiligmaking predik.

Ek het net 'n paar gedeeltes ingesluit wat praat oor heiligmaking in die Nuwe Testament: **"(Rom 6:19) Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking.** (Rom 6:22) **Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.** (1Co 1:30) **Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.** (2Co 7:1) **Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.** (1Th 4:3) **Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; (1Th 4:7) Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.** (2Th 2:13) **Maar ons moet God altyd oor julle dank, broeders wat deur die Here bemin word, dat God julle van die begin af verkies het tot saligheid in heiligmaking van die Gees en geloof in die waarheid, (1Ti 2:15) Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid. (Heb 12:14) Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; (1Pe 1:2) uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!"**

Moet net nie my verkeerd verstaan nie, daar is hope goeie herders en pragtige gemeentes. Ek wil net graag dat u self die Bybel ondersoek en die boodskap wat u hoor meet aan regte Bybelse standaarde en normes. Dit is hoe dit selfs in Paulus se tyd gedoen is. **"Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne."** (Hand 17:10-12)

Een gedeelte wat ek hier graag wil uitlig, kom uit verse 20 tot 22. “Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het! En een sterk engel het ‘n klip opgetel soos ‘n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met ‘n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie. En die stem van sitiespelers en sangers en fluitspelers en basuinblasers sal nooit meer in jou gehoor word nie, en geen kunstenaar van enige kuns sal ooit weer in jou gevind word nie, en die geluid van die meul sal nooit meer in jou gehoor word nie.” (Open 18:20-22) Hier sien ons dat ons sogenaamde Gospel sangers hulle talente gebruik om die HERE te dien, maar tog se Johannes dat dit deel is van die hoer. Amos gebruik dieselfde woorde: “Ek haat, Ek versmaad julle feest en het geen welgevalle aan julle feestye nie. Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie. Verwyder van My die geraas van jou lieder! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie.” (Amo 5:21-23)

Waarom gebeur dit? Ons moet terug gaan na Moses se tyd om die antwoord te kry. “En die seuns van Aäron, Nadab en Abihu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie. Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE. Toe sê Moses vir Aäron: Dit is dit wat die HERE gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik. Maar Aäron het stilgebly.” (Lev 10:1-3)

Maak seker dat jy nie vreemde vuur voor die HERE bring nie, goeters soos “chanting” waar twee of drie sinne herhaaldelik gesing word vir 10 minute, want dit “bring jou in die teenwoordigheid van die HERE”. Nee dit is vreemde vuur. Jy kan nie dink dat jy ‘Jou’ talente kan gebruik om mense te bereik nie, nee, die mense moet die boodskap van verlossing hoor, en dit is waarvoor ons geroep is, om mense dissipels te maak, en nie aanhangers van hierdie of daardie musikant of groep nie.

JESAJA SE BESKRYWING VAN DIE HOER

Jesaja se beskryf die hoer as volg: “As die HERE van die leërskaer vir ons nie ‘n klein oorblyfsel oorgelaat het nie—soos Sodom sou ons geword het, ons sou net soos Gomorra gewees het. Hoor die woord van die HERE, owerstes van Sodom! **Luister na die wet van onse God, volk van Gomorra! Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behaer in die bloed van stiere of lammers of bokke nie. As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis—om my voorhowe te vertrap? Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste—Ek verdra geen ongeregtheid en feestyd nie! Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My ‘n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed. Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handeling voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, betuel die verdrukke, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee. Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek. Ag, hoe het die getroue vesting ‘n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars! Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water. Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloning na. Aan die wees doen hulle geen reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie. Daarom spreek die Here HERE van die leërskaer, die Magtige van Israel: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en My wreek op my vyande! En Ek sal my hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou looddele wegneem. En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadsmanne soos in die begin; daarna sal jy ‘n stad van geregtigheid, ‘n getroue vesting genoem word. Sion sal deur strafgerig verlos word en die van hom wat terugkeer, deur geregtigheid. Maar daar sal verbreking wees van die oortreders en die sondaars almal saam; en die wat die HERE verlaat, sal omkom. Want hulle sal in die skande kom weens**

die terpentynbome waar julle behae in het, en julle sal rooi van skaamte word oor die tuine wat julle verkies het. Want julle sal wees soos 'n terpentynboom waarvan die blare verdor, en soos 'n tuin wat geen water het nie. En die sterke word tot vlas en sy werk tot 'n vonk, en hulle sal altwee tesame brand sonder dat iemand uitblus". (Isa 1:9-31)

Hier leer ons dat daar niks is wat ons kan doen om onself te red nie. Die HERE verwag van ons om Hom te vertrou om ons sondes weg te neem, maar dan moet ons optrede teenoor ons naaste verander. Die HERE het geen behae daarin dat ons elke byeenkoms bywoon en dan dink ons is reg nie. Nee, Hy verwag gehoorsaamheid.

Johannes self beskryf vir ons wat die verskil tussen die Kerk en die hoer is. *"Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! **Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is. Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid. En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie. Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie. My kinders, laat niemand julle mislei nie: wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is. Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek. Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore. Hierin is die kinders van God en die kinders van die duiwel openbaar: elkeen wat die geregtigheid nie doen nie, is nie uit God nie, en hy ook wat sy broeder nie liefhet nie. Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig. Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie. Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die dood. Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie. Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê. Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom? My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid. En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel, want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles. Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom. En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het."*** (1Jn 3:1-24)

Ek wil nie mense veroordeel nie, maar as jy nog nie by die plek uitgekom het waar jy die HERE bedank vir alles wat jy van Hom ontvang het nie, en nogsteeds jou hand toehou en nie omgee wat met jou naaste gebeur nie, is jy deel van die hoer. Dit maak nie saak in watter groepering jy sit nie. Die liefde bedek menige sondes, maar sonder liefde kan jy nie deel wees van die bruid nie.

Alles wat hier afspeel vind plaas oor die wat Hom nie ken nie. Ons as kinders van die HERE, **ons as bruid sal nie hierdie oordele deurgaang nie**, want ons sal saam met Jesus in die Paradys wees.

Hierna sien ons die beeld van die hoer, en vind ons dat amper al die konings van die aarde, die mense wat as leiers van verskillende gemeentes gedien het, met haar gemeenskap gehad het, en dus hulleself met haar vermeng het. Ek wonder hoeveel mense weet dat wanneer daar gemeenskap plaasvind tussen twee persone, alles insluitende hulle sondes en oortredinge deel word van die ander persoon. En dit is wat hier beskryf word. Die kerk het gesien dat daar lerings is wat groot getalle mense trek na hulle byeenkomste, en dan doen die leiers dieselfde sodat hulle ook sulke groot gemeentes kan vestig, want dit beteken 'n verhoging in inkomste en status vir die leiers. So hulle besef dat dit nie altyd 100% Bybels is nie, maar dit bring tog mense na hul gemeentes, en wie weet

dalk kom daar van die mense tot bekering. Maar hulle het hul vermeng met die hoer en sal so hulle deel hê aan die oordele van die hoer. Esegïël gee vir ons 'n ander beskrywing wat meer lig werp op die verskil tussen die Kerk en die hoer.

“Mensekind, daar was twee vroue, dogters van een moeder. En hulle het in Egipte gehoereer; in hul jeug het hulle gehoereer; daar is hul borste betas, en daar is hul maagdelike boesem gedruk. En hulle name was: Ohóla, die grootste, en Ohóliba, haar suster; en hulle het myne geword en seuns en dogters gebaar. En wat hulle name betref: Samaría is Ohóla en Jerusalem Ohóliba. En Ohóla het gehoereer terwyl sy my vrou was, en het gesmag na haar minnaars, na die Assiriërs, krygshaftige mense wat pers aangetrek was, goewerneurs en owerstes, almal begeerlike jongmanne, ruiters te perd. En sy het haar hoererye aan hulle weggegee, hulle almal, die beste uit die kinders van Assur; en met almal na wie sy gesmag het—met al hulle dregkode het sy haar verontreinig. So het sy dan haar hoererye, uit Egipte afkomstig, nie laat staan nie; want hulle het in haar jeug met haar gemeenskap gehad en hulle het haar maagdelike boesem gedruk en hul hoerery oor haar uitgestort. Daarom het Ek haar oorgegee in die hand van haar minnaars, in die hand van die kinders van Assur na wie sy gesmag het. Hulle het haar skaamte ontbloot, haar seuns en haar dogters weggeneem; maar haar het hulle met die swaard gedood, sodat sy 'n waarskuwende voorbeeld onder die vroue geword het, en hulle het strafgerigte aan haar voltrek. Alhoewel haar suster Ohóliba dit gesien het, het sy dit tog met haar verliefdheid erger gemaak as sy, en met haar hoererye nog erger as haar suster. Sy het gesmag na die seuns van Assur, goewerneurs en owerstes, krygshaftige mense, pragtig aangetrek, ruiters te perd, almal begeerlike jongmanne. Toe het Ek gesien dat sy verontreinig was: altwee het dieselfde weg bewandel. Ja, sy het nog meer gehoereer; toe sy manne sien wat op die muur afgeteken was, afbeeldinge van die Chaldeërs, geteken met rooiminie; omgord met 'n gordel aan hulle heupe, met oorhangende tulbande op hulle hoofde, in hulle voorkoms almal offisiere, in die gestalte van die seuns van Babel wie se geboorteland Chaldéa is— net toe sy hulle sien, het sy na hulle gesmag en boodskappers na hulle gestuur, na Chaldéa toe. Daarop kom die kinders van Babel by haar, na die bed van liefde, en verontreinig haar met hulle hoerery, en sy het onrein geword deur hulle; daarna het haar siel van hulle vervreemd geraak. En toe sy haar hoererye geopenbaar en haar skaamte ontbloot het, het my siel van haar vervreemd geraak, soos my siel vervreemd geraak het van haar suster. Ja, sy het haar hoererye baie gemaak deur te dink aan die dae van haar jeug toe sy 'n hoer was in Egipteland. En sy het gesmag na hulle wellustelinge, wat sinlik soos esels en onstuimig van drif was soos perde. En jy het na die skandelijke daad van jou jeug verlang, toe dié van Egipte jou boesem gedruk het om jou jeugdige borste ontwil. Daarom, o Ohóliba, so sê die Here HERE: Kyk, Ek verwek jou minnaars, van wie jou siel vervreemd geraak het, teen jou, en Ek sal hulle van alle kante teen jou aanbring: die kinders van Babel en al die Chaldeërs, Pekod en Soa en Koa, al die kinders van Assur saam met hulle, begeerlike jongmanne wat almal goewerneurs en owerstes is, offisiere en aansienlike mense wat almal te perd ry. En hulle sal teen jou kom met 'n hoop strydwaens en wiele en met 'n menigte van volke; groot skild en klein skild en helm sal hulle rondom teen jou rig; en Ek sal die strafgerig aan hulle oorgee, en hulle sal jou vonnis volgens hulle reg. En Ek sal my ywer teen jou rig, dat hulle in grimmigheid met jou handel: hulle sal jou neus en jou ore afsny, en die wat van jou oorbly, sal deur die swaard val; hulle sal jou seuns en jou dogters wegneem, en wat van jou oorbly, sal deur vuur verteer word. Hulle sal jou ook jou klere uittrek en jou versiersels wegneem. So sal Ek dan by jou 'n einde maak aan jou skandelijke daad en jou hoerery, uit Egipteland afkomstig; en jy sal jou oë nie na hulle opslaan en aan Egipte nie meer dink nie. Want so sê die Here HERE: Kyk, Ek sal jou oorgee in die hand van hulle wat jy haat, in die hand van hulle van wie jou siel vervreemd geraak het. En hulle sal jou as vyand behandel en al jou goed wegneem en jou naak en bloot laat staan, sodat jou ontugtige skaamte ontbloot kan word. Ja, jou skandelijke daad en jou hoererye het jou dit aangedoen deurdat jy agter nasies aan gehoereer het en omdat jy met hulle dregkode verontreinig is. In die weg van jou suster het jy gewandel; daarom sal Ek haar beker in jou hand gee. So sê die Here HERE: Jy sal die beker van jou suster drink wat diep en wyd is—jy sal tot 'n belagging en 'n spot word—die beker wat so baie bevat. Van dronkenskap en kommer sal jy vol word; die beker van jou suster Samaría is 'n beker van huiwering en ontsetting. En jy sal dit drink en uitsuig en aan sy skerwe knaag en jou borste oopskeur; want Ek het dit gespreek, spreek die Here HERE. Daarom, so sê die Here HERE: Omdat jy My vergeet het en My agter jou rug gewerp het, so dra jy dan ook nou jou skandelijke daad en jou hoererye. En die HERE het vir my gesê: Mensekind, wil jy Ohóla en Ohóliba oordeel? Maak hulle dan hul gruwels bekend. Want hulle het owerspel begaan, en daar is bloed aan hulle hande: met hul dregkode het hulle owerspel begaan en ook hul seuns wat hulle vir My gebaar het, as spys vir hulle deur die vuur laat deurgaen. Verder het hulle My

dít aangedoen: hulle het my heiligdom op dieselfde dag verontreinig en my sabbatte ontheilig— as hulle hul kinders vir hulle drekgode slag, kom hulle op dieselfde dag na my heiligdom om dit te ontheilig; en kyk, so het hulle gedoen binne-in my huis. Ja, hulle het selfs na manne gestuur wat van ver gekom het— aan wie ‘n boodskapper gestuur is, en kyk, hulle het gekom! —vir wie jy jou gewas, jou oë gevef en sierade aangesit het. En jy het gesit op ‘n pragtige bed waarvoor ‘n tafel reggemaak is en waar jy my reukwerk en my olie op neergesit het; en daarbinne was die stem van ‘n sorgelose menigte. En by manne uit die menigte van mense is daar wynsuipers aangebring uit die woestyn; dié het armbande aan hulle hande gesit en ‘n pragtige kroon op hulle hoofde. Toe sê Ek: Bedryf die verwelkte nog owerspel? Nou sal haar hoererye self hoerery gaan bedrywe. En hulle het by haar ingegaan soos ‘n mens ingaan by ‘n hoer; só het hulle ingegaan by Ohóla en Ohóliba, die ontugtige vroue. En regverdige manne, dié sal hulle vonnis volgens die reg van owerspeelsters en volgens die reg van vroue wat bloed vergiet; want hulle is owerspeelsters, en bloed is aan hulle hande. Want so sê die Here HERE: Laat hulle teen hulle ‘n vergadering oproep en hulle tot ‘n skrikbeeld maak en ‘n plundering. En die vergadering moet hulle stenig en hulle met hul swaarde stukkend kap; hulle seuns en dogters moet hulle doodmaak en hulle huise met vuur verbrand. So sal Ek dan die skandelijke dade uit die land laat ophou, dat al die vroue hulle kan laat waarsku om geen skandelijkheid te begaan soos julle nie. En hulle sal julle skandelijke dade op julle laat neerkom, en julle sal die sondes van julle drekgode dra; en julle sal weet dat Ek die Here HERE is.”(Eze 23:2-49)

Hier vind ons weereens die voorbeeld metode wat die HERE gebruik. Die hoofstuk is vir ons ‘n baie interessante hoofstuk, omdat dit handel oor twee susters Ohòla en Ohòliba. Die betekenis van die twee name is **dat Ohòla beteken haar tent, en die van die suster, My tent in haar**. Die betekenis wat ek dus daarin kan lees is **dat die eerste suster verwys na Israel van die Ou Testament, waar hulle ‘n fisiese tabernakel by hulle gehad het en later ‘n tempel, terwyl die tweede suster se naam verwys na ons as nuwe Israel, aangesien die HERE Sy tempel binne ons vestig**. Die verhaal gaan dan oor hoe die eerste suster haar rug gekeer het op die HERE, **en hoe die tweede suster, alhoewel sy gesien het en geweet het hoe die eerste suster opgetree het, tog dieselfde pad gevolg het**. So wil dit vir my lyk of **die Kerk dieselfde pad gevolg het as die Jode van ouds, en ook van die HERE af weg beweeg het**. Ons hoef maar net die koerante en tydskrifte oop te maak om te sien hoe die teoloë en lidmate saam verval in ‘n vorm godsdiens, ‘n godsdiens sonder Krag. Daar word geleer dat die HERE so lankmoedig is dat hy nie meer sonde sal straf nie, dat ons moet ondersoek instel of ons die bestaan van die Satan kan regverdig, en of hy enigsins nodig is in ons godsdiens. Dit is alles deel van hoe die HERE teenoor vorm godsdiens gaan optree met die wegval van die Kerk en die navolg van buite Bybelse gewoontes en norme.

Jesaja gaan verder in hoofstuk twee met sy beskrywing van die hoer: *“En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die HERE! **Want U het u volk verwerp, die huis van Jakob, omdat hulle vol is van wat die Ooste aanbied, en van goëlaars soos die Filistyne, en met die kinders van vreemdes dryf hulle handel**. En hulle land is vol silwer en goud, en daar is geen end aan hulle skatte nie; en hulle land is vol perde, en daar is geen end aan hulle strydwaens nie. Ook is hulle land vol afgode; voor die werk van hul hande buig hulle hul neer, voor wat hulle vingers gemaak het. So moet dan die mens neergebuig en die man verneder word; en U moet hulle dit nie vergewe nie. Gaan in die rots en steek jou weg in die grond vanweë die skrik van die HERE en om die heerlijkheid van sy majesteit ontwil. **Die hoë oë van die mense sal verneder word, en die hoogheid van die manne neergebuig word; en die HERE alleen sal in dié dag verhewe wees. Want ‘n dag is daar vir die HERE van die leërskare oor al wat trots en hoog is, en oor al wat verhewe is, sodat dit verneder kan word; en oor al die hoë en verhewe seders van die Líbanon en oor al die eikebome van Basan; en oor al die hoë berge en oor al die verhewe heuwels; en oor al die hoë torings en oor al die versterkte mure; en oor al die skepe van Tarsis en oor al die kosbare pronkstukke. Dan sal die hoogheid van die mense neergebuig en die trotsheid van die manne verneder word; en die HERE alleen sal in dié dag verhewe wees**. En die afgode sal geheel en al verdwyn. En hulle sal gaan in die spelonke van die rotse en in die gate van die grond vanweë die skrik van die HERE en om die heerlijkheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik. In dié dag sal die mens sy silwerafgode en sy goue afgode wat hy vir hom gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise; om te gaan in die skeure van die rotse en in die*

klowe van die kranse vanweë die skrik van die HERE en om die heerlijkheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik. Laat staan tog die mens wie se asem in sy neus is; want hoe min is hy werd!” (Isa 2:4-22)

Nou kan ons verstaan hoekom al hierdie oordele sal kom oor die wat hulleself verhoog het, en nie die HERE as Vader en Jesus Christus as bruidegom geëer het nie. Eers dan sal ons as al die ander nasies, die van Egipte tot die in Tirus wat ek na verwys het in hoofstuk sewe van die boek onder die titel “Die Paradys, en hoe lyk dit volgens die profete?” uitvind, wie die hoer is en hoe sy met alle gemeentes hulle laat beïnvloed het om die Kerk afvallig te maak van die HERE. Dan sal ons uitvind wie is wie in die gelykenis wat Jesus vertel het van die tien maagde, waar net vyf voorbereid was toe die bruidegom gekom het, en hoe die ander vyf maagde te laat was vir die bruilofsmaal.

Dit is waaroor die drie hoofstukke gaan, en moet vir ons as kinders van God help om te onderskei tussen dit wat Bybels is, en dit wat nie van ons verwag word om te doen nie. **“Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou. En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale. En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is. En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde.”** (Open 17:13-18)

*“En ná hierdie dinge het ek ‘n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlijkheid. En hy het met ‘n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: **Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword ‘n woonplek van duiwels en ‘n versamelplek van allerhande onreine geeste en ‘n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls**, omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar weelderigheid. En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: **Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregthede onthou. Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie daarom sal haar plaë op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel. En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien, terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom! En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie, koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele. En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie. Die handelaars in hierdie dinge, wat van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe en sê: Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is! En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad? En hulle het stof op hul hoofde gegooi en onder geweën en weeklag uitgeroep en gesê: Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes! Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het! **En een sterk engel het ‘n klip opgetel soos ‘n groot*****

meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie. En die stem van sitterspelers en sangers en fluitspelers en basuinblasers sal nooit meer in jou gehoor word nie, en geen kunstenaar van enige kuns sal ooit weer in jou gevind word nie, en die geluid van die meul sal nooit meer in jou gehoor word nie. En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie; want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei. En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is.” (Open 18:1-24)

Dan vind ons ook die volgende troos woorde vir ons as bruid opgeteken in Jesaja: ***“Jes 52:1 Ontwaak, ontwaak, beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, heilige stad! Want in jou sal verder geen onbesnedene of onreine meer kom nie.”***

HOOFSTUK SESTIEN – OPENBARING 19 - TERUG IN DIE TROONKAMER

“En ná hierdie dinge het ek iets soos ‘n groot stem van ‘n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlijkheid en die eer en die krag aan die Here onse God! Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek. En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid. En die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja! En ‘n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot! En ek het iets gehoor soos die stem van ‘n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.” (Open 19:1-9)

Nou verskuif die beeld weer na die troonkamer en vind ons weer die 24 ouderlinge saam met ‘n groot menigte mense wat eer bring aan die HERE, en sien ons dat die dier oorwin is. Almal prys die HERE omdat die hoer en almal wat met haar gemeenskap gehad het, geoordeel is en nie meer as vyand van die HERE bestaan nie. ***“Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges.*** Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.” (Open 19:7-9)

Hoeveel klere gaan jy aanhê op die dag? Johannes sien hier dat die mense bekleed is met fyn linne, en verduidelik dat dit die regverdige daad van heiliges is. Gaan jy naak voor Jesus verskyn, of gaan jy bekleed wees met fyn linne? Dit laat dink my aan die gelykenis van Jesus oor die talente. Wat gaan jou antwoord wees vir Jesus die dag as jy jou kop neerlê? *“En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan. En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin. Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien. Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan grawe en die geld van sy heer weggesteek.” (Mat 25:15-18)* *“En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien. En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.” (Mat 25:20-21)* *“Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het; want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.” (Mat 25:28-30)*

Dan is daar net na die gedeelte ook in die hoofstuk die volgende opgeteken: ***“En wanneer die Seun van die mens in sy heerlijkheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit.*** Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was ‘n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdige Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U ‘n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My

gedoen.”(Mat 25:31-40) Dit is die wat bekleed sal wees met fyn linne, die wat by ‘n doen Christenskap uitgekome het. Die wat ‘n verskil in ander se lewens gemaak het.

En wat van die wat dit nie gedoen het nie? *“Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: **Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.** Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was ‘n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of ‘n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.”* (Mat 25:41-46)

So hoe lyk jou klere? Paulus stel dit is volg: *“Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as ‘n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die **regverdige oordeel van God wat elkeen sal vergeld na sy werke: aan die wat deur volharding in goeie werke heerlijkheid, eer en onverganklikheid soek die ewige lewe;** maar aan die wat eiesinnig en aan die waarheid ongehoorsaam, maar aan die ongeregtigheid gehoorsaam is grimmigheid en toorn; verdrukking en benoudheid oor die siel van elke mens wat kwaad doen, oor die Jood eerste en ook oor die Griek; maar heerlijkheid en eer en vrede vir elkeen wat goed doen, vir die Jood eerste en ook vir die Griek.”*(Rom 2:5-10)

Nou weet ons dat ons by die bruilofsmaal welkom is, wanneer ons as bruid in die huwelik sal tree met Jesus.

“Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ‘n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos ‘n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het ‘n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar ‘n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ‘n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here. En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met ‘n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot. En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leer. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.” (Open. 19:11-21)

Hier kry ons die beeld van Jesus wat die finale oordeel oor die volke sal doen, oor die wat ten spyte van dit wat hulle aanskou het, nogsteeds aan hulle godsdiens vashou. So sien ons sy kleed wat in bloed gedoop is, en sien ons weer Jesus se naam as die Woord van God. Sy oordeel wat Hy doen is alles gebaseer op die Woord wat ons al die jare gehad het en al die vereistes van geweet het. Hier vind ons ook weer dat Sy kleed in bloed gedoop is waarvan Jesaja in hoofstuk 63 geskryf het: *“Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap? **Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het. Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom.** En Ek het uitgekyk, maar daar was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun. En Ek*

*het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop.”(Jes 63:1-6) Die Psalm skrywer stel dit as volg: “Want nie van die opgang of van die ondergang, ook nie van die woestyn van berghoogtes nie.... maar God is regter: Hy verneder die een en verhef die ander. **Want in die hand van die HERE is ‘n beker, en die wyn skuim; dit is oorvloedig gemeng, en Hy skink daaruit; ja, die afsaksel daarvan moet al die goddelose van die aarde opslurp, uitdrink.**” (Psa 75:6-8)*

Die hoofstuk sluit af met die laaste wat met die goddelose sal gebeur: *“En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.”*

HOOFSTUK SEWENTIEN – OPENBARING 20 DIE BOEK VAN DIE LEWE, DIE 1000 JARIGE VREDERYK

Nou wys die engel eers vir Johannes hoe die draak, die Satan opgesluit word vir 'n duisend jaar. Nou weet ons dat die Satan geen mag oor iemand meer sal hê nie, en dat die volgende keer wat ons hom sal sien, sal dit wees wanneer hy in opdrag van die HERE saam met al sy ondersteuners sal kom oorlog voer, en dan finaal verwoes sal word. Esegel beskryf ook hierdie gebeurtenis. *“Mensekind, rig jou aangesig teen Gog, in die land Magog, die vors van Ros, Meseg en Tubal, en profeteer teen hom en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Gog, vors van Ros, Meseg en Tubal! **En Ek sal jou weglok en hake in jou kakebene sit en jou laat uittrek en jou hele leër, perde en ruiters, almal volkome toegerus, 'n groot menigte met die groot en die klein skild, wat almal die swaard hanteer; Perse, Kusiete en Putéërs saam met hulle, almal met skild en helm; Gomer en al sy leërs, die huis van Togarma, in die uithoeke van die Noorde, en al sy leërs—baie volke saam met jou. Hou jou reg en maak jou klaar, jy en al jou menigtes wat by jou vergader het; en wees vir hulle 'n leidsman. Ná baie dae sal jy bevel ontvang; aan die einde van die jare sal jy 'n land intrek wat van die swaard weer reggekom het, wat versamel is uit baie volke, op die berge van Israel wat gedurigdeur as puinhoop daar gelê het—ja, dit is uit die volke uitgebring, en hulle woon almal in veiligheid. Dan sal jy optrek soos 'n onweer wat aankom, jy sal wees soos 'n wolk om die land te oordek, jy en al jou leërs en baie volke saam met jou. So sê die Here HERE: In dié dag sal daar gedagtes in jou hart opkom, en jy sal 'n listige plan beraam en sê: Ek sal optrek teen die land wat ooplê, ek sal kom by rustige mense wat in veiligheid woon; wat almal woon sonder muur en geen grendel of poorte het nie; om buit te maak en roof te rowe, om jou hand uit te steek teen die puinhoop wat weer bewoon is, en teen 'n volk wat uit die nasies versamel is, wat vee en goed verwerf het, wat op die middelpunt van die aarde woon.”** (Eze 38:2-12)*

Wie sal saam met Christus regeer gedurende die tydperk? *“En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuïenis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.”* (Open 20:4-6) Weet jy dat soos in Openbaring 2 aan die mense gesê word dat hulle saam met Hom sal regeer, dit die mense is waarvan hier gepraat word. *“En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee.”* (Open 2:26-28) Dit is waartoe ek en jy geroep is, en dit is om as heersers op te tree. Maar hoe kan ek en jy regeer as ons nie weet hoe om te onderskei tussen reg en verkeerd nie. Dit is tog waarvoor regeerders daar is, en dit is om regspraak te lewer, om mense te kan lei op die regte paaie. Dit is waaroor dit hier gaan, ons sal saam met Jesus te regeer, maar nog meer. Wanneer die boek oopgemaak word, dit is nou die ander boek wat ook in hoofstuk vier al van gepraat is, sal ons eers sien wie se name geskrywe is in die boek van die lewe.

So die beeld in hoofstukke vier en vyf, word nou eers verder geneem nadat ons gesien het wat die eerste boek ingehou het. Dié boek het ons gewys wat gemaak het dat van die mense se name nie geskryf is in die boek van die lewe nie, maar wat gebeur het met die mense sodat hulle name nie in die boek van die lewe geskryf is nie. Maar nou weet ons hoekom ons name geskryf is in die boek van die lewe, die ander boek wat nog die hele tyd by Jesus was, want ons het te midde van al hierdie verleiding onself rein gehou om as Bruid vir Jesus te kwalifiseer.

“En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” (Open 20:5-6) Is dit nie fantastiese woorde om te hoor dat ons as die bruid, nie die tweede dood, dit is die ewige verdoemenis, sal sien nie. Dit is ons aanspooring om heilig te

lewe elke oomblik van die dag. Dat ons die beeld van Jesus moet uitstraal in alles wat ons doen. Dat sonder hierdie heiligmaking, ons nie die tweede dood sal ontsnap nie. Om as priesters en as konings saam met Christus te regeer. Dit is waarvoor ons geroep is.

“En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefte stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.” (Open 20:7-10) Ek het vroeër Esegïel se weergawe gekwoteer, maar nou vind ons Johannes se weergawe. Dat die Satan en sy magte weer losgelaat sal word, maar dat dat dit dan en sy gevalle engele en leiers, dat hulle einde in die vuurpoel sal wees.

Hier vind ons verskuif die beeld na die ander boek wat by Jesus was, die boek wat almal se name bevat wat in Sy koninkryk is, geskryf staan. *“En ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en ‘n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.”* (Open 20:11-15)

Nou vind ons dat elkeen geoordeel word volgens sy werke. Dit wat hy gedoen het om die beeld van Jesus uit te straal op aarde. So word dan die dood en doderyk in die poel vuur gewerp, om nooit weer daar uit te kom nie. So maak seker dat jou naam nooit uitgewis word uit die boek van die lewe nie, sodat ons nooit die tweede dood, die ewige dood, sal sien nie, maar vir ewig by Jesus, die Heilige Gees en die Vader in die Nuwe Jerusalem wat spesiaal vir ons wag, ons tyd sal spandeer.

HOOFSTUK AGTIEN – OPENBARING 21-22 DIE NUWE JERUSALEM

Nou sien ons eers wat ons erfdeel is. “En ek het ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ‘n bruid wat vir haar man versier is. En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. **En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.** En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees.” (Open 21:1-7)

So daar gaan nie ‘n nuwe stad op hierdie aarde wees nie, nee, dit is ‘n stad volgens Johannes, en ‘n tempel volgens Esegïël, die blyplek van die HERE die Almagtige, wat nou aan ons getoon word. Daar word ook weereens beklemtoon dat geen ongelowiges ooit daarin te sien sal wees nie. Hierdie plek word voorberei vir ons as bruid. Daar sal geen droefheid ooit wees nie, en God self sal ons troos oor die wat nie saam met ons daar is nie. En die dood is verewig weg, so ons sal altyd by God wees.

En dan is daar seker die mooiste woorde wat ‘n ieder en elke een van ons eendag wil hoor: **“Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom ‘n God wees, en hy sal vir My ‘n seun wees.”**

Nou vra die engel dat Johannes saam met hom kom, want daar is een beeld wat hy nog moet sien.

“En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: **Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. En hy het my in die gees weggevoer op ‘n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; en dit het die heerlijkheid van God gehad, en sy lig was soos ‘n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.**” (Open 21:9-11) Dit is die beeld van hoe die bruid sal lyk, onoortreflik in alle opsigte. Aanloklik en begeerlik vir elke oog, met alles wat vir ons as mens kosbaar is, in oorvloed.

“En dit het ‘n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel. Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte. En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam. En hy wat met my gespreek het, het ‘n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet. En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend vyf honderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk. En hy het sy muur gemeet op honderd vier en veertig el, volgens ‘n mens se maat, wat die maat van ‘n engel is. En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas. En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag; die vyfde sardóniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrisopraas, die elfde hiasint, die twaalfde ametis. En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas. En ‘n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin. En bedags want nag sal daar nie meer wees nie sal sy poorte nooit gesluit word nie; en hulle sal die heerlijkheid en die eer van die nasies daarin bring. En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.” (Open 21:12-27)

Ons lees hier dat daar twaalf poorte is elk met die naam van ‘n apostel daarop. So die stad sal nie meer bekend staan as die stad van Israel nie, maar die stad van elke kind van God. Daar sal nie meer

na die gelowiges as Jode na verwys word nie want die woord het uitgegaan deur die twaalf apostels die hele wêreld in. Die interessante is dat ons lees dat al die nasies, so alle verskillende groepering Christene, sal nou as een ons eer bring. Nog 'n interresantheid is dat daar geen tempel daarin sal wees nie, want dit sal nie meer nodig wees nie. Geen sonde sal daar gepleeg kan word nie, want ons is deel van die bruid en het geleer wat sonde aan 'n mens doen. Dit bring skeiding, maar in die stad van die HERE, waar Hy altyd sal wees, sal niemand kan inkom wat enigsins iets gruweliks wil doen nie. *“En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.”* So slegs die wat rein bevind is, sal daar kan in en uitgaan.

Die beskrywing van die stad self het geen verduideliking nodig nie, want alles wat daarin sal wees is rein en gereinig.

Hoofstuk 22 borduur verder op hierdie beeld. *“En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.”*(Open.22:1-5)

Om te dink dat alles wat ons nodig het om te bestaan, sal vryelik beskikbaar wees, Suiwer water wat van die troon van God en die Lam sal beskikbaar wees. Soos vroeër in die boek genoem het verteenwoordig water die werking en leiding van die Heilige Gees. So dié sal ons dors na meer van die HERE les. Daar sal bome wees wat altyd vrugte dra, so alles sal vrugbaar wees, en geen onvrugbare wese of item sal daar wees nie. Esegïël beskryf die bome as volg: *“En by die stroom sal aan altwee kante allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie; elke maand sal hulle nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan—uit die heiligdom stroom hulle; en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees.”* (Eze 47:12)

So geen deel van die boom sal onnodig wees nie. Selfs die blare van die boom sal sorg dat ons altyd in geregtigheid voor die Vader sal wandel. So daar sal nie siekte wees in die Nuwe Jerusalem nie, want God verklaar in die vorige hoofstuk : ***“En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweën en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.”*** So alles wat hierdie bome dra sal goed wees en niks sal verlore gaan nie.

Verder sal ons Sy naam op ons voorhoof kry, so ons gedagtes sal altyd een met Hom wees. Alles sal altyd helder en lig wees, so niks sal vir ons duister of donker meer wees nie, want die volheid van Hom en Sy ryk sal vir ewig met ons wees.

Nou kry Johannes eers die rede waarom alles gegaan het wat hy getoon is: *“En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, **het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur.** Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.”* (Open 22:6-7) So dit is die doel van hierdie boek, is om ons te wys wat gebeur het en wat nog moet gebeur, sodat niemand kan sê dat hulle nie bewus was van wat sal gebeur nie.

“En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby. Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste. Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen. Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink

môrester. En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.” (Open 22:10-17)

Nou leer ons dat die boek se woorde nie verseël word nie, want almal moet toegang hê tot die profesie. En ons sal mense kry wat nog meer sal sondig as nou, maar gelukkig sal daar ook die wees wat heilig is en nog heiliger sal word. Die keuse is joune.

Johannes word ook aangesê dat niemand iets uit hierdie boek mag haal of iets byvoeg nie, want dit wat hy gekry het is van die HERE. Baie mense vat die gedeelte asof die Bybel soos ons dit het vooraf besluit is oor watter boeke daarin sal wees. Maar wie se Bybel vat ons as maatstaf? Die Roomse Bybel, of die Etiopiërs s'n, of dalk jou eie een waar jy net lees dit wat jy wil lees en nie dit wat enigsins jou aanspreek nie. So dit gaan oor die profesie van dit wat nog moet gebeur, en alreeds gebeur het.

My vraag waarmee ek wil afsluit is: Wat is jou keuse? Waarin glo jy? Jou geloof, of bou jy jou toekoms op dit wat in die Woord van God vervat is.

“Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.” (Open 22:20-21)

So begin ons 'n nuwe jaar in 2024 met 'n totale ander insig as in 2020. Waar 2020 visie wat ons laasjaar mee begin het beteken dat ons 'n perfekte visie het, weet ons nog nie eintlik wat het ons getref het verlede jaar nie, veral met die Sjinese Covid virus nie, en sover ook nie die jaar nie. En ons weet ook nog nie wanneer dit gaan eindig nie.

Al weet ons die mense in Sjina het regtig probleme gehad, glo ons mos maar hulle politici en is daar geen rede om hulle nie te glo nie. Maar ons kan gaan kyk na inligting wat ons sonder enige moeite in die hande kan kry, en dan skrik ons. Hulle selfoon verskaffer, China Mobile, is een van die maatskappye wat op die New York Effekte Beurs gelys is, en moet hulle resultate daar publiseer. Hier vind ons dat in Februarie 2020 met die hoogtepunt van Covid in Sjina, daar 7,5 miljoen selfoon gebruikers verdwyn het aangesien dit die daling is wat hulle gepubliseer het. Natuurlik sonder enige rede. So het daar 1,5 miljoen verdwyn tussen Junie en Augustus, en 2,5 miljoen in November. U kan my syfers nagaan hier: [China Mobile Limited - Investor Relations > Monthly Customer Data](#). U sal self kan sien dat vir die jaar tot November 2020 hulle 6,6 miljoen minder gebruikers as die begin van die jaar gehad het. Met 'n bevolking van oor 'n biljoen mense, sou ek verwag het dat daar baie meer mense sou kwalifiseer om selfone te kon aankoop in 2020, en nie 'n daling verwag het nie. Wat van al die miljoene wat nou begin werk het verlede jaar en 'n selfoon gekoop het?

Nou kyk ek na die data en vergelyk ek dit met wat ek as Christelike Apologeet vind op my webtuiste. Soos met die data oor Sjina doen ek al my navorsing voordat ek oor goed skryf wat mense maar moeilik vind om self te bestudeer of oor opinies uit te spreek. Al wat ek maar doen is kyk na ons Christelike standpunte, kyk of ek dit kan bevestig of nie, en meeste kere antwoorde kry wat ons nie altyd wil hoor nie. En dan plaas ek dit of as enkel artikel, of indien dit 'n boek is, as boek in pdf formaat op my webtuiste.

Maar dan vra ek net dat mense 'n vrywillige donasie gee vir dit wat hulle op my webtuiste kry. Maar ongelukkig is al gevolgtrekking wat ek kan maak, is dat Christene seker die swakste gewers is wat daar bestaan.

Maar hoekom sê ek dit?

Ons hou mos van die Rooms Katolieke wyse van gee. Dit is maar die manier wat Luther ook gebruik het om te bestaan. Deur die metode te gebruik, kan jy vandag genesing ontvang sodra jy vir die tiende predikers 'n donasie gee, want dan sal hulle vir jou bid en sal jy genees wees. As jy nie genesing ontvang nie, is dit jy wat nie genoeg geloof gehad het nie, of jou bydrae was dalk 'n bietjie te min vir dit wat jy wou kry. So het Luther maar nog aangehou met sy plekkie in die gebou waar jy kon gaan sit en al jou sondes teenoor hom bely, en die oomblik wat jou geldjie in die aflate boks weerklink het, is jou sonde vergewe en kon jy weer aangaan totdat jy weer op die aflate stoel bevind het. So maak meeste van ons groot naam predikers hul geld. So vind ons byvoorbeeld mense soos John Hagee wat nie eers die Bybel verstaan nie en skryf oor die vier bloed mane van so 'n paar jaar gelede, die metode gebruik en mense koop sy vals profesieë by die miljoene. Het enige van sy uitlatings waar geword? Nee, maar hy het lekker ryk geword daaruit. En dan kan jy maar gaan kyk na van sy preke op Youtube. Dan maak hy uitlatings soos Jesus het nie vir die Jode gesê dat Hy die Christus is nie, so hoe kon hulle dan weet dat Hy die Christus is. Nou kan ons mos verwag dat Jesus weer moet kom om hulle te oortuig dat Hy die Christus is, en dit skakel natuurlik baie mooi in by die wegrapingsteorie van die Antichris. Maar ons vergeet dat die ryk jong man vir Abraham gevra het om Lasarus na sy broers te stuur om hulle te vertel dat Jesus die Christus is, en dat Jesus se antwoord was dat hulle het Moses en die profete, as hulle nie die mense glo nie, sal hulle nie die ewige lewe beërf nie. So ten spyte van die feit dat ons weet wat hy en baie ander valse profete is, pas ons nie toe wat die Bybel verklaar ons moet doen met valse profete nie. En dit geld sommer vir al sy maatjies, soos 'n Joel Osteen, Joyce Meyer, Kenneth Copeland, en hordes ander wat almal van Luther se aflate gebruik om geld te maak maar is ons bang om hierdie mense te openbaar as valse profete wat bedoel is vir die ewige verderf. So het die mense geleer om soos Luther op ander mense te teer om in luuksheid te kan leef. Dit was die een onderwerp wat Luther nooit aangespreek het in sy skrywes

nie want dan het hy sy eie keel afgesny. So nou vind ons dat al die Christelike Sioniste die metode gebruik om hulleself te verryk. En dan trek hulle 'n Maleagi 3 vers 8 preek uit, en nou kan hulle weer die Ou Testament wat volgens hulle net vir Israel geld, gebruik om geld uit jou te kry. Die HERE het die vrywillige gewer lief, of die een wat ander leer, maar nie die Antichris en sy leermeesters nie.

“As ‘n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou ‘n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop—wat jy nie geken het nie—en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang. Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, want hy het afval verkondig van die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te drywe van die weg wat die HERE jou God jou beveel het om daarop te wandel. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.” (Deu 13:1-5) Die laaste sin is ontsettend belangrik. Die kwaad kom uit ons midde. So nie iemand wat anders is nie, maar iemand wat as Christen gesien word en in ons midde beweeg. Want jy sal die afval nie van een van jou eie mense verwag nie.

Nou kan hulle baie vinnig dit verander en sê dat die Ou Testament net vir die Jode geld, en dit slegs van toepassing is op Israel want die verbond geld net vir Israel en nie vir ons nie. Nou kan ons maar vra hoe hulle dan met die wegrapingsleer kan uitkom as hulle verklaar dat die Ou Testament net vir Israel geld. Dan kan hulle mos nie nou skielik na Daniël verwys nie, want dit het niks met ons as Nuwe Testamentiese Christene te doen nie.

So kan ek en baie ander Christen skrywers boeke en artikels skryf sonder dat jy as leser daarvoor hoef te betaal, en dan vind jy uit dat in 2020 by my so net meer as 16,000 boeke afgelaai is en maak dit 73,54% van al my data op wat my webtuiste gedra het verlede jaar. Maar, ek kan nie vir jou die ewige lewe belowe as jy my manier volg nie, ook kan ek nie genesing belowe sodra jy vir my geld gee nie. Ek kan dalk vir jou dit makliker maak om die Bybel se boodskap te verstaan sodat jy en die HERE saam 'n paadjie kan begin loop en dat jy kan sien wat die ewige lewe beteken vir ons as Christene. Wat het ek gekry as vrywillige bydraes? Niks. Nul. Zilch. Nie 'n sent nie. Jy sal eerder jou geld spandeer op jou gunsteling Christelike Sionis se boek of een van hulle talle liedere waarmee hulle uitkom as om seker te maak dat jy op die nou pad is na die hemel. Net so interessante stukkie inligting vir jou. Het jy geweet dat Rick Warren van “The purpose driven life”, die hoof is van die Chrislam beweging wat verklaar dat Jesus vir ons as Christene as verlosser optree en Mohammed as verlosser vir die Moslems optree. Dit is hoekom hy graag wil hê dat ons ons tyd sal spandeer om dissipels te maak en programme op te stel om mense na ons gemeente te trek en hoe jy jou doel moet naspeur as om die eindtyd te bestudeer. Want dan moet hy kies tussen Jesus en Mohammed.

Maar eers net gou my webtuiste se inligting:

#reqs	%bytes	extension
15932	73.54%	.pdf [Adobe Portable Document Format]
116692	13.50%	[directories]
78178	4.20%	.js [JavaScript code]
76	2.10%	.mp4
10757	1.90%	.jpg [JPEG graphics]
78768	1.36%	.css [Cascading Style Sheets]

#reqs	%bytes	extension
54744	1.36%	.php [PHP]
76	1.19%	.mp3 [MP3 sound files]
689	0.74%	.hlp
32714	0.12%	[not listed: 15 extensions]

Soos jy kan sien is daar 15,932 pdf lêers afgelaai van my webtuiste en dit 73.54% van die verkeer op my webtuiste was. Nou kan jy maar dieselfde optree as die ander 100,000 plus mense wat oor die afgelope 12 jaar boeke afgelaai het van my webtuiste sonder enige bydrae, of dalk kan jy my verbaas deur 'n bydrae te maak wat my dalk net gaan help om my medisyne vir pyn en al die ander simptome van hierdie snaakse kanker wat ek het mee te verlig of te bestuur. Of miskien help dit dalk net dat ek weer by 'n dokter kan uitkom wat my kan help met my stryd teen hierdie kanker.

Jy kan kies. Maar onthou net hoe Jesus die skape van die bokke gaan skei wanneer Hy weer kom: *“Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was ‘n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of ‘n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.”* (Mat 25:41-46)

So indien jy voel dat ek jou dalk oortuig het om ook vir my as skrywer en Christelike Apologeet 'n ietsie te gee sodat ek nog gewoontes kan navors en oor skryf, of om te help met kostes soos ek voorheen genoem het, kan jy jou bydrae maak by:

ADDENDUM 1

INLEIDING

Prof. Johan Malan is in 1978 aangestel as **professor in antropologie aan die Universiteit van die Noorde**. So was is nie 'n professor in Bybelkunde of enige van die verwante rigtings nie, en ook nie verwant aan enige teologiese fakulteit nie. **Hy en die mense wat sy siening versprei gebruik sy titel om die indruk te skep dat hy 'n geleerde is in teologie**, wat heeltemal onwaar is.

Dit is vir ons 'n voorbeeld van hoe die Antichris te werk gaan, en mense te gebruik om sy werk vir hom te doen. Johannes het al vir ons in sy briewe geskryf dat die Antichris toe alreeds aan die werk was, so iemand wat dit verwerp en hulle eie insigte gebruik om te leer dat die Antichris nog moet kom, verkondig 'n valse leer, en doen die Antichris se werk vir hom. ***“Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is. Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle.”*** (1Jn 4:1-5)

Ek lees net van 'n Ou Verbond en 'n Nuwe Verbond en dit is immers hoe die Bybel ingedeel is ook. Daar is 'n verbond waar diere geoffer was vir sonde vergifnis, en dan het Christus gekom om daardie verbond op Homself te neem en 'n verbond te vestig waar Hy vir al ons sonde betaal het. Lees maar die boek aan die Hebreërs, dit verduidelik die verbond in detail.

Hier volg sy uiteensetting. Hierdie siening is gebaseer op die werk van Darby en Scofield, wat die stigters van hierdie leer was.

DIE DISPENSASIES VAN GOD – IS JOU PERSPEKTIEF REG?

Prof. Johan Malan, Mosselbaai (Desember 2010)

In die menslike geskiedenis op aarde, vanaf Adam en Eva in die paradys, is daar 'n progressiewe openbaring van God en sy raadsplan deur die eeue heen, totdat tyd verby sal wees en die mens sy ewige bestemming bereik. In die raadsplan van God kan daar sewe duidelike dispensasies, of bedelings, onderskei word wat deur toenemende kennis van goed en kwaad gekenmerk word. Soos wat die dispensasies mekaar opvolg, kom daar groter duidelikheid oor die koninkryk van Christus wat by sy wederkoms in al sy heerlikheid en uitnemendheid geopenbaar sal word. Daar kom ook groter duidelikheid oor die opponerende koninkryk van die duisternis wat tydens die Antichris se bewind in al sy boosheid en verdorwenheid geopenbaar sal word.

Hoewel daar sekere tydlose beginsels is wat in al sewe die dispensasies dieselfde bly, soos bv. God se geregtigheid en sy verafskuwing van sonde, word daar ook in elke nuwe dispensasie nuwe beginsels gevestig. Hierdie verskille is soms só belangrik dat 'n gebruik wat in een dispensasie hoog aangeskrewe was, bv. die besnydenis in die Ou Testament, in die daaropvolgende kerkbedeling as 'n daad van die verloëning van Christus beskryf word. Paulus sê vir die wettiese Galasiërs: “Ek sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie” (Gal. 5:2).

Die sewe dispensasies in God se heilsplan vir die mens is die volgende:

1. DIE BEDELING VAN ONSKULD

Die heel eerste bedeling waarin Adam en Eva in die paradys was, was die bedeling van onskuld, omdat hulle geen kennis van goed en kwaad gehad het nie. Die Here het aan hulle sekere opdragte gegee, wat ook 'n verbod op die vrugte van die boom van die kennis van goed en kwaad ingesluit het. As hulle hiervan sou eet, sou hulle sekerlik sterwe (Gen. 2:17). Satan het vir Adam en Eva op 'n listige

wyse verlei om God se opdrag te oortree en van die boom se vrugte te eet (Gen. 3:1-5). Hierdeur het hulle nie net van die onderskeid tussen goed en kwaad bewus geword nie, maar self slagoffers van die kwaad geword. Omdat hulle teen God gerebelleer en na die duiwel geluister het, het hulle 'n sondige natuur gekry en geestelik gesterf. Hulle het ook fisies sterflike mense geword. Adam en Eva se sondige natuur is deur al hulle afstammeling geërf, daarom verwys ons na die sondige natuur waarmee ons gebore word, as ons erfsonde (Rom. 5:12). Hierdie toestand kan slegs deur 'n geestelike wedergeboorte verander word. Die bedeling van onskuld is deur die sondeval beëindig en Adam en Eva is uit die paradys verdryf.

2. DIE BEDELING VAN DIE GEWETE

Vir 'n lang tyd ná die sondeval, het die mens deur middel van die stem van sy gewete tussen goed en kwaad onderskei. Hy het geen ander voorskrifte gehad om na te volg nie. Kain het ten spyte van hierdie gewetenskennis steeds die sonde verkies en dit gedoen (Gen. 4:7-8). Daarteenoor het verskeie mense na aanleiding van hulle innerlike oortuigings geregtigheid nagestreef en ook getuienis ontvang dat hulle God behaag het. Die Here het Homself aan hierdie mense geopenbaar en selfs met hulle gepraat. Baie van hulle het predikers van geregtigheid geword wat die wil van God aan ander bekend gemaak het, bv. Abel, Henog en Noag. Gedurende hierdie bedeling het boosheid só intens en algemeen geraak dat God se toorn oor die hele mensdom ontvlam het. In die sondvloed het almal behalwe agt mense omgekóm.

3. DIE BEDELING VAN MENSLIKE REGERINGS NÁ DIE VLOED

Die Here het ná die vloed 'n verbond met Noag gesluit (Gen. 9:1-9), en daarna die leiers van familie-groepe of volke vir hulle besluite en die welsyn van hulle volgelinge verantwoordelik gehou. Volgens Romeine 13:1 is hierdie magte, of menslike regerings, deur God ingestel. In Genesis 10 is daar 'n lys afstammeling van Noag deur Sem, Gam en Jafet, wat almal familiehoofde en later hoofde van volke geword het. Wanneer hierdie regerings in afgodediens verval het, is hulle hierin deur die hele groep nagevolg. Abraham was ook 'n patriarg met 'n groot gevolg, maar hy het in God geglo en sy volgelinge geleer om God te dien. Die konsolidering van menslike magte het by die vestiging van die Babiloniese ryk tot 'n wêreldregering en uiterste vorm van rebellie teen die koninkryk van God gelei. Dit het die grondslag vir talle goddelose volksregerings en wêreldregerings gelê wat daarna gevolg het, maar ook die moontlikheid vir godvresende regerings ingehou.

4. DIE BEDELING VAN DIE WET

By Sinai het die bedeling van die wet aangebreek, waarin die onderskeid tussen goed en kwaad baie meer eksplisiet uitgespel is. God het nie net in die Tien Gebooe nie, maar ook deur 'n groot aantal verordeninge en insettinge, aan sy volk opdragte gegee oor wat hulle móés doen en nie toegelaat was om te doen nie. Sodoende moes Israel God se ryk én Satan se ryk beter leer ken. Ten spyte van ernstige waarskuwings het hulle herhaaldelik die afgode van die heidennasies rondom hulle aanbid omdat hulle innerlike motivering om die Here te dien, swak was. Hulle het hul harte verhard en geweier om hulle tot die Here te bekeer en sy wette te gehoorsaam (Jer. 5:3; 23:14; 44:5).

5. DIE BEDELING VAN GENADE (KERKBEDELING)

Die bedeling van genade word ook die kerkbedeling of die bedeling van die Heilige Gees genoem. Ná die kruisdood, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus, is die Heilige Gees uitgestort om mense te wederbaar en in die hele waarheid te lei. Omdat Hy hulle van sonde en geregtigheid oortuig, verkry hulle nou veel dieper insig in die onderskeid tussen goed en kwaad. Die goeie sluit 'n dieper kennis van God deur Jesus Christus in, soos in die boeke van die Nuwe Testament vervat. Die duiwel en sy werke word ook tot 'n groot mate in hierdie bedeling geopenbaar (Kol. 2:15). Ons weet veel meer van Satan, sy demone en hoe hulle te werk gaan om mense te verlei. Ons ken egter nog nie ten volle nie (1 Kor. 13:9) hoewel ons verligte oë van die verstand het (Ef. 1:18) om veel meer as in vorige dispensasies oor lig en duisternis te kan verstaan. Omdat die goddelike *agape*-liefde die grondbeginsel van ons lewe is, stel die Heilige Gees ons in staat om daarin gewortel en gegrond te wees, om saam met al die heiliges ten volle te kan begryp wat die breedte, lengte en diepte van

Christus se liefde is, sodat ons vervul kan word tot al die volheid van God (Ef. 3:16-19). Die Heilige Gees laat die hemelse lewe van Christus in ons gestalte aanneem. Ons moet daarin toeneem, sodat Christus meer kan word en ons minder (Joh. 3:30).

6. DIE BEDELING VAN DIE ANTICHRIS SE REGERING

Wanneer die teëhouer, naamlik die ware kerk as die tempel van die Heilige Gees, deur middel van die wegraping uit die weg geruim is, sal die Antichris geopenbaar word (2 Thess. 2:6-12). Hy sal deur die hele wêreld as godsdienstige en politieke leier aanvaar word (Op. 13:3-8). Dit sal 'n hele nuwe bedeling inlui waarin die hele mensdom deur die krag van die dwaling mislei sal word om die Antichris na te volg en te aanbid. Die kwaad sal dan tot sy volle ontplooiing kom en dit sal 'n tyd van ongekende demoniese aktiwiteit wees en Satan sal as die god van hierdie wêreld vereer word (Op. 12:12; 13:4; 2 Kor. 4:4). In teenstelling hiermee sal die kerk wat weggeraap is, met verheerlikte opstandingsliggame beklee word om die goeie ten volle te ken. Hulle sal Jesus Christus van aangesig tot aangesig sien en nooit weer van Hom geskei word nie (1 Thess. 4:16-17).

7. DIE BEDELING VAN DIE KONINKRYK

In die duisendjarige vrederyk sal die ware gelowiges van alle tye saam met Christus in sy koninkryk regeer (Op. 5:10; 20:6). As verheerlikte wesens sal hulle nie meer aan pyn, droefheid, ellende en die dood onderworpe wees nie, en ook nie meer deur ander vorms van onvolmaaktheid geteister en beperk word nie. Hulle kennis van God sal volmaak wees. In daardie tyd sal die geestelik herstelde Israel die lof van die Here oral verkondig, en die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seebodem oordek (Jes. 11:9). Die duiwel sal gebind wees (Op. 20:2-3) en die Here se vrede en geregtigheid sal oral op aarde heers. Harmonie en goeie orde sal ook in die natuur heers. Uiteindelik sal hierdie sewende bedeling opgevolg word deur die nóg beter orde van die ewige nuwe hemele en nuwe aarde.

8. WET EN GENADE

Ons bevind onself tans in die kerkbedeling, wat die bedeling van genade is. Hierdie bedeling is deur die soendood van Jesus aan die kruis moontlik gemaak en het begin op die dag toe die Heilige Gees uitgestort is om mense van sonde te oortuig, hulle te wederbaar, te vervul en in die hele waarheid te lei. Voor Christus se kruisdood het die wet nog gegeld en is mense beveel om die wet te onderhou. Daarna moes hulle egter vir redding na Christus kom en deur die Gees wandel as hulle teen sonde en die vlees wou oorwin. Die Here Jesus het al die offers en feeste van die Ou Testament vervul en sodoende 'n nuwe bedeling ingelui.

Dit is nodig dat ons 'n duidelike en volkome oorgang na die bedeling van die genade moet maak en nie die Ou Testamentiese wet en Christus se genade met mekaar sal probeer vermeng nie, want dan trek ons die mat onder onself uit. Paulus sê: "Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo" (Rom. 10:4). Ons word slegs deur geloof gered op grond van die genadewerk van die Here Jesus aan die kruis. Die Heilige Gees, en nie die wet nie, oortuig ons van sonde, geregtigheid en oordeel. Sonde word in die Nuwe Testament as die werke van die sondige vlees uitgespel, en sluit alles in wat van die geregtigheid van Christus afwyk. Ons opdrag is nie om aan die wet gelykvormig te word nie, maar aan die heiligheid van God soos deur Jesus Christus aan ons geopenbaar.

Indien ons op enige manier ons saligheid deur Ou Testamentiese wetsnakoming probeer aanvul, ongeag of dit die besnydenis, sabbatsonderhouding of wat ook al is, dan doen ons afbreuk aan Christus se genade en trek 'n streep deur ons redding. Baie van die Galasiërs het dit gedoen, en Paulus het hulle op die ernstige gevolge hiervan gewys: "Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval" (Gal. 5:4). Dit verwys na mense wat reeds deur genade gered was, maar wat daarna as gevolg van hulle wettisisme hulle redding ongedaan gemaak het.

Ons is ook nie ná ons redding ter wille van morele standaarde aan die wet onderhorig nie, maar wel aan die beginsels van God se genade: "Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie

onder die wet nie, maar onder die genade” (Rom. 6:14). Die wet maak van mense slawe van die sonde, want dit oortuig hulle net van sonde maar kan hulle nie daarvan verlos nie. Wanneer die Heilige Gees ons egter van sonde oortuig, lei Hy ons na die kruis waar ons volle verlossing daarvan kan kry.

Tydens wedergeboorte verkry ons die nuwe natuur van Christus wat op die beginsels van God se liefde en genade gebaseer is. As ons ‘n volle oorgawe aan die Here maak, vervul die Heilige Gees ons lewe en stort die liefde van Christus ryklik in ons harte uit (Rom. 5:5). Wanneer ons volgens die eise van Christus se liefde leef wat uit genade aan ons geskenk is, het ons die wet vervul: “Want dit: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Rom. 13:9).

Ons is trouens op ‘n baie hoër vlak as die wet, want die Heilige Gees oortuig ons van sondes wat nie eers deur die wet genoem word nie. Hy moedig ook Christelike deugde aan waarvan die wet geen melding maak nie, bv. evangelisering, gebed, vervulling met die Heilige Gees en geestelike weerbaarheid deur die gebruik van ‘n Bybelse wapenrusting. Die liefde van Christus wat uit genade aan ons geskenk is, het sy eie aard en beginsels wat ons leer en aanspoor om op ‘n baie hoër vlak van toewyding te leef as wat die wet van mense verwag het: “Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus” (Titus 2:11-13).

Die Nuwe Testamentiese grondwet, of lewensbeginsel, is die liefde van Christus. Hy het vir sy dissipels gesê: “‘n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê” (Joh. 13:34). Uit hierdie gebod vloei verskeie ander Nuwe Testamentiese gebooe of bevele, asook die Groot Opdrag om die hele wêreld te evangeliseer. Die wet van Christus moet nie met die Ou Testamentiese wet verwar word nie.

Waarom wil mense hierdie verhewe lewe wat binne die raamwerk van die Here Jesus se liefde onder die leiding van die Heilige Gees geleef word, na die skaduagtige gebruike van die wet verlaag? Daar was onder die Galasiërs gelowiges wat weer begin het om die Ou Testamentiese Sabbatte en sabbatsjare te vier. Paulus sê vir hulle: “Noudat julle God ken... hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? Julle neem dae en maande en tye en jare waar. Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het” (Gal. 4:9-11).

Waarom wil ons na die skaduwee van die wet terugkeer as ons die volle vervulling daarvan in die Nuwe Testament het? Daar was egter in die vroeë kerk Judaïseerders wat rondgegaan en verkondig het dat redding in die Naam van Jesus nie genoeg was nie – gelowiges moes ook die wet van Moses onderhou om saligheid te kon verkry. Kort nadat Paulus en Bárnabas in Handeling 13 afgesonder is om die heidene te evangeliseer, het Judaïseerders probeer om die juk van die wet op hierdie bekeerlinge te plaas. Dit het ook onder die dissipels tot ‘n twispunt gelei, en dit het volgens Handeling 15 na die eerste sinodesitting van die vroeë kerk in Jerusalem gelei. Die besluit op hierdie vergadering was dat die heidene nie onder die wet is nie omdat die Here hulle harte deur die geloof reinig op grond van sy genade (Hand. 15:8-11). Die heidene was nooit onder die wet nie – nie voor hulle redding nie en ook nie daarna nie.

Israel was wel onder die wet en hulle het vir eeue lank offers gebring, wat almal vervul is deur die slag van Christus as die Lam van God. Die Messias het vir hulle gedoen wat die wet nie kon doen nie, naamlik om hulle van sonde te verlos. Die wet het hulle in bewaring gehou en was vir hulle ‘n tugmeester na Christus toe. Ná hulle redding het hulle egter nie meer ‘n tugmeester nodig nie omdat hulle deur die Heilige Gees gelei word (Gal. 3:24-25).

Dit is van die allergrootste belang dat ons sal vasstaan in die vryheid waarmee Christus ons vrygekoop het, streng volgens die beginsels van sy goddelike liefde sal wandel, en onself nie onder die juk van diensbaarheid aan die wet sal bring nie. Ons moenie in die kerkbedeling onder die skadu

van die wet probeer leef en sodoende die beginsels van Christus se reddende genade ondermyn en deur wette probeer aanvul nie.

Wanneer ons die hoë morele standaard van die lewe in Christus oortree, dan bedroef ons die Heilige Gees. Die oplossing hiervoor is nie om na die wet terug te keer nie, maar om onself meer intiem met Christus te vereenselwig: “Beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie” (Rom. 13:14). Ons moet dus deur die Gees in die voetspore van Christus wandel sodat Hy volle gestalte in ons kan verkry – dan sal Hy ook vir ons die einde van die wet tot geregtigheid wees. Wanneer my hart deur sy liefde vervul is, het ek nie uiterlike wette nodig om my verhouding met God en ook my verhouding met ander mense te reël nie, want hy wat waarlik liefhet, het die wet vervul.

KONINKRYKSTEOLOGIE

Die bedeling van genade word egter nie net ondermyn en kragteloos gemaak deur dit met die bedeling van die wet te vermeng nie, maar daar is ook diegene wat ‘n valse karakter daaraan verleen deur dit met die toekomstige bedeling van die koninkryk van God op aarde te vermeng. Indien die toekomstige dispensasie van die koninkryk – dit is die duisendjarige vrederyk van Christus – nie duidelik van die huidige kerkdispensasie onderskei word nie, kan dit tot groot teologiese verwarring en verkeerde verwagtings lei. Wanneer hierdie twee bedelings saamgegooi word, lei dit na ‘n vorm van koninkryksteologie (Engels: *kingdomnow*) waarin tekens en wonders nagestreef word, asook transformasiebyeenkomste en mensgemaakte herlewings met die oog op die verwagte oornamen van die wêreld. Baie Christenleiers wil nou soos konings leef en groot magte beoefen.

Dit is totaal onmoontlik om nou reeds op aarde toestande soortgelyk aan die millennium te probeer skep. Slegs die Here Jesus kan die oorblyfsel van Israel én die nasies red, die duiwel in ‘n put laat bind, die troon van Dawid herstel en verseker dat vrede en harmonie op aarde heers. As ons bereid is om nou te ly en ons bediening te midde van groot teëstand te vervul, sal ons waardig wees om saam met Christus in sy geopenbaarde koninkryk te regeer (Rom. 8:17). Ons is nie nou konings wat regeer nie, maar soldate vir die kruis wat vreemdelinge en bywoners is in ‘n wêreld wat in die mag van die bose lê.

Dit is egter nie net misleiende mense wat voor die wederkoms van Christus ‘n groot en magtige koninkryk op aarde wil vestig nie – die duiwel is ook hard besig met soortgelyke planne. Hy weet baie goed dat Christus as Koning van die konings na die aarde sal terugkeer, sy vyande sal verdelg en dan ‘n wêreldwye koninkryk van geregtigheid sal vestig. Satan span op die oomblik al sy magte in om hierdie koninkryk voor te spring deur ‘n alternatiewe koninkryk aan die mens te bied. Volgens Openbaring 6 sal die Antichris as ‘n valse vredevoers op die toneel verskyn, met alle valse gelowe ‘n verbond sluit, sy vyande stelselmatig verdelg en ‘n wêreldwye koninkryk van Satan op aarde vestig.

Volgens die Bybel gaan dit inderdaad gebeur, daarom gaan daar ‘n kort maar baie duidelike bedeling van die Antichris se regering op aarde verloop tussen die kerkbedeling en die aanbreek van Christus se vrederyk. Die ware kerk is die teëhouer vir die openbaring van die Antichris. Paulus sê: “Net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is, en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak” (2 Thess. 2:7-8). Ná die wegraping gaan daar ‘n sewe jaar lange regering van die Antichris op aarde verloop, totdat die Here Jesus hierdie koninkryk tydens sy wederkoms sal verdelg en dan sy eie koninkryk van geregtigheid sal vestig.

Die planne en verwagtings van koninkryk-nou teoloë is dispensasioneel heeltemal buite orde. Deur hulle optrede ondermyn hulle nie alleen die beginsels van die genade-dispensasie nie, maar hulle tree in werklikheid op as wegbereiders vir die alternatiewe koninkryk van die Antichris. Die ekumeniese bande wat hulle smee, die sterk beklemtoning van tekens en wonders, hulle belangstelling in buite-Bybelse openbarings deur valse profete, asook die verloëning van die uniekheid en godheid van die Here Jesus, gaan alles deur die Antichris gebruik word om sy koninkryk op te bou. Hy sal só ‘n suksesvolle misleier wees dat min mense deur sy bedekte bedrog sal kan sien.

Johannes sê dat die hele wêreld verwonderd agter hom sal aangaan en hom ook as vredemaker en messias sal aanbid (Op. 13:3-4).

Wanneer die Antichris sy koninkryk op aarde vestig, sal hy ook deur middel van die wet én die koninkryksteologie die boodskap van die ware Christus se reddende genade ondermyn. Hy sal ortodokse Jode aanmoedig om volgens die wet te leef, die tempel in Jerusalem te herbou en weer hulle geloof te stel in diere-offers. Hierdeur sal hulle die eenmalige offer van Christus aan die kruis verwerp en sodoende die aanvaarding van 'n ander (valse) messias moontlik maak. Die Antichris sal verder ook die derde tempel gebruik om homself in die Allerheiligste tot God en koning te verklaar (2 Thess. 2:4). Israel én die nasies sal mislei word om met hom 'n verbond te sluit.

Die Antichris sal 'n magtige ryk op aarde vestig wat op valse vrede en eenheid gebaseer is. Hy sal eers in die middel van die verdrukking 'n militêre diktatuur instel wanneer opstande teen sy koninkryk uitbreek en 'n aanslag op sy lewe gemaak word. Op daardie tydstip sal hy homself tot God verklaar. Israel en baie lede van die nasies sal dan eers besef dat hy 'n valse messias is en hom gevolglik verwerp. Dit sal tot grootskaalse vervolging van Jode en Christene lei gedurende 'n groot verdrukking soos daar nog nooit op aarde was nie (Matt. 24:21).

Aan die einde van die 3½ jaar van groot verdrukking sal Christus terugkom, die antichristelike magte verdelg, die duiwel bind en dan sy duisendjarige vrederyk instel. Dit sal die sewende en laaste dispensasie in die raadsplan van God vir die mensdom wees. Aan die einde daarvan sal die eindoordeel plaasvind en 'n nuwe hemel en aarde geskep word. Dan sal die smal pad en breë pad elk sy finale bestemming bereik – die een in die nuwe Jerusalem en die ander een in die poel van vuur.

Ons is nou nog in die tyd van genade en kan deur geloof in Christus van die breë pad van sonde af na die smal pad van God se geregtigheid oorgeplaas word. Het jy al uit die duisternis van sonde oorgekom na sy wonderbare lig? Hierdie bedeling spoed na sy einde en ons het min tyd om ons saak met die Here reg te maak. Weldra sal die Here sy bruidsgemeente kom haal, dan sal die Antichris sy mag oor 'n ganse misleide wêreld uitbrei. In daardie tyd sal dit soveel moeiliker wees om 'n Christen te word en teen die magte van die duisternis staande te bly. “Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is” (Jes. 55:6).

Tot hier wat hulle oor hulself te sê het.

REPLIEK OOR DIE STANDPUNTE GENOEM- 'N PAAR GEDEELTES NET OM TE WYS DAT DAAR GEEN VERSKIL TUSSEN DIE JODE EN ONS AS CHRISTENE IS NIE.

WAAR VIND ONS DAT DIE MENSE DIE EERSTE KEER CHRISTENE GENOEM IS?

*“En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: **So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.** Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het, **het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochië sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen.** En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochië gekom het **en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer.** En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochië. Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring. **Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem.**”(Hand 11:18-26)*

Hand 13:14 “Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochië in Pisídië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit.”

Hand 13:42 “En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gesprek sou word. Hand 13:43 En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegesprek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly.”

Hand 14:1 “En op dieselfde wyse het **hulle in Ikónium in die sinagoge van die Jode ingegaan** en so gesprek dat ‘n groot menigte Jode sowel as Grieke gelowig geword het.”

Hand 16:1-3 “En hy het in Derbe en Listre aangekom; en daar was ‘n dissipel met die naam van Timótheüs, **seun van ‘n gelowige Joodse vrou, maar van ‘n Griekse vader**. Hy het goeie getuienis gehad van die broeders in Listre en Ikónium. **Paulus wou hê dat hy saam met hom op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was; want hulle het almal geweet dat sy vader ‘n Griek was.**”

Hand 17:1 “Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar ‘n sinagoge van die Jode was. Hand 17:2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gesprek uit die Skrifte Hand 17:3 en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus.”

Hand 17:10 “Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. **En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan.**”

Hand 17:16 “En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. Hand 17:17 **Hy het toe in die sinagoge met die Jode gesprek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom.**”

Hand 18:1 “En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. Hand 18:4 **En hy het elke sabbat in die sinagoge gesprek en Jode sowel as Grieke oortuig.**”

Hand 18:19 “En hy het in Éfese aan kom en hulle daar laat bly, **maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gesprek.**”

Hand 11:25 “Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. Hand 11:26 En hulle het ‘n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan ‘n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem.”

So indien Paulus dus ‘n geheimenis gehad het dat daar ‘n verskil tussen Israel en die Kerk (Christene) is en daar dus ‘n wegraping moet wees sodat Christus weer fisies die koning van die Jode moes word het hy mos sy tyd gemors om elke keer na die sinagoge toe te gaan en vir die Jode te probeer oortuig dat Jesus die Christus is. Hulle, die bekeerde Jode en Grieke, het dan reeds as Kerk(Christene) bekend gestaan in Paulus se tyd. Dit is ook hierdie selfde Jode wat Paulus gestenig het en gelos het vir dood (wat hy gelukkig nie was nie), en Barnabas na ‘n sinagoge in Cyprus geneem het en hom aan sy nek opgehang het en terwyl hy nog lewend was, en hom verbrand het. Om nou te probeer bewys dat die HERE weer vir Christus sal stuur om hierdie mense wat dieselfde stand as enige ander nie gelowige het, te kom red is waansinnigheid en in stryd met die gebeure in die Bybel. Meeste van die eerste Joodse bekeerlinge moes uit Jerusalem na die berge vlug voor die Jode en Saulus wat hulle gedood en vervolg het, en het toe so oorleef toe Jerusalem verwoes is in 70NC. Om die waarheid te sê, sowat 1 en ‘n half miljoen Jode is gedurende daardie tyd gedood met die verwoesting van die tempel en Jerusalem. Dit is wat Daniël juis in hoofstuk 9 na verwys het in vers 26: “**En ná die twee en sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word, (Jesus se kruisiging) maar sonder iets vir Hom; en die volk van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met ‘n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.**” Dit is wat met Jerusalem gebeur het. Die stad is verwoes deur ‘n vors wat gedurende Daniël se tyd nie ‘n vors was nie, die Romeine, en die oorstroming is ‘n term wat Daniël gebruik om baie soldate aan te dui. Verwys maar gerus na Daniël 11:22, 26 en 40 waar soldate na as ‘n vloed verwys word. Die eerste bekeerlinge het juis uit Jerusalem gevlug toe Saulus en die Jode vir Stephanus gekruisig het, en het die HERE so gesorg dat die eerste Christene oorleef het tydens die val van Jerusalem. Hulle het net gedoen wat Jesus hulle vertel het om te doen in Matteus 24. **“Wanneer julle dan die gruwel van die**

verwoesting, waarvan gesprek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.” (Mat 24:15-22)

Soos die val deur een persoon, Adam, veroorsaak is, so moes dit deur een persoon, Jesus Christus, weer voor betaal word sodat elkeen wat glo vrygespreek kan word. Een voorbeeld wat ons reg deur die Bybel kry, is dat die eerste, of menslike besluit, altyd verwerping bewerk het, terwyl die tweede altyd die Goddelike oplossing wys. Soos genoem het, die eerste Adam het die val bewerkstellig, en Christus as die tweede Adam, het die verlossing gebring. So sien ons dit tussen Kain en Abel, Ismael en Isak, Esau en Jacob, die eerste tablette met die wet wat slegs vir Israel was en waar selfs die tablette deur die HERE voorsien is, maar deur hulle verbreek is deur afgodery, en dus die tweede tablette wat vir ons almal sal geld. Ek wonder party dae wat op die eerste tablette gestaan het, en of daar 'n verskil was tussen die eerste wat die HERE voorsien het en die tweede waar die tablette deur Moses voorsien is. So is Saul ook as eerste koning gesalf en aangestel omdat Israel die HERE verwerp het en het hy ook verkeerd gedoen en is deur die HERE onttroon terwyl Dawid as tweede koning gesalf en aangestel is en wat vriend van die HERE was. Al die ander konings na Dawid is deur mense aangestel en nie een van die hulle is weer deur die HERE gesalf nie. So geld dit ook vir Israel en Kerk vandag, met Israel wat eersteling was en deur die HERE as Sy gesalfde volk en gemeente geleef het maar Christus verwerp het, en is ons as Kerk die volmaakte oplossing van die Vader daar gestel sodat elkeen wat glo in Christus, gered is en sal word. Die eerste geregtigheid was die onderhouding van die wet (*En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het Deut 6:25.*) en die tweede geregtigheid, Jesus Christus as verbondsoffer. *“Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. (Rom 10:3-5) Jer 23:6 “In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GERECHTIGHEID.”* Hoe het Jesus dit vir die Fariseërs gestel: ***“Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek.”*** (Mat 21:43-45)

Ek vind nêrens dat Jesus enige plek die besluit verander nie. So om nou te verkondig dat Jesus Sy besluit verander het, is van alle waarheid ontbloot. So Sy besluit staan nog steeds dat ***“Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.”*** Ons moet ook onthou dat die Hebreërs boek dit duidelik stel dat Jesus dieselfde is, gister, vandag en in die toekoms. So hierdie is een van die dispensasionele teologie se groot leuens.

“Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed

saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.”(Efes 2:11-22)

Weet jy so kan ek aangaan en aangaan oor hulle eiewyse stellings, maar ek het gevind dat wanneer 'n persoon deur die leerstellings beïnvloed is, dit haas onmoontlik is om hulle van standpunt te laat verander.

“Want deur trotse woorde vol onsin uit te spreek, verlok hulle deur begeerlikhede van die vlees en ongebondenheid die wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel. Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword. Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste.” (2Pe 2:18-20)

ADDENDUM 2 - DIE VERBOND VAN GERECHTIGHEID

'N NUWE TEOLOGIE BRING EK VIR JULLE

'n Nuwe teologie bring ek vir julle. 'n Eeu oue teologie van 'n verbond met Abraham, van Jesus en van geregtigheid. Dit mag dalk vir u soos 'n teenstrydigheid klink, maar ek wil graag die dilemma vir u verduidelik.

Ek het die afgelope twintig of meer jare spandeer om uit te vind wat die regte teologie is soos ek dit verstaan, en om uit te vind wat vir my die regte boodskap van hoop is wat die Bybel verkondig. Na 'n nood operasie en 'n latere opvolg operasie waartydens kanker gedefinieër is, moes ek seker maak dat ek my geloof bou op wat die boodskap van die Bybel is, en nie soos deurgegee deur verskillende Kerkverbande nie. Vandag 22 jaar later, weet ek nie wanneer hierdie kanker sal besluit om my lewe te eindig nie, en het ek noodgedwonge my vrae self beantwoord nadat ek by teoloë en ander kundiges gaan kers opsteek het maar nie antwoorde kon kry op baie van my vrae nie. Dit het my geneem van Calvinistiese gemeentes, na Pinksterkerke, Charismatiese kerke, huiskerke en alles tussen in. Party as lidmaat, ander as leraar na studies by verskillende instansies, en ander as besoeker, en nog ander na hulle webtuistes.

Die grootste redes wat ek gevind het waarom daar sovele verskille in genootskappe is, is omdat mense nie die verbond verstaan nie. Hulle weet nie hoe 'n verbond ontstaan nie en wat die effek daarvan op ons as Christene het nie. Toe die HERE die verbond met Abraham gesny het, vind ons dat dit die volgende behels het. *"Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken. Verder het Hy vir hom gesê: Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee. En hy sê: Here HERE, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem? En Hy antwoord hom: Neem vir My 'n driejaaroud vers en 'n driejaaroud bokooi en 'n driejaaroud ram en 'n tortelduif en 'n jong duif. En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie. Toe kom daar roofvoëls op die dooie diere af, maar Abram het hulle weggejaag. En toe die son wou ondergaan, val daar 'n diepe slaap op Abram, en kyk, skrik en groot duisternis het hom oorval. Daarop sê Hy vir Abram: Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vier honderd jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed. Maar jy sal na jou vaders gaan in vrede, jy sal in goeie ouderdom begrawe word. En die vierde geslag sal hierheen terugkom, want die ongeregtigheid van die Amoriete is tot nog toe nie vol nie. En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n rokende oond en vurige fakkel tussen dié stukke vleis deur. Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier: die Keniete en Kenissiete en Kadmoniete en Hetiete en Feresiete en Refaïete en Amoriete en Kanaäniete en Girgasiëte en Jebusiëte."* (Gen 15:5-21)

Dit is hoe 'n verbond gemaak is. Dit het behels dat jy 'n jong bees moes middeldeur sny en die kante teenoor mekaar lê wat dan gesimboliseer het dat indien enige party die verbond verbreek het, die ander party dit met die party wat ongehoorsaam was aan die verbond kon doen. Maar ons vind voordat dit kon plaasvind soos in Abram se tyd, was dat hy eers moes Nagmaal vier, en dit het hy met Melgisedek gedoen. So dit beteken dat daar moet bloed vloei om 'n verbond te sny.

Ek kan net hier in die begin noem dat ek meer as dertig jaar in die rekenaarbedryf as programmeerder/ontleder/konsultant deurgebring het wat my geleer het dat jy nie alles glo wat mense jou vertel nie, maar dat jy self oplossings vir probleme moet kry wat die probleem in jou eie verstaan bevredig het.

Ek glo aan 'n HERE wat Sy woord gestand hou. Aan 'n eeue ou verbond en belofte aan Abraham, die vervulling deur Jesus Christus wat vir ons die baan weg na 'n verbond van geregtigheid. Ek wil net hier byvoeg dat ons die verskil moet verstaan tussen 'n verbond en 'n testament. 'n Testament word eers geldig na die afsterwe van die testament maker, terwyl 'n verbond geldig is van die oomblik wat ek aan die behoeftes van die verbond voldoen, en bly dan geldig vir altyd. So 'n verbond kan ter enige tyd aangegaan word en bevat gewoonlik vereistes waaraan elkeen van die verbondsgenote aan moet voldoen, en is dan onmiddelik van krag, maar dit kan ook eensydig beëindig word sodra een party die voorwaardes van die verbond skaad of verbreek.

Die HERE het my op 'n tog deur die Ou Testament geneem en daarom sal u ook agterkom dat ek baie van die Ou Testament gebruik om standpunte mee te verduidelik, maar daar is 'n spesifieke rede daarvoor. Meeste kere wat Jesus met die mensegepraat het, en wat vir ons opgeteken is, het hy probeer verduidelik hoe die Koninkryk van God werk. Iets wat wel baie min van opgeteken is, is wat Jesus oor Homself gesê oor wat die profete en Moses oor Hom geleer het wanneer Hy en die dissipels alleen was. Tog vind ons in Lukas 24 drie gedeeltes, wat alles handel oor hierdie een waarheid wat ontsettend belangrik is, en waaruit ons baie kan leer.

Hier dan die drie gedeeltes: *"En sommige van die wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue ook gesê het; maar Hom het hulle nie gesien nie. En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie? En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het". (Luk 24:24-27). "En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle. Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn. En hulle sê vir mekaar: Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?" (Luk 24:30-32). "En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan. En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder." (Luk 24:44-47)*

Die volgende gedeeltes wat ek graag aanhaal is wat Paulus vir ons hieroor geskryf het, Die eerste kom uit 1 Korintiërs 10: *"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevallen gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodediens soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het." (1Kor 10:1-11)*

Die tweede gedeelte van Paulus kom uit 2 Korintiërs 3: *"Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie. Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid." (2Kor 3:12-17)*

Jesus het ook verklaar i s\Sy gelykenis van Lasarus en die ryk man dat die mense het Moses en die profete, so dit is al wat hulle nodig het om in Christus te glo.

So my hele standpunt is dat enige teologie slegs gebou kan word met die Ou Verbond as basis, en dan sal ons die skrywes van die Nuwe Testament en Nuwe Verbond verstaan. So dit help nie dat ons net die Nuwe Testament wil gebruik nie, want dan gaan ons blindelings in sonder om te verstaan waarom Jesus gekom het en wat Hy kom maak het. So kan ons maar kyk hoe die tabernakel gebou was deur Moses, want dit was 'n afbeelding van wat die HERE hom gewys het, en dan verstaan wat Jesus gedoen het deurdat hy deur die Hemelse tabernakel gegaan het soos opgeteken in Hebreërs. Dit gee dan ook vir ons die volgorde van wat ons moet doen om by die Vader uit te kom, want Jesus het reeds die pad vir ons gebaan, maar ons moet nogsteeds besluit of ons by Hom wil uitkom, en of ons net buite die tabernakel wil wees.

WAT BEHELST HIERDIE VERBOND?

Vir my moet ons begin by Abraham, die vader van alle gelowiges. Ons moet onthou Abraham het agt seuns gehad. Die oudste was Ismael, daarna Isak, en daarna nog ses seuns. *“En Abraham het weer ‘n vrou geneem met die naam van Ketúra. En sy het vir hom Simran en Joksan en Medan en Mídan en Jisbak en Suag gebaar”*. (Gen 25:1-2) Die Bybel leer ons oor een seun se toekoms waarmee die HERE 'n spesiale verbond mee gesluit het, die van Isak. ***“Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie tyd sal baar.”*** (Gen 17:21) Ismael en die ander seuns leer ons nie van in die Bybel nie, maar tog was hulle uit die nageslag van Abraham.

Behoort net Israel as nasie dan aan die HERE? Nee. *“Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van ‘n menigte van nasies word. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies. En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom. En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou. En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as ‘n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ‘n God wees. Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.”* (Gen 17:4-9)

In Efesiërs 2 leer ons die volgende: *“Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van geboorte wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ‘n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot ‘n woning van God in die Gees.”* (Ef 2:11-22)

In Genesis 14 leer ons ook van iemand anders. *“En Melgisédék, die koning van Salem, wat ‘n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.”* (Gen 14:18-20) So voor Isak was daar al ander nasies wat ook die HERE gedien het. Israel word vir ons as voorbeeld voorgehou soos in 1 Korintiërs 10 in die Bybel vir ons uitgelig word. *“Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.”* (1Kor 10:11)

Nou vind ons dat voor die hele verbond sny seremonie, iets anders gebeur het wat ek vlugtig aangeraak het, en dit was dat Agbram nagmaal gevier het saam met Melgisedek. *“En Melgisédek, die koning van Salem, wat ‘n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.”*(Gen 14:18-20) So selfs voor Isak was daar al ander nasies wat ook die HERE gedien het, en Israel is opgeteken vir ons as ‘n voorbeeld soos uitgelig in 1 Korintiërs 10 vers 11: *“Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.”*

Die eerste verbond met Abraham, is gevier met nagmaal tussen Abraham en Melgisedek, waar Melgisedek die wyn en die brood gebring het. Nou lees ons in Hebreërs die volgende: *“So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. Soos Hy ook op ‘n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smeking met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs— Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, ‘n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem ‘n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;”* (Heb 5:5-10)

Wat beteken dit? Melgisedek was ‘n priester van die HERE en deur die HERE self aangestel. Hy het nie uit ‘n stam gekom wat priesters was soos die Leviëte nie, om die waarheid te sê was hy nie eers enigsins aan Abraham verwant nie. Nou kom Jesus en word hy weer aangestel volgens die orde van Melgisedek, met ander woorde, deur die HERE self aangestel. Daarom ook dat Jesus weer die Nagmaal instel met brood en wyn, soos dit gevier is deur Abraham en Melgisedek. Verder was Melgisedek ook koning, en so word Jesus dus ook as koning van God se volk aangestel.

Maar wat is die verbond wat die Bybel van praat wat die HERE met Abraham aangegaan het? Kom ons kyk na ‘n opsomming van die verbond. Die eerste punt wat ek wil maak is dat daar voordele en nadele in ‘n verbond is. ‘n Verbond het altyd twee kante, die een kant leer ons wat sal gebeur indien ons by die verbond hou, en dan die anderkant wat sal gebeur indien ons dit nie doen nie. Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van Deuteronomium 30 vanaf vers 15: *“Ky, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met ‘n eed beloof het om dit aan hulle te gee.”* (Deu 30:15-20)

Die laaste gedeelte is vir my ontsettend belangrik. Ek moet kies om my kant van die verbond te hou, dan sal die HERE Sy kant hou. Die vermoë om te kies is al aan ons gegee in Genesis 3:22 *“Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken.”* Indien jou Bybel nie so sê nie, is dit omdat die vertalers dit verander het in die nuwe vertaling om by hulle dogma in te pas. En verder is dit die enigste vertaling wat dit so stel. Geen van die Engelse of ander vertalings stel dit soos dit in die nuwe verdwaling gestel is nie. Die mens het as deel van die sondeval die vermoë verkry om te weet wat is goed en wat is kwaad. So my hele lewe gaan dus oor keuses, keuses wat of goeie gevolge gaan hê, of wat kwade gevolge gaan hê.

Ons vind ook dat Dawid en Jonathan in ‘n verbondsverhouding was, en dat dit die rede was waarom Dawid tot en met sy dood na Mefiboset, Jonathan se seun gekyk en voor gesorg het soos sy eie kind. Wanneer ons oor hierdie verbond oplees vind ons dat hulle selfs hul klere omgeruil het, wat nog ‘n teken van ‘n verbond is. So alles wat jou verbond vennoot s’n was word joune, al alles wat joune was

word jou verbond vennoot s'n. Dit is hoekom ons Jesus se ewige lewe kan kry, en Hy al ons sondes aan die kruishout voor betaal het, want ons het verbondsvennote geword. Ons sien dit nogsteeds in vandag se lewens waar 'n vrou haar man se van aanneem en dat wat sy ookal doen, hy voor pa sal staan, want hulle het een geword. Daardie eenwording gebeur, en dit is waarom 'n vrou 'n maagd moet bly tot sy die dag trou, want dan sal daar bloed vloei wanneer hulle die huweliksverbond sny wanneer hulle gemeenskap het. So dit is gelyk aan die jong bees wat middeldeer gesny is in die dae van Abraham. Dit is ook die rede hoekom die HERE gevra het dat Abraham Isak moes offer en Hy toe 'n bok as tussenganger gestuur het, totdat Jesus self aan die kruis Sy bloed gestort het om die verbond mee te bevestig as 'n ewige verbond, en ons nagmaal moet vier wanneer ons deel van die verbond word. Nou vind ons dat baie van die vertalers nie die verbond verstaan het nie, en ook beloftes as verbonde vertaal het, aangesien die beloftes nie voldoen aan die vereistes van 'n verbond nie.

STAPPE VAN VERBOND

Nou, met die tweede punt wil ek graag kyk wat die stappe van 'n verbond is. Dit word volledig vir ons beskryf met die uittog van Israel uit Egipte na die land Kanaän. Dit is immers wat die HERE vir Abraham beloof het waar sy nageslag hulle sal vestig. Dit is dan ook my rigtingwyser vir vandag, aangesien ek ook in Kanaän wil uitkom. Die enigste verskil is Israel het die fisiese tog gemaak, terwyl ons vandag die geestelike tog kan meemaak om by ons Kanaän uit te kom. Dit is die plek wat die HERE vir my bestem het. Ek sal eers beskryf wat Israel moes doen, en dan volg wat dit vir ons as Nuwe Verbondsgenote moet doen en wat dit beteken.

Maar hoekom het die HERE hulle uit Egipte laat trek? *"En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken."* (Exo 2:23-25) *"En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte. Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriete en Feresiete en Hewiete en Jebusiete. En nou, kyk, die jammerklagte van die kinders van Israel het tot by My gekom. Ook het Ek die verdrukking gesien waarmee die Egiptenaars hulle verdruk."* (Eks 3:7-9)

Verder gee die HERE vir ons die rol van elkeen van die rolspelers in hierdie verhaal. *"En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees. Jy moet spreek alles wat Ek jou beveel, en jou broer Aäron moet met Farao spreek, sodat hy die kinders van Israel uit sy land laat uittrek. En Ék sal Farao se hart verhard en my tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig. Maar Farao sal na julle nie luister nie; en Ek sal my hand op Egipte lê en my leërskaer, my volk, die kinders van Israel, deur groot strafgerigte uit Egipteland uitlei. Dan sal die Egiptenaars weet dat Ek die HERE is, as Ek my hand oor Egipte uitstrek en die kinders van Israel tussen hulle uitlei. Moses en Aäron het toe gedoen soos die HERE hulle beveel het; so het hulle gedoen."* (Eks 7:1-6). So in die hele verhaal verteenwoordig Moses dus die HERE, Farao die Satan en Aäron die profeet en dus die spreekbuis van die HERE.

Nou kan ons kyk na wat Israel moes doen om uit Egipte te trek, en wat Moses vir hulle voorgeskryf het.

1. BESNYDENIS

o Verbond voor Christus: Besnydenis van die voorhuid. Dit moes hulle herinner dat hulle deel is van God se uitverkore volk. *"Verder het die HERE aan Moses en Aäron gesê: Dit is die insetting van die pasga: Géén uitlander mag daarvan eet nie. Maar elke slaaf wat 'n man met geld gekoop het, dié moet hy besny; dan kan hy daarvan eet. Geen vreemde inwoner of huurling mag daarvan eet nie. In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been*

daarvan breek nie. Die hele vergadering van Israel moet dit hou. En as 'n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos 'n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef". (Eks12:43-49) "As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat die HERE onse God julle beveel het? dan moet jy aan jou seun sê: Ons was slawe van Farao in Egipte; maar die HERE het ons deur 'n sterke hand uit Egipte uitgelei. En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het." (Deu 6:20-23)

o Verbond met Christus as Lam: Besnydenis van die hart. Alle mense word in Egipte gebore, 'n lewe sonder die HERE, 'n lewe waar ek onder die gesag van Satan(Farao) staan. Soos Israel moet ek uitroep na die HERE om my te bevry van Egipte. So my optrede moet verander. Ek moet besef dat ek niks kan doen om myself te red nie. Ek moet glo dat Jesus alles gedoen het om die verhouding tussen my en die Vader te herstel. Ek moet besef dat ek 'n sondaar is en dat ek verlore sal gaan as ek volhou om my eie lewe te lei. Ek moet tot bekering kom. Ek moet soos 'n kind van die HERE optree. Ek moet die liefde van die HERE volgens 1 Johannes 3 begin uitleef op aarde. My optrede moet die bewys wees dat ek kind van God is. Geen uitwendige besnydenis is nodig nie. Maleagi 3:18: "Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie". Jer 31:33: "Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees".

"En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. Maar hulle wie se hart agter die hart van hulle verfoeisels en hulle gruwels aan loop—hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek die Here HERE." (Eseg 11:19-21)

"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het". (Kol 2:9-12)

Wat sê Paulus oor ons as onbesnedenis na die vlees: "Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene, aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet." (Rom 3:29-31) maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God." (Rom 2:29)

2. BROOD

o Verbond voor Christus: Brood sonder suurdeeg moes geëet word. Suurdeeg was 'n teken dat jy opgepof was en dat jy sonde gehad het. So hulle brood moes wys dat daar nie sonde was nie. Ons vind die volgende skrif in Korintiërs: "Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid." (1 Kor 5:6-8)

o Verbond met Christus as Lam: Jesus is die brood van die lewe. Hy kon geen sonde hê nie, want Hy is ook God. "Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek

sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.”(Joh 6:49-51) “En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.” (Mat 26:26)

3. LAM SLAG

o Verbond voor Christus: Hulle moes ‘n lam slag en eet. “Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen ‘n lam neem volgens die families, ‘n lam vir ‘n huisgesin. Maar as ‘n huisgesin te klein is vir ‘n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken. Julle moet ‘n lam hê sonder gebrek, ‘n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.” (Exo 12:3-6)

o Verbond met Christus as Lam: “En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar ‘n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met sifers en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle ‘n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers”. (Open 5:6-10) Ek moet by die kruis van Jesus uitkom, waar ek besef wat dit beteken om te sterf. Dat Jesus vir ons gesterf het sodat ons kan lewe. Tot vandag toe voor ek enige vleis kan eet, moes die dier wat ek gaan eet sy lewe opgee sodat ek kan lewe, en dit is wat Jesus kom doen het. Hy het Sy lewe opgee sodat ek en jy Sy lewe kan kry, ‘n lewe waar die dood geen mag oor het nie. Selfs by Adam en Eva leer ons dat hulle vyeblare geneem het om hulle skuld mee te bedek, maar die HERE slag ‘n bok om vir hulle klere te maak om hulle naaktheid mee te bedek. Maar ook hier moes daar bloed vloei om vergifnis vir die sonde te bewerk.

4. BLOED VAN DIE LAM

o Verbond voor Christus: Hulle moes die bloed aan die deurposte smeer. Dit het beteken dat die dood by die huis verby gegaan het. “Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE. Maar die bloed sal vir julle ‘n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.” (Eks 12:12-13)

o Verbond met Christus as Lam: Ons moet onder die bloed van Jesus kom. “Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.” (Mat 26:27-28) So indien ek nagmaal gebruik sal die doodsengel my nie kan aanraak nie, en verkry ek die ewige lewe.

5. WAAR WAS DIE WET?

o Verbond voor Christus: Wet op kliptafels geskryf soos opgeskrywe in Eksodus 20. Moses beskryf die gevolge ook daarvan verder: “En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met ‘n eed beloof het. En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is. En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het.” (Deu 6:22-25) So hul geregtigheid was uit onderhouding van die wet.

o Verbond met Christus as Lam: Wet op die hart geskryf. Jer 31:33: “Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en

skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees." Die Hebreërs skrywer druk dit as volg uit: "Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees." (Heb 8:10) "Ky, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID". (Jer 23:5-6) So ons geregtigheid is Jesus as verlosser.

6. OP WIE WAS DIT VAN TOEPASSING?

o Verbond voor Christus: Beide Israel en buitelanders. "Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef." (Eks 12:49) "En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en kleinvee en beeste—'n groot hoeveelheid vee." So selfs in Moses se tyd was vreemdelinge deel van die verbondsvolk. Maar dit was ook die eerste gemeente op aarde. Moses gebruik hier die woord vergadering van Israel om na hulle te verwys. Wanneer ons die benaming van gemeente of vergadering van Israel na soek in die Ou Vertaling word dit 80 keer gebruik om na die kinders van die HERE te verwys. In die Engelse King James Version van die Bybel word die woord "congregation" 363 keer gebruik in 350 verse om na Israel as "congregation" of in Afrikaans gemeente, te verwys. Dit bevestig ook wat die HERE vir Abraham beloof het. "Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies".

o Verbond met Christus as Lam: Daar is geen verandering nie. Want dit is nie nodig nie. Daar was reeds vir ons voorsiening gemaak. Jesus het net dit kom volbring wat nodig was sodat Hy dit wat op Hom gewys het gedoen het en alle sonde op Hom kon neem en ons in die regte verhouding met die Vader geplaas. Dit geld vir elke persoon wat glo dat Jesus die Lam is, Israel en vreemdeling. Nou kan ons in die geregtigheid van Jesus lewe, want Hy is ons geregtigheid. Soos Jeremia dit stel: "In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID." Jer 33:16 Wanneer ons Sy geregtigheid besit dan kan ons met vrymoedigheid na die HERE gaan : "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word." Heb 4:16.

GEREGTIGHEID

Paulus beskryf Jesus se geregtigheid as volg: "Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding." (Rom 10:3-10)

Wanneer word ek dus deel van die Verbond met Christus as Lam? Met Nagmaal, soos in Israel se tyd met die pasga. So dit beteken ook dat geen onbesnedene mag deel hê aan die nagmaal nie, aangesien die nagmaal die bewys is dat ek my lewe prys gegee het, en 'n lewe kies wat ek in gehoorsaamheid aan die Vader sal leef.

Wat sê die Nuwe Testament daarvoor? Wanneer sal ek oorwin en hoe oorwin ons? "En hulle het hom(Satan) oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie". Openbaring 12 vers 11.

Wat is die ooreenkoms met die verbond voor Christus?

- Met die bloed van die Lam (Bloed aan die deurposte)
- Woord van hulle getuigenis (Besnyding)
- En hulle het tot die dood hulle lewe nie liefgehad nie. Ons moet ons kruis elke dag opneem en sterf aan ons eie wil. *“En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red”* (Luk 9:23-24)

So is dit met ons as kinders van die HERE. Ons almal word deel van die verbond wanneer ons besluit om Hom te volg en ons lewe neer te lê. Ons almal wat die Bybel ken volg Israel en die pad wat hulle moes neem tot in Kanaän, omdat dit die voorbeeld is wat vir ons opgeskrywe is en wat ons stap vir stap kan navolg. Dit is ook die land wat aan Abraham as 'n ewige besitting gegee is. Na ons dood gaan ons almal, al Abraham se nageslag, leer om die HERE te dien vir wie Hy is, en om eendag saam in die Nuwe Jerusalem te kan woon. *“En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.”* (Jes 2:3, Miga 4:2)

Dit is ook die eerste stap wat die Heilige Gees in elke persoon op aarde kom doen. *“Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.”* (Joh 16:7-11)

So alle persone het die vermoë om te kies aangesien die Bybel onomwonde bevestig dat die Heilige Gees gekom het om die wêreld te oortuig van sonde, en te leer wat geregtigheid is. So sal almal wat die lewe kies, gered word. *“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie”* (Joh 3:16-18) Ons moet dus glo dat Jesus die volmaakte offer vir sonde was, en dat ons slegs deur dit wat Hy gedoen het vir ons, die reg het om kinders van God genoem te word.

Indien u nie die HERE kies in hierdie lewe nie, so u glo nie dat die enigste weg na die Vader Jesus is nie, sal u skuldig staan by die wit troon oordeel. *“En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.”* (Open 20:5). *“En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.”* (Open 20:11-15)

Wat beteken Jesus se verbond van geregtigheid dus?

Die definisie wat ek daaraan wil gee is as volg:

Die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om in die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Dit kan ons slegs doen wanneer ons 'n oorfloed van die gawe van geregtigheid ontvang. En dit is wat Jesus kom doen het.

WATTER STAPPE VOLG DAN NA DIE VERBOND?

Ons moet uit Egipte trek, deur gedoop te word. Dit is waar die krag van Satan, in Israel se tyd, die Farao, gebreek word in jou lewe, en jy jou onder die heerskappy van die Vader plaas. Hier verlaat jy

die gebied waaroor die Satan heers, en hoof jy nie meer bakstene te maak om Satan se koninkryk uit te brei nie. Na die doop het die sonde nie meer mag oor jou nie. *“So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle julleself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?”* (Rom 6:11-16)

So dit is wat die doop vir ons beteken. Dat die mag van Satan en sy medewerkers gedood word in die doopwater, en ek uit die doopwater opstaan as ‘n nuwe skepsel, en is ek nie meer in Egipte waar ek aan Satan se ryk werk nie, maar dat ek nou onder die beskerming van die Vader staan wat dit moontlik gemaak het vir my om sonder sonde uit die doopwater te verrys.

Soos Israel moet ons ook die doping in die Heilige Gees ontvang. *“Daarop het die HERE neergedaal in die wolk en met hom gespreek; en Hy het van die Gees wat op hom was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie. Maar twee manne het in die laer agtergebly: die naam van die een was Eldad en die naam van die ander Medad; en die Gees het op hulle gerus—hulle het behoort by die wat opgeskrywe was, hoewel hulle nie na die tent uitgegaan het nie—en hulle het in die laer geprofeteer. Toe hardloop ‘n seun en vertel dit aan Moses en sê: Eldad en Medad profeteer in die laer. En Josua, die seun van Nun, die dienaar van Moses van sy jeug af, antwoord en sê: My heer Moses, belet hulle dit! Maar Moses sê vir hom: Ywer jy vir my? Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee!”* (Num 11:25-29)

Hoe het Jesus dit gestel: *“En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewendende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.”* (Joh 7:37-39)

By Sinai gaan ons tyd spandeer om die wet van die HERE in ons harte te ontvang. Hierdie is die leer gedeelte van ons lewe waar ons sal uitvind wat is reg en wat is verkeerd vir die HERE, en dit is wat ons plaaslike leraar moet doen. Dit is wat met Israel by Sinai gebeur het. Gedurende die tyd sal die HERE Homself openbaar vir wie Hy is. Hy sal vir ons bonatuurlik sorg soos vir Israel van ouds met brood en vleis, kwartels en manna. Dit is ook die plek waar die Heilige Gees ons sal onderrig. *“Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”* (Joh 14:25-26)

Sodra ons opleiding verby is, sal ons ‘n roeping ervaar om in Kanaan te gaan. Dit is die tyd wanneer ons oorgaan van die sesde dag na die sewende dag van die HERE, wanneer ons besef dat niks wat ons kan doen ooit sal maak dat ons in die Koninkryk van God sal kan ingaan nie, maar slegs geloof in Jesus Christus. Dit is waarvan ons in die Hebreërs boek lees in hoofstuk drie en vier: *“Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is. Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus; en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, bepaal Hy weer ‘n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie*

van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.” (Heb 4:1-11)

Onthou net dat 'n persoon nie moet wag om in die HERE se rus in te gaan nie, want elke dag is vandag. Ek kan nie uitstel en sê ek sal dit more doen nie, want die Bybel sê duidelik vandag as jy My stem hoor. Ons almal het 'n roeping, en dit is om mense dissipels te maak, om Jesus se beeld uit te straal. Sommige persone sal die oproep aanvaar en Kanaan ingaan, terwyl die res sal sterf in die woestyn. Dit is die verskil, die sesde dag is in die woestyn alhoewel jy gedoop is, maar die sewende dag is die rusdag en Kanaan, dit waar die HERE wil hê dat ek en jy moet ingaan. *“En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.”* (Mat 28:18-20)

Die meeste mense wat in Kanaan ingaan sal glo dat hulle 'n koning moet dien soos Israel. ('n Koning is iemand wat oor jou sal heers en mag 'n geestelike vader wees of selfs jou kerkverband.) Die eerste boek van Samuel doen verslag as volg: *“Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie. Soos al die werke wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander gode gedien het—so doen hulle ook met jou. Luister dan nou na hulle: jy moet hulle net ernstig waarsku en hulle die reg van die koning meedeel wat oor hulle sal regeer.”* (1Sa 8:7-9)

Meeste van die mense wat in Kanaan ingaan, sal sterf terwyl hulle hierdie koning dien, terwyl 'n oorblyfsel geroep sal word om in ballingskap te gaan. *“En aan hierdie volk moet jy sê: So spreek die HERE: Kyk, Ek hou julle die weg van die lewe voor én die weg van die dood: hy wat in hierdie stad bly, sal sterwe deur die swaard of die hongersnood of die pes; maar hy wat uitgaan en oorloop na die Chaldeërs wat julle beleër, sal lewe, en sy lewe sal vir hom 'n buit wees.”* (Jer 21:8-9)

BALLINGSKAP

Wat is dit dan met ballingskap? Kom ons kyk na 'n paar verse en verklarings oor ballingskap. Die eerste is die fisiese ballingskap. In die Bybelse tyd is die verloorder in 'n oorlog altyd in ballingskap weggevoer na die oorwinnaar se land toe. Die verloorder het al sy roerende bates verloor en moes die oorwinnaar se slaaf word. Wanneer iemand dus in ballingskap gegaan het, is sy hele huis se meubels, sy skoene, sy staf ensovoorts, na buite gedra en dan het die persoon vertrek. Al wat agter gebly het was sy huis. Wat is die betekenis vir ons vandag? Ek moet die oorlog teen die HERE verloor, sodat ek Sy slaaf kan word, en weggevoer kan word na Sy land, Sy Kanaän. Ek moet my hele vertroue in Hom plaas sodat ek soos 'n slaaf ten volle van Hom afhanklik moet wees vir dit wat ek moet doen en dit wat ek nodig het om te oorleef. Hy moet soos in die tye van ouds vir my sorg vir huisvesting en vir die daaglikse voedsel. Hy het duur betaal vir my, met Sy bloed. U sien Hy het die dood wat vir my bestem was, oorwin, maar dit het Sy lewe gekos. So vir my beteken dit dat ek fisies my lewe by die kruis moet gaan neerlê, en my onderdanig aan Hom stel, sodat Hy vir my kan sorg. So sal ek dan tot die besef kom dat alles wat ek het, en alles wat ek is, net genade is en van die HERE afkomstig is.

Die tweede gedeelte, oor ons geestelike ballingskap, kom uit Jeremia 48 vanaf vers 11 : *“Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie.”* Hierdie gedeelte het my vir maande gepla, aangesien ek dit regtig nie kon uitpluis nie. Wat die HERE egter hier vir ons wil leer, is dat ons die mense probeer beïndruk met hoe skoon ons is, maar sodra iemand aan ons karring, kom al die onreinheid skielik te voorskyn. Ek moet dus toelaat dat die HERE eers nadat ek Sy slaaf geword het, my van vat na vat sal skei van dit wat vuil is in my lewe. Indien ek dit nie doen nie, verander my geur aanhoudend aangesien ek die afsaksel se geur aanneem. Ek moet my dus self ledig van alles wat my lewe vuil maak en my besmet.

Hierdie skoonmaak proses is ook nie iets wat skielik kan plaasvind nie, aangesien ek tyd moet toelaat vir die afsaksel om weer op die bodem te gaan lê voordat ek weer afgegooi kan word. Dit is ook nie 'n proses wat op jou afgedwing word nie. Jy moet self besluit om deur hierdie proses te gaan om introspeksie te hou in jou lewe sodat alles wat nie reg is in jou lewe, verwyder kan word.

Daar was wel van die Israeliete wat gesê dat hulle in Jerusalem wou bly, want dit help nie om weg te hardloop nie, al was hulle beleër. Die antwoord wat die HERE vir hulle gehad het, was dat die wat in Jerusalem sou bly, sou sterf, of deur die hongersnood, of deur die pes, of deur die swaard. So as u wil weet of u in die groep val, is daar 'n paar vrae wat vir u 'n antwoord sal verskaf. Die eerste vraag is of u nog iets by u gemeente leer? Kan u 'n nuwe bekeerling leer aangaande al die vereistes wat daar is om te verseker dat hy 'n kind van die HERE is? Weet u presies wat die leerstelling van handoplegging behels, hoe dit gebruik moet word en of dit nog van pas is? Dit is wat gebeur wanneer ons tevrede raak met ons stand as Christene. Ons hou op om te leer, en sodoende sal ons sterf aan hongersnood. Wat het u die afgelope jaar geleer?

Die tweede vraag, en dit is die rede wat Jeremia vir die mense gee, is dat hulle sal sterf aan die pes. Hoe weet ek of ek die pes het? Die pes hier beteken vir ons dat ons verklaar dat ons groep alles reg doen en dat ons seker is dat almal wat aan ons groep behoort, die ewige lewe sal beërwe. U sien ons hou nie van introspeksie nie, want dit beteken dat ek die goed wat ek nie mee tevrede is in my lewe, weer in die oog moet kyk. Dit beteken ook dat ek die vraag moet vra of elke beginsel wat ek aan vashou, Bybels is. Hoeveel gewoontes en beginsels het u wat dalk nie in die Bybel gevind kan word nie? Ek besit ook die pes as ek verklaar dat die mense maar kan aangaan met al hulle waarskuwings en debatte, want hulle sal ook eendag "bykom". My lewe is mos heel goed, en ons moet ook nie 'n "te" by alles sit nie. Dit is die groep wat Jeremia verklaar sal sterf van die pes.

Die derde rede hoekom hulle sal sterf is deur die swaard. Wie is die groep dan? Dit is die groep wat besluit dat hulle nie in die eerste twee pas nie, en hulle dus onttrek van hulle gemeente en mede Christene. Hulle wil soos in Jeremia se tyd uit Jerusalem gaan en in die naburige dele gaan woon. Maar Esegïël het ook verklaar dat hulle sal sterf deur die swaard as hulle uit die stad uitgaan. Weet u ons kan nie sonder mede Christene klaar kom nie? Indien ons dit probeer doen is dit dan dat ons na die Bybel gryp en allerhande snaakse leerstellings mee kom, wat uiteindelik ons dood beteken. Die Woord van God is die swaard wat ons sal oordeel.

Dan is daar ook die mense wat aangedring het om na Egipte terug te keer. In die geskiedenis het hulle Jeremia saam met hulle terug geneem, maar weet u, hulle het nooit weer die geleentheid gekry om terug te keer na Jerusalem nie. *"Daarom, so sê die HERE van die leërskaar, die God van Israel: Kyk, Ek rig my aangesig teen julle ten kwade en om die hele Juda uit te roei. En Ek sal die oorblyfsel van Juda wegneem, wat hulle aangesig gerig het om na Egipteland te trek, om daar as vreemdelinge te vertoef; en hulle sal almal in Egipteland omkom. Deur die swaard sal hulle val, deur die hongersnood sal hulle verteer word, groot sowel as klein; deur die swaard en die hongersnood sal hulle sterwe; en hulle sal 'n voorwerp van verwensing, van verbasing en van vervloeking en smaad word. En Ek sal besoeking doen oor die wat in Egipteland woon, soos Ek besoeking gedoen het oor Jerusalem deur die swaard, die hongersnood en die pes; sodat daar geeneen sal wees wat ontvlug of vryraak vir die oorblyfsel van Juda wat in Egipteland gekom het om daar as vreemdelinge te vertoef nie, dat hulle kan teruggaan in die land Juda waar hulle siel na verlang om terug te gaan, om daar te woon; want hulle sal nie teruggaan behalwe enkele vlugteling nie."* (Jer 44:11-14) Die enkele vlugteling wat wel kon terugkeer was Jeremia en Barug se mense aangesien hulle gedwing was om na Egipte te gaan. Hulle is later deur Nebukadnézar na Babilon geneem toe hy Egipte beset het. So ek kan nie terugkeer na my vorige lewe van Egipte nie, want dan sal ek die tweede dood van Openbaring sterf. Dit is hoe ons dit in Hebreërs lees: *"Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak."* (Heb 6:4-6)

U sien die HERE vra ons om uit te kom onder die heerskappy van ons aardse "koning", of in ons geval ons gemeente of kerk groep, en dat ons nie moet vertrou op ons lidmaatskap van 'n gemeente om

sodoende die ewige lewe te beërf nie. Nee, ons moet ons losmaak van die gedagte dat lidmaatskap ons kan red, en ons skaar by die Kerk wat Jesus bou. U sien Hy is nie besig om 'n klomp bruide voor te berei nie, nee Hy wil een bruid hê, maar sy moet skoon en heilig voor Hom kan staan. Dit beteken nie dat ek my lidmaatskap van my gemeente moet opsê en nou kerkloos rond te loop nie. Nee, ek moet my vertrouwe alleen op die HERE stel, dit is wat gevra word. Verder word van ons verwag om soos 'n Daniël en sy vriende die regering tee te staan as hulle allerhande verkeerde norme op ons wil afdwing. Daniël het nie gehuiwer om in die openbaar te bid nie. Hy het geweet dat die aardse gesag nie die opperste gesag is nie, maar dat slegs die HERE enige gesag mag afdwing.

Die gelowiges van die groep verwag nie net herlewing nie, maar ware hervorming, of ballingskap. Wat is die verskil tussen die twee begrippe? Herlewing vir my beteken dat ek net moet gaan soek na dit wat lewe bring, en dit dan verkondig. Indien daar lewe was by iemand, sal dit weer die lewe laat vlam vat. Hervorming aan die ander kant beteken dat ek ontslae raak van dit wat nie van die HERE is nie, en 'n nuwe lewe begin. Dit is dan ook hoekom die HERE die term van ballingskap gebruik, want ek moet van my afsaksel geskei word.

Hoe weet ek dit is waar? Dieselfde vraag as die een in Jeremia word in Openbaring gevra. *"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie"*. (Open 18:4)

U sien as u nie in ballingskap gaan nie, is u besig met godsdien. En godsdien is dieselfde as hoerery, en dan is ons deel van die hoer van Openbaring 18. Ek weet ek wil, en ek is seker u wil, deel wees van die Bruid van Christus, daarom moet ek in ballingskap gaan.

Sodra die mense hulle tyd in ballingskap volbring het, sal hulle terugkeer na Jerusalem, die gelowiges, en die ware tempel van die HERE (die Kerk) herstel.

Dit dan 'n kort oorsig van die eeu oue verbond en wat dit vir ons vandag beteken. Dit is ook wat ek moes boekstaaf vir myself en die mense wat ek mee in verhouding staan. Ek het begin soek na my eerste operasie vir kanker, en het geëindig by dit wat vir my die sekerheid gegee het dat ek by die Vader en Jesus sal wees die dag wanneer hierdie siekte uiteindelik my lewe sal neem. Nou kan ek met vrymoedigheid elke dag lewe en weet dat die ewige dood geen mag oor my het nie.

Wat is die gevolge van die verbond op ons huidige teologiese standpunte?

GEVOLGE VAN DIE VERBOND VAN GERECHTIGHEID VIR ISRAEL

Wat dan van Israel as nasie vandag? Hulle moet ook deel word van die verbond wat met Jesus bekragtig is. Soos ons vroeër al gesien het moet alle mense deel word van die verbond. Die volk Israel van vandag en die land Israel van vandag het NIKS met die Bybel te doen nie. Jesus het self verklaar dat hulle verwerp is, omdat hulle Hom verwerp het. In Matteus kom die volgende gelykenis voor: *"Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang. Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig. Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak. Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien. Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem. En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak. Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen? Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee. Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En*

hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het." (Mat 21:33-46) Ek was eendag in gesprek met iemand oor die gedeelte en het ek seker die skreeu snaakste verduideliking gekry wat jy kan kry. Hy het aangevoer dat die koninkryk weggevat word van die Fariseers en aan die dissipels gegee word. Ek het nog al die tyd gedink hulle is dieselfde nasie, maar volgens sy verklaring is dit glo nie so nie. Die gelykenis is gebaseer op 'n profesie van Jesaja in hoofstuk vyf.

Lukas het weer 'n ander gedeelte opgeteken: *"En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geweene en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie."* (Luk 19:41-44)

Dit bewys weereens vir ons dat Israel en sy bewoners, en almal wat die Joodse geloof aanhang wêreldwyd, moet deel word van die verbond met Jesus, om die ewige lewe te beërf. Jesus is die weg en die lewe, Hy alleen. Dit is wat Paulus, Barnabas en al die Apostels verkondig het. Daar is nie 'n ander plan vir hulle nie.

Wanneer ons na die boek van Handeling kyk, vind ons dat beide Paulus en Barnabas, wat baie mense dink net die heidene bedien het, elke keer wanneer hulle in 'n gebied aangekom het na die Joodse sinagoge toe gegaan het om daar te leer.

Hier dan 'n verkorte lys van die gebeure:

- *Hand 13:14 "Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochië in Pisidië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit."*
- *Hand 13:42 "En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. Hand 13:43 En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Barnabas gevolg. Dié het hulle toegespreek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly."*
- *Hand 14:1 "En op dieselfde wyse het hulle in Ikónium in die sinagoge van die Jode ingegaan en so gespreek dat 'n groot menigte Jode sowel as Grieke gelowig geword het."*
- *Hand 17:1 "Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessalonika gekom, waar 'n sinagoge van die Jode was. Hand 17:2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte Hand 17:3 en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus."*
- *Hand 17:10 "Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. "*
- *Hand 17:16 "En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. Hand 17:17 Hy het toe in die sinagoge met die Jode gespreek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom. "*
- *Hand 18:1 "En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. Hand 18:4 En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig. "*
- *Hand 18:19 "En hy het in Éfese aankom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek."*
- *Hand 11:25 "Toe vertrek Barnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. Hand 11:26 En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem."*

So indien Paulus dus 'n geheimenis gehad het dat daar 'n verskil tussen Israel en die Kerk (Christene) is en daar dus 'n wegraping moet wees sodat Christus weer fisies die koning van die Jode moes word het hy mos sy tyd gemors om elke keer na die sinagoge toe te gaan en vir die Jode te probeer oortuig dat Jesus die Christus is. Hulle, die bekeerde Jode en Grieke, het dan reeds as Kerk(Christene) bekend gestaan in Paulus se tyd. Dit is ook hierdie selfde Jode wat Paulus gestenig het en gelos het vir dood, en Barnabas van 'n tempel in Cyprus geneem het en hom aan sy nek opgehang het en terwyl hy nog lewend was, hom verbrand het. Om nou te probeer bewys dat die HERE weer vir Christus sal stuur om hierdie mense wat dieselfde stand as enige ander nie gelowige het, te kom red is waansinnigheid en in stryd met die gebeure in die Bybel.

Wanneer ons na die Ou Verbond kyk, sien ons hoe die profete een na die ander vir Israel vertel dat die HERE hulle verwerp het. So vir die Israelvisie mense en die wat in die wegraping glo het ek ook 'n paar verse ingesluit.

Die verwerping van Israel kan gesien word in die volgende tekste:

- *Jer 6:30 "Hulle word genoem: Verworpe silwer; want die HERE het hulle verwerp."*
- *Jer 7:15 "En Ek sal julle van my aangesig wegwerp soos Ek al julle broers, die hele geslag van Efraim, weggewerp het."*
- *Jer 12:7 "Ek het my huis verlaat, Ek het my erfenis verwerp, Ek het die beminde van my siel in die hand van haar vyande gegee."*
- *Jer 15:6 "Jy het My verwerp, spreek die HERE, jy het ál agteruitgegaan; daarom strek Ek my hand teen jou uit en verwoes jou; Ek is moeg om berou te hê."*
- *Jer 30:12 "Want so sê die HERE: Jou verbreking is ongeneeslik, jou wond is smartlik."*
- *Jer 31:36-37 "As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk, spreek die HERE, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my aangesig vir altyd. (37) So sê die HERE: As die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle gedoen het, spreek die HERE."*
- *Ps 53:6 (vers 5 in ander tekste): "Dáár het skrik hulle oorweldig sonder dat daar skrik was; want God het die beendere verstrooi van hom wat jou beleër het; jy het hulle beskaamd gemaak, want God het hulle verwerp."*
- *Ps 78:58-59 "En hulle het Hom geterg deur hul hoogtes en deur hul gesnede beelde sy jaloersheid gewek. (59) God het dit gehoor en toornig geword, en Hy het Israel heeltemal verwerp."*
- *2 Kon 17:19-20 "Selfs Juda het die gebooie van die HERE hulle God nie gehou nie, maar gewandel in die insettinge van Israel wat hulle gemaak het. (20) Daarom het die HERE die hele geslag van Israel verwerp en hulle verneder en hulle in die hand van rowers oorgegee totdat Hy hulle van sy aangesig weggewerp het."*
- *2 Kon 23:27 "En die HERE het gesê: Ek sal Juda ook van my aangesig verwyder soos Ek Israel verwyder het; en Ek sal hierdie stad Jerusalem verwerp wat Ek verkies het, en die huis waarvan Ek gesê het: My Naam sal daar wees."*
- *2 Kron 7:19-20 "Maar as julle afkerig word en my insettinge en my gebooie wat Ek julle voorgehou het, verlaat en ander gode gaan dien en julle voor hulle neerbuig, (20) dan sal Ek hulle uitruk uit my land wat Ek aan hulle gegee het, en hierdie huis wat Ek vir my Naam geheilig het, sal Ek van my aangesig wegwerp en daarvan 'n spreekwoord en 'n spotlied maak onder al die volke."*
- *Hos 4:6 "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet."*

- Hos 9:17 *"My God sal hulle verwerp, omdat hulle na Hom nie geluister het nie, en hulle sal rondswerwe onder die nasies."*
- 1 Tess 2:14-16 *"Want julle, broeders, het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa, omdat julle ook dieselfde dinge gely het van julle eie stamgenote net soos hulle van die Jode [Judeërs], (15) wat ook die Here Jesus en hulle eie profete gedood en ons vervolg het en God nie behaag nie en teen alle mense gekant is, (16) deurdat hulle ons verhinder om tot die heidene te spreek dat hulle gered kan word, sodat hulle die maat van hulle sondes gedurig vol kan maak. Maar die toorn het oor hulle gekom tot die einde toe."*

So indien jy wil erken dat jy verseker deur die HERE verwerp is, gaan maar voort in jou dwaling.

Dan vir die wat glo dat die Jode eers gered moet word voor die einde van die tyd, die volgende. Wat word die Jode van vandag geleer oor Jesus. Ek het dit in Engels gelos sodat niemand my kan aanvat dat ek dit verkeerd vertaal het nie. Die kom direk uit die Talmud wat deur die Joodse geloof aanhang:

- *"* 'Yashu' (derogatory for 'Jesus') is in Hell being boiled in hot excrement." (Gittin 57a)*
- *['Yashu' is an acronym for the Jewish curse, 'May his (Jesus) name be wiped out forevermore.']*
- *Yashu (Jesus) was sexually immoral and worshipped a brick." (Sanhedrin 107b)*
- *"Yashu (Jesus) was cut off from the Jewish people for his wickedness and refused to repent." (Sotah 47a)*
- *"Miriam the hairdresser had sex with many men." (Shabbath 104b, Hebrew Edition only)*
- *"She who was the descendant of princes and governors (the virgin Mary) played the harlot with carpenters." (Sanhedrin 106a)*
- *"Christians who reject the Talmud will go to hell and be punished there for all generations." (Rosh Hashanah 17a)"*

Ek wil graag 'n voorbeeld gebruik wat vir u sal verduidelik waar ons as Christene inpas. Paulus skryf in Romeine die volgende: *"Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikël om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak. En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie! Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red! Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode? En as die eersteling heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook. En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou. Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees."* (Rom 11:11-20)

Ek glo elkeen van ons weet hoe 'n steggie by die onderstok in geënt word. Die steggie het geen wortels nie, maar dit is wat ons as die plant koop omdat dit die regte blom of in vrugtebome variëteit is. So die vrugte is wat ons koop, maar die onderstok van die roos of die vrugteboom is wat die kos verskaf aan die steggie. Dit is hoe ons as Christene by die onderstok ingeplant word, en Israel as die oorspronklike plant afgesny is. Die HERE is die onderstok en wortels. Maar sodra jy toelaat dat die oorspronklike onderstok weer takke uitstoot, gaan dit die ingeënte plant dood groei. So dit moet verwyder word. Dieselfde met ons as Christene. Die oomblik wanneer ons die Joodse onderstok geleentheid gee om te groei, gaan ons as Kerk sterwe. So kom weg van almal wat enigsins iets met die Joodse geloof van vandag te doen het. Dit geld ook vir die wat die Jode van vandag weer wil kans gee om op 'n ander manier deel te word van Jesus se volk. Daar is net een volk, en dit is die Kerk van

Jesus. Daar is nie plek vir tweedehandse Christene soos wat die wegrapers ons wil vertel ons is nie. Hulle sal nog leer dat hulle lering die van die antichris is.

GEVOLGE VAN DIE VERBOND VAN GERECHTIGHEID VIR CALVINISME

En wat van Calvyn se uitverkiesings leer? My persoonlike siening is dat sy leer aanklank vind by die persone wat filosofie verkies. Dan kan hulle baie filosofer oor die saak, en by allerhande slotsomme kom sonder om enigsins by die Bybelse antwoord uit te kom. En dan het Calvyn, soos sovele ander, die voorbeeld van Israel verwerp, want hulle is bang dat die HERE met hulle ook sal doen soos Hy met Israel gedoen het. Ek was eendag teenwoordig toe 'n dominee juis oor Israel as voorbeeld gepreek het, en is hy onmiddelik na die diens aangevat deur van die ouderlinge wat hom summier wou skors uit die gemeente omdat hy dit durf waag het om 'n parallel te trek tussen Israel en gelowiges. So Calvyn het sy hele filosofie en geloofstelsel gebou op slegs die Nuwe Testament en dele wat hy uit die Ou Testament kon gebruik om sy punt mee te bewys. Dit is wat gebeur as jy jou hele leerstellings bou op slegs die nuwe testament, soos die Katolieke, Luther met sy eie gesegdes en haat teenoor die Jode, en sommer 'n hele klomp ander bewegings ook. Onthou net dat beide Luther en Calvyn uit die Rooms Katolieke kerk gekom het, en slegs die gedeeltes van hulle standpunte verander het waarmee hulle nie saamgestem het nie. Die feit dat die apostels en dissipels net die Ou Verbond gehad het om met mense te deel en onderig, is blykbaar nie belangrik nie. Handeling 17 leer ons juis die volgende: *“Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne.(Hand 17:10-12).”* Ek neem aan die enigste skrifte wat hulle kon ondersoek was die wet en die profete. Wat Calvyn se leer nog verder negeer, is dat hy persoonlik nie juis aan Hebreërs se voorskrifte voldoen nie. Heb 13:7 *“Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.”* Calvyn se eie uitspraak is as volg: "Honour, glory, and riches shall be the reward of your pains; but above all, do not fail to rid the country of those scoundrels, who stir up the people to revolt against us. Such monsters should be exterminated, as I have exterminated Michael Servetus the Spaniard." Calvyn aanvaar hier dat hy moord gepleeg het, en ek wil sekerlik nie iemand volg wat 'n self verklaarde moordenaar is en ander aanmoedig om te moor nie. Jesus het ook oor hierdie mense gewaarsku. *“Hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat julle nie mag struikel nie. Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie. Maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat wanneer die uur kom, julle kan onthou dat Ek julle dit gesê het. Maar Ek het julle dit nie van die begin af gesê nie, omdat Ek saam met julle was”.* (Joh 16:1-4)

En dan wil hulle nie glo dat jy eers moet besef dat jy 'n verlosser nodig het voordat kan dink om jou lewe neer te lê by die kruis en deel te word van die verbond nie. Met die uittoeg uit Egipte het die HERE nie die kinders gestraf omdat hulle vaders nie in die beloofde land gegaan het nie. Nee, die Bybel stel dit so: Num 14:29 *“Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en daarbo, julle wat teen My gemurmureer het.”* So die kinders moet eers mondig wees voordat hulle uit Egipte kan trek en self verantwoordelikheid neem vir hulle lewe. Baba doop het geen invloed op jou lewe nie en bly jy in Egipte. Dit is hoekom die Calviniste so maklik swig vir versoekings, want hulle staan nog onder die koningskap van die Farao. En omdat hulle nog onder die heerskappy van die Farao staan maak hulle bakstene vir hom, en bou hulle sy ryk uit. Hulle is wel deel van die verbond, maar dit is een rede waarom hulle nog na die dood eers sal moet leer wie die HERE werklik is. *“En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërske, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie.”*(Zec 14:17-19) Hoekom die huttefees? Want dit is die fees wat Israel moes vier om hulle te herinner aan die uittoeg uit Egipte. *“Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE. Op die eerste dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle*

doen nie. Sewe dae lank moet julle aan die HERE 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees, en julle moet aan die HERE 'n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie. Dit is die feestyd van die HERE wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan die HERE 'n vuuroffer te bring: 'n brandoffer en spysoffer, 'n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe; behalwe die sabbatte van die HERE en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan die HERE gee. Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees. En julle moet dit as fees van die HERE sewe dae in die jaar vier. Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God.” (Lev 23:34-43)

Kinders wat nog nie mondig is nie moet die vader van die huis voor verantwoordelikheid doen by die HERE. *“Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles; maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal.” (Gal 4:1-2)*

'n Verdere probleem wat ek met Calvyn se standpunt het is dat Jesus nie vir alle mense gestref het nie, maar slegs vir die wat Hy uitverkies het. *“en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie;” (Joh 16:8-9)* Volgens die gedeelte is dit juis die eerste rede waarom die Heilige Gees gekom het, om die wêreld, nie net die sogenaamde “uitverkiestes”, te oortuig van sonde sodat niemand met die oordeelsdag kan kla dat hulle nie geweet het nie. So dit vir my negeer Calvyn se standpunt.

Dan wil ek ook net noem dat vanaf die 1983 vertaling van die Bybel, die teoloë en vertalers, wat ek aanneem meeste met 'n Calvinistiese agtergrond, die begrip van en die woord geregtigheid heeltemal afgewater het of soos in die 2008 vertaling heeltemal verwyder het. Die woord geregtigheid kom 322 keer voor in 305 verse in die 1953 vertaling, en slegs 40 keer voor in die 1983 vertaling.

Ek wil graag die Calviniste los met 'n gedeelte uit Esegïël wat ek graag wil hê hulle oor moet nadink, want dit strook nie met Calvyn se leringe nie. Ons moet ook onthou dat die HERE van die Ou Verbond nog dieselfde HERE is as die HERE van die Nuwe Verbond. *“Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liever daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie? Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe. Tog sê julle: Die weg van die Here is nie reg nie. Hoor tog, o huis van Israel! Is my weg nie reg nie? Is julle weë nie onreg nie? As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen, dan sterf hy ten gevolge daarvan; deur sy onreg wat hy gedoen het, sterf hy. En as die goddelose hom bekeer van sy goddeloosheid wat hy gedoen het, en reg en geregtigheid doen—hy sal sy siel in die lewe behou; hy het dit ingesien en hom bekeer van al sy oortredinge wat hy begaan het; hy sal sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie.” (Esg 18:23-28)*

Esegïël het ook die volgende opgeteken: *“As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered.” (Esg 33:8-9)*

En dit geld vir ALLE mense. In Korintiërs verklaar Paulus self die volgende oor Israel: *“Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle*

bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.”(1Ko 10:11-13)

GEVOLGE VAN DIE VERBOND VAN GERECHTIGHEID VIR DISPENSASIONELISME

Hierdie klomp mense probeer so hard om die Bybel by hulle geloof aan te pas dat hulle met baie snaakse voorbeelde kom, en dan ook uitsprake van Jesus verwerp. Aan die kruis het Jesus gesê “Dit is volbring”. Maar hulle glo dat Jesus weer fisies moet kom om Israel te herstel, nadat Jesus alreeds vir hulle vertel het toe Hy op aarde was dat Hy hulle koninkryk weg geneem het. Soos ek vroeër ook aangehaal het: “Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ‘n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir ‘n profeet gehou het”. Die gelykenis gaan nie verder om te kenne te gee dat die Jode weer herstel sal word nie. En ons moet onthou dat dit Jesus is wat aan die woord is, so Hy sou sekerlik dit vir hulle gesê het as dit so beplan was, want Hy is darem God en weet alles.

Dit is juis wat Israel in Jesus se tyd verwag het, hulle het ‘n fisiese koning verwag, en nou maak hierdie mense dieselfde fout deur ‘n fisiese koninkryk te verwag op aarde.

Ek wil graag ‘n gedeelte aanhaal van wat ‘n leraar van hierdie leer op hulle webtuiste gepubliseer het na aanleiding van hulle leerstellings. “Maar om bloot op grond van die feit dat Daniël 9 nie praat van 2000 jaar tussen twee verse nie, en dat Sagaria 9 nie praat van 2000 jaar tussen vers 9 en 10 nie, en dat Jesaja 9 nie praat van 2000 jaar en Miga 5 nie praat van 2000 jaar tussen verse 1 en 3 nie, maak sekerlik en gewis nog nie dat die twee dele van die profesie in een en dieselfde tyd moet afspeel nie. Die sleutel is DIE VERBORGENHEID”. Volgens hulle is iemand wat nie die gedeelte glo nie, die behoort glo nie aan die HERE nie, want ons verstaan mos glo nie die verborgenheid nie. Die feit dat Jesus en Paulus presies vir ons vertel wat die verborgenheid is, dat die evangelie aan die ganse mensdom verkondig sal word, is glo nie die verborgenheid nie. “waarvan ek ‘n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul, naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlijkheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlijkheid.” (Col 1:25-27)

En dan wil hulle ook nie glo dat Jesus die skeiding tussen Israel en Kerk afgebreek het nie. Maar die verbond bewys geheel en al dat alle mense wat deel van die verbond word, Sy volk is. Paulus verklaar dat dit die geheimenis is wat wat die profete nie van geweet het nie, soos ek hierbo aangehaal het. Ai tog, as hulle maar net die Bybel en Jesus se uitsprake wil glo. As hierdie mense net die Bybel se uitsprake as die enigste leeringe aanvaar, en nie die leerstellings van mense nie. Net om die gedeelte weer te bevestig is die volgende in Eksodus vir ons opgeteken: “Eks 12:49 “Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef. Eks 12:38 En ‘n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en kleinvee en beeste—’n groot hoeveelheid vee.” So selfs in Moses se tyd is nie-Jode ook as verbondsgenote gereken. Hierdie mense maak dieselfde fout as die Moslems, Mormone en sovele ander mense deur vas te hou aan die leerstellings van mense. Ek wil graag net weer herhaal wat Paulus gesê het en wat ek vroeër aangehaal het oor die Kerk en Israel: In Efesiërs 2 leer ons die volgende: “Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van geboorte wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. En Hy het die

evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees." (Eph 2:11-22)

